


2009:1

# MATIE LAND

# Kobus Meiring
het 'n droom

## InnovUS
makes technology matter

*Ook binne:*

- Taalsentrum is wêreldklas
- Weer NSTF-toekennings vir US
- Groot planne vir US Sokker!

READ *MATIELAND* IN ENGLISH AT WWW.MATIESALUMNI.NET

# Anna Basson

EIENDOMME • PROPERTIES

STELLENBOSCH

☎ 021 88 74 74 0
www.annabasson.co.za
info@annabasson.co.za

## STELLENBOSCH R6 950 000



Bedrooms 4 | Bathrooms 4 | Garages 2 **WEB 5884**

**De Zalze Winelands Golf Estate.** This property is presented with pride. Breathtaking views, top quality finishes and workmanship. Private pool. Security estate lifestyle.

## STELLENBOSCH R3 400 000



Bedrooms 3 | Bathrooms 3 | Garages 2 **WEB 5888**

**La Clémence.** This beautiful home offers many additional features that contribute to stylish and comfortable living within a secure retirement village.

## ROZENDAL POA



Bedrooms 6 | Bathrooms 4 | Garages 3 **WEB 5797**

**Smallholding 5.5 ha.** Own this bird sanctuary on the edge of Stellenbosch. Views towards Stellenbosch mountains and Die Pieke. Architectural designed thatched home.

## STELLENBOSCH R2 750 000



Slaapkamers 3 | Badkamers 2 | Motorhuise 2 **WEB 5860**

**Die Boord.** Uitstekkende ligging naby skole. Goed ontwerpte gesinswoning met heerlike kuierstoep. Buitekamergeriewe. Pragtige tuin.

## STELLENBOSCH R2 650 000



Slaapkamers 4 | Badkamers 3 | Motorhuise 2 **WEB 5782**

**Rozendal.** Noordfront familiewoning naby skole in 'n rustige buurt. Hierdie eiendom is in 'n goeie toestand en bied uitstekende waarde.

## STELLENBOSCH R1 480 000



Bedrooms 3 | Bathrooms 2 | Garages 1 **WEB 5890**

**Welgevonden.** Neat townhouse in quiet cul de sac with a pleasant ambience and enchanting private garden.

## STELLENBOSCH R4 750 000



Slaapkamers 5 | Badkamers 4 | Motorhuise 3 **WEB 5831**

**Dalsig.** Ruim en goedversorgde eiendom naby skole. Luukse leef- en onthaalareas met swembad. Volop parkering.


## STELLENBOSCH R3 200 000



Bedrooms 3 | Bathrooms 2 | Garages 1 **WEB 5865**

**Middebosch. Sole Mandate.** Very seldom in the market! Excellent maintained security complex in Dorp Street. Walking distance to town centre

## STELLENBOSCH from R1 400 000



Plots for sale. Excellent security estate development.

**Longlands Country Estate.** Tranquil country living with all conveniences close by. 270° Views of Stellenbosch and surrounding mountains, with False Bay in the distance.

## STELLENBOSCH R1 400 000



Slaapkamers 2 | Badkamers 1 | Parkering 1 **WEB 5135**

**Leiwater.** Netjiese noordfront woonstel met balkon en sekuriteitsparkering. Digby Coetzenburg. Stapafstand van kampus en middedorp.

## WOONSTELLE - KEURKOPE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Simonsplein | Bachelors | 47m² | R1 275 000 |
| Moltenopark | 1 Bedr | 58m² | R880 000 |
| Vredehof | 1 Bedr | 70m² | R1 240 000 |
| East Lynne | 1 Bedr | 64m² | R1 485 000 |
| La Belle Vie | 2 Bedr | 66m² | R975 000 |
| Nouveau | 2 Bedr | 78m² | R999 000 |
| Twee Pieke | 2 Bedr | 84m² | R1 335 500 |
| Merriman Square | 2 Bedr | 48m² | R1 495 000 |
| Jan Cats | 2 Bedr | 63m² | R1 750 000 |
| Christellahof | 2 Bedr | 101m² | R2 400 000 |
| Le Coetzenbourg | 2 Bedr | 82m² | R2 450 000 |
| Oude Hoek | 2 Bedr | 100m² | R4 800 000 |

## VERHURINGS

**Kontak ons VERHURINGSAFDELING by:**

**021 887 5119**
**083 519 3824**
**rentals@annabasson.co.za**

LEEF STELLENBOSCH LIVE STELLENBOSCH






Foto: Eike Stadnuus

39 Vreugde! Jaco Nepgen, Dabeon Draghoender, Donald Stevens en André Crausaz vier die Maties se Varsity Cup sukses!



OP DIE VOORBLAD:

Kobus Meiring het 'n droom. Lees meer op bl 10.

Kobus Meiring has a dream. Read the article on pg 10. An English translation is available at www.matiesalumni.net

Foto/Photo. Anton Jordaan, SSFD

# inhoud contents


REDAKSIONEEL EDITORIAL 1

BRIEWE LETTERS 3

BROKKIES SNIPPETS 6

## artikels articles

Kobus droom van stilte 10

InnovUS - making technology matter 12

US Taalsentrum is wêreldklas 14

Eoan-groep se geskiedenis word by US bewaar 16

Argieffoto's nou aanlyn te koop 16

US wen weer drie NSTF-toekennings 17

Navorsingsbrokkies 18

## fakulteite faculties

Leaving a scientific footprint in Africa 20

New TB Research Partnership 20

Worcester kry Landelike Opleidingskool 21

Maties se nuwe waterwyser 22

Teologie kyk vorentoe en terug 23

Prof Opara brings vast experience back to Africa 24

Ma, ek wil Plantpatologie swot 25

Researcher gets presidential acclaim 26

Rekeningkunde rol moue op met Thuthuka 27

Research Chair to play pivotal role in 'new' Property Law 28

## allerlei miscellaneous

Woordfees lag-lag sterker as ooit 29

Stellenbosch werk vir 'n groen kampus 30

Canticum Novum is vanjaar vyftig jaar jonk 31

Modes, mullets en misoeste 32

MATIES ALUMNI 34

KONVOKASIE CONVOCATION 36

SPORT 38

IN MEMORIAM 42

AGTERBLAD 44



# **redakteurs**brief



Pokkel en die vyfjarige Coena Basson, reeds 'n groot Matie-ondersteuner!

## Beste MatiesAlumni

In hul opmars na die Varsity Cup kroon, het die Maties 'n geheime wapen gehad. Pokkel, die eerste rugbyspan se gelukbringer, is na jare terug in Matieland.

By elke wedstryd was hy langs die veld. Of dit nou was om die manne in maroen aan te moedig of om die *chearleaders* te inspireer, Pokkel was daar. En natuurlik om so nou en dan 'n handjie, ek bedoel pootjie, by te sit. Hy is selfs by geleentheid deur wedstrydbeamptes weggelei nadat hy 'n Tukkie so effens verhinder het om 'n bal te speel.

Dié eekhoring het houding!

Met elke wedstryd het die aantal ondersteuners gegroei - in so mate dat die eindstryd in 'n Danie Cravenstadion gespeel is wat nie plek vir 'n muis of eekhoring gehad het nie, behalwe natuurlik Pokkel. Voeg daarby die mees perfekte sonsondergang denkbaar, om die Pukke te klop, om die Maties se Me Varsity Cup as die algehele wenner gekroon te sien én om vir Kurt Darren daar te hê om self sy Varsity Cup-treffer, 'Kaptein, span die seile' te kom sing. Onvergeetlik.

My Varsity Cup-hoogtepunt het egter onder die pawiljoen plaasgevind. Tussen derduisende studente deur probeer ek heelhuids uit die stadion kom. En dis toe dat ek agter my hoor hoe twee vrouestudente 'Kaptein, span die seile' kliphard sing. Duidelik hoorbaar was dat hulle albei Engelssprekend was. Pragtig!

### Innovasie vir die 21ste eeu

Jou universiteit gee die pas aan as dit by innovasie kom. In hierdie uitgawe kyk ons na die baanbrekerswerk wat oudstudent Kobus Meiring doen wat betref die ontwikkeling van Suid-Afrika se eerste elektriese motor, die Joule.

Daarmee saam is InnovUS, die Universiteit se tegnologie oordrag maatskappy, vanjaar tien jaar oud en word dit gereken as die voorloper onder Suid-Afrikaanse universiteite. Lees meer oor dié dinamiese maatskappy van die US op bl 12.

### Internet met skop

Jou universiteit gee ook die pas aan as dit by universiteite se benutting van die Internet kom.

Onlangs is die Universiteit se nuusblaaie herontwerp op "blog"-tegnologie wat deelname op 'n baie groter skaal moontlik maak. Jy kan nou US-nuus op jou voorstoep kry deur in te teken op sogenaamde RSS-voere op die US nuusbladsy (by blogs.sun.ac.za/nuus). Meer nog, jy kan nou kommentaar lewer op artikels ook!

Ook in terme van sosiale media, het die Universiteit se webspan oor die afgelope paar maande gewoeker. *Twitter*-entoesiaste kan die US se *tweets* volg by http://twitter.com/StellenboschUni. As jy egter 'n toegewyde *Facebooker* is, sal jy die Universiteit se aanhangerblad kry deur 'n soektog te doen vir "Stellenbosch University". Op Facebook sal jy *Matieland* ook kry. Kom lug gerus jou mening oor die tydskrif (soek vir "Matieland tydskrif").

Les bes, op Facebook kan jy ook 'n vriend van Pokkel word! Gaan soek hom by "Pokkel S Quirrel".



### *Matieland* se toekoms

Baie dankie vir die talle briewe, e-posse en fakse oor *Matieland* se voortbestaan. Die goeie nuus is dat ons die status quo handhaaf. Wat ons wel gaan doen, is om binnekort 'n veldtog te loods om seker te maak dat *Matieland* by die regte adresse uitkom, en dat ons dit gaan oorweeg om die tydskrif in elektroniese formaat beskikbaar te stel vir diegene wat dit so verkies.

### Jou vakansieplanne

Het jy al planne vir Desember? Die heel eerste 'Boschfees vir alumni word van 8-11 Desember gehou. Sien bl. 37 vir meer inligting.

Sien jou in Desember!

Groete

Martin Viljoen

Ns. 'n Mini-weergawe van Pokkel is by die Matiewinkel te koop! Skakel 021 886 8853.


Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis.

**REDAKTEUR**
Martin Viljoen

**REDAKSIEKANTOOR**
Kommunikasie en Skakeling
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak XI
Matieland 7602
Tel (021) 808 4921
Faks (021) 808 3800,
E-pos: media@sun.ac.za

**SIRKULASIE**
Malena Fourie
Stellenbosch Stigting
Privaat Sak XI
Matieland 7602
Tel. (021) 808 4843
Faks (021) 808 3026
E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 52 01:2009
ISSN 0025 5947

**ONTWERP EN UITLEG**
Out of the Blue Creative Communication Solutions
Tel. (021) 947 3508
www.outoftheblue.co.za

**DRUK**
Paarl Print

*Matieland* is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

**EDITOR**
Martin Viljoen

**EDITORIAL OFFICE**
Communication and Liaison
Private Bag XI
Stellenbosch University
Matieland 7602
Tel (021) 808 4921
Fax (021) 808 3800
E-mail: media@sun.ac.za

**CIRCULATION**
Malena Fourie
Stellenbosch Foundation
Private Bag XI
Matieland 7602
Tel (021) 808-4843
Fax (021) 808-3026
E-mail: alumni@sun.ac.za

Published since 1957
Year 52 01:2009
ISSN 0025 5947

**DESIGN AND LAYOUT**
Out of the Blue Creative Communication Solutions
Tel. (021) 947 3508
www.outoftheblue.co.za

**PRINTING**
Paarl Print



Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

# brieweletters



## DIE OUDSTE MATIE-BAADJIE WAT NOG GEDRA WORD?

Ingrid Retief, Pretoria



Ons was baie verras toe ons oupa, Murray Retief, op sy 96ste verjaardag op 14 Februarie vanjaar, sy verskyning maak in sy gestreepte Matiebaadjie wat in 1932 gekoop was! En: lyk hy nie "handsome" nie? Die baadjie is dus nou 77 jaar oud.

George Murray Retief is in 1913 in Malawi gebore as die seun van ds Kotie Retief wat vir baie jare sendeling in Malawi was. Hy was vanaf 1932 tot 1935 'n Matie, 'n inwoner van Dagbreek en daarna by tannie Tillie Murray. Is hy nie dalk tans die oudste oud-Dagbreker nie?

Aanvanklik het hy ingeskryf as Teologie-student maar het later oorgeskakel na BA met Volkekunde.

Hy het na baie jare van diens afgetree by die destydse Sentraal-Transvaalse Administrasieraad.

Oupa Murray vertel kostelike staaltjies uit sy studente-jare:

Met een intervarsity het die Maties per trein na Kaapstad gereis vir die wedstryd teen Ikeys. Sewe studente het egter tuisgebly waaronder 'n sekere Teologie-student omdat hy geglo het dat die wedstryd sonde was!

Oupa Murray het voor een vakansie 'n Griekse toets gedop. Die proffie is die klas toe genadig en sê hulle kan die toets oorskryf op die eerste dag van die nuwe kwartaal. Die jonge Murray bly toe vir die vakansie in Dagbreek om te swot. Dit reën toe vir die volle drie weke van die vakansie. Murray het toe die toets met bykans volpunte geslaag. Tot vandag toe kan hy amper nog die Grieks vir daardie toets opsê!

Murray en Tokkie Retief, nou albei 91, woon in Ruimtesig Aftreeoord in Pretoria. Hulle is nou 65 jaar getroud en het drie getroude kinders, nege kleinkinders en vyf agter-kleinkinders wat BAIE trots is op hul oupa en ouma!

Hoe kies mens tussen so baie briewe?! *Matieland* erken ontvangs van Zelma Roos, Chris Vos, Jan du Preez, Adrienne Warricker, PW en Renée van Wyk, Natasha en Sybrand van Reede van Oudtshoorn (dankie vir die kompliment), Ian Sutherland (dankie vir die gelukwense), Sonneke Lategan, Adriaan Lewis, Jan Theron, Jolette Roodt, Daan Spamer en Johann Nel wat almal menings oor 'n elektroniese *Matieland* al dan nie gehad het.

*Matieland* neem ook kennis van 'n opvolgbrief van me Adèle Steyn en vra om verskoning dat haar van in die vorige uitgawe verkeerd gespel is. In plaas van 'n massa-soen, stel sy voor dat studente eerder van koshuis toe koshuis moet hande vat en dan die Nasionale Lied in verskillende tale saamsing.

Me Marica Maas van Bloemfontein maak ook in 'n brief beswaar teen die massa-soenery. Mnr Hennie Verhoef lewer in sy brief kommentaar op die voorbladfoto van die vorige uitgawe. Die brief is van 'n persoonlike aard, maar ons neem kennis, Hennie!

## Twee wenbriewe



Daar is twee wenbriewe! Ingrid Retief van Pretoria kan die pos dophou vir 'n Matie messestel met die komplimente van die Matiewinkel.

Skakel Linda Meyer by tel 021 886 8853 of stuur epos na matiewinkel@adept.co.za vir meer inligting (en oor die alumni-das wat nou weer in voorraad is).




Marina Joubert van Johannesburg wen twee boeke vir haar brief. Die boeke, *Ons Ongehoorde Soort: Beskouings oor die werk van Antjie Krog* deur Louise Viljoen en *Van Volksmoeder tot Fokofpolisiekar – Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*, saamgestel deur Albert M Grundlingh en Siegfried Huigen, is met die komplimente van AFRICAN SUN MeDIA, geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialis-verskaffer van uitgewers- en drukdienste vir hoër onderwys en die privaatsektor.

Kontak Justa Niemand by tel 021 808 2401, of per e-pos by africansunmedia@sun.ac.za of sien www.africansunmedia.co.za en die webwinkel by www.sun-e-shop.co.za.

SUN MeDIA STELLENBOSCH



## NEE, VIR *MATIELAND* OP 'N REKENAARSKERM

Marina Joubert, Johannesburg

*Matieland* bring gereeld 'n stukkie Stellenbosch in ons huise in hier waar ek, soos baie ander oud-Maties, uit die Noorde verlang na Die Bos. Ek skeur *Matieland* uit sy plastiekjas en maak my tuis op 'n rusbank met 'n koppie rooibos en beleef en herleef alles wat op Stellenbosch gebeur. Die leeservaring is 'n lekker mengsel van nostalgie, verlange, trots en soms ook hartseer.

Ag nee wat, e-pos sal glad nie werk nie. Meeste van ons werk reeds heeldag voor skerms, ek wil nie nog so ontspan ook nie!




## Stuur só jou brief

*Matieland* verwelkom briewe van oudstudente – veral as dit minder as 200 woorde is! Skryf aan: Die Redakteur: *Matieland*, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Briewe kan ook gefaks word na 021 808 3800 of per e-pos gestuur word na media@sun.ac.za

## HIER IS MÝ VICTORIASTRAAT-STORIE Mikael Grut, Londen




Van 1954-56 het ek bosbou aan die Universiteit Stellenbosch geloop. Die bosbougebou, 'n wit Victoriaanse gebou, was destyds in Victoriastraat geleë.


Die professore was CL Wicht en GLF Hartwig en deur die dosente PC de Villiers en Williams bygestaan. Duits of Frans was destyds verpligte vakke vir bosboustudente, want baie van die bosbouwetenskaplike vak-literatuur was in hierdie tale. Ek het Frans gekies. Die professor se naam was Francken. Sy pa was een van die Hollanders wat in die ou dae in die diens van President Kruger was.

Ons het na al sy stories geluister, bv oor die ou dae in die Zuid-Afrikaansche Republiek of oor die twee groot Suid-Afrikaanse skrywers Uys Krige (sy oudstudent) en Roy Campbell wat hy in Suid-Frankryk in omtrent 1930 ontmoet het toe Uys daar professionele rugby vir Marseille gespeel het. Langs die Bosbougebou en die gebou waar tale gedoseer is, was die Dramafakulteit wie se fraai meisies dit moeilik gemaak het om op die bosbou en die Frans te konsentreer.

*(Dankie vir die interessante vertelling. Brief verkort. Red.)*

## MATIE IN WORDING

Jozanne Lanne, Gordonsbaai



Ek is 'n oud-student wat in 1999 graad gevang het, BSc Agric, en ek was vanaf 1996 tot 1998 'n inwoner van Heemstede. My dogter, Miku, is 2½. Dit lyk my sy is 'n Matie-in-wording!

## SPOG MET VIER GESLAGTE MATIES

Mev JH Garlick, Welgelegen

Ek het 'n merkwaardige verbintenis met Stellenbosch Universiteit (eers Victoria Kollege). In 1912 of 13 het my ma, Johanna Margarethe van Niekerk, haar graad in Engels en Wiskunde op Victoria Kollege ontvang. Sy was in 1912 lid van die Studenteraad (Students Representative Council). Ek, Johanna Hendrika Garlick, née Steyn het my BSc Fisiologie en Soölogie in 1946 ontvang. Drie van my kinders het hul grade ook op Stellenbosch universiteit ontvang: Catharina Beyleveld BA 1976, LLB 1978; Cecil Steyn Beyleveld BA 1978, LLB 1980; Johanna Hendrika Beyleveld BSc 1981, Honneurs in Wiskundige Statistieke, Sielkunde in 1982. My kleindogter, Nicola Reid-Ross het in 2007 haar BCom-graad ontvang.

*(Mev Garlick vra dat oudstudente moet laat weet as hulle ook so lang verbintenis met die US het. Red.)*

## SÓ ONTHOU EK VIR OUPA AB

Mossie van Wyk, Loxton

Dit was tegelyk met 'n baie trotse hart, maar ook 'n traan in die oog wat ek in die afgelope twee uitgawes oor 'n betrokke prof AB van der Merwe gelees het. Die professor was niemand anders as my liewe oupa Abie nie. Hoe sou hy nou nie die skrywe geniet het nie! Hy is alreeds twee jaar oorlede.

Ek is een van sy 14 kleinkinders, waarvan 11 reeds oud-Maties is, 2 tans Maties en nr 14 nog op skool. Hy was 'n besonderse oupa, altyd reg met 'n storie en 'n vlymskerp humorsin. Hy het altyd tyd gehad vir gesels, altyd belang gestel en altyd wyse raad gegee. Hy het diep, maar sagte spore in my hart getrap. Dit is spesiaal om te weet dat sy nagedagtenis veel wyer as net ons familie strek. Mag almal hom onthou vir die besonderse (en aantreklike, ja!) mens wat hy was.

## HET OOK SAAMGETOER NA ZIMBABWE

Janette de Vos (née Visser), Hartbeespoort



Dit was 'n lekker verrassing om in *Matieland* 2008:2 Victor Dercksen van Graaff-Reinet se brief te lees. Dit het my en man, Barry, darem ver teruggeneem. Maar ek verskil van Victor oor die eintlike doel van die toer. Ons het die Rhodes-Jubileumfees in 'Bulaways' bygewoon waar ons in die Afrikaanse kerk se saaltjie geslaap het - die dames op die verhoog agter die gordyne en die manne in die saal.

Ons het per bus vanaf Potchefstroom gery en by Beitbrug ons slaapgoed (slaapsakke nog onbekend) op 'n ongebruikte tennisbaan oopgesprei. Nog lank daarna oorvertel was dat iemand teen middernag 'n ernstige beroep op die persoon naaste aan die kerk gedoen het om dit asseblief toe te maak - dit trek erg oor die baan! En dit in die middel van die winter!

Dankie vir die herinneringe, Victor.

Op die foto is, heel links, Janette Visser, met die lemoene, langs Andrew Muller. Ander name kan ek nie onthou nie, miskien Zelda Smit, agter middel.

## DÍT IS WAT WAAROP 'N UNIVERSITEIT MOET FOKUS

JP Nel, Centurion

Prof Jan Botha se artikel oor die US se posisie onder die top 500 universiteite is interessant, dog wys ook die problem met die wêreld se persepsie van wat professionele onderrig is, uit. Kriteria soos "die mening van akademici oor die universiteite se reputasie", "die aantal kere wat 'n instelling se personeel se navorsingpublikasies deur ander navorsers aangehaal word", "personeellede wat 'n Nobel-prys gewen het" en "aantal artikels gepubliseer" kan sekerlik 'n aanduiding gee van die kwaliteit werk wat gedoen word.

Die probleem is egter dat die belangrikheid van onderrig ter wille van die proses as die norm gebruik word, en dit is nie waarvoor universiteite daar is nie.

Dis daar om werk te skep en waarde tot 'n land se gemeenskap en nywerhede toe te voeg. As dit nie so is nie, het 'n universiteit nie bestaansreg nie. Afgestudeerdes moet werk beter kan doen en universiteite moet mense onderrig en oplei (ja, oplei) in kennis en vaardighede wat in 'n land se nywerhede benodig word.

Vergeet nou maar wat die wêreld op grond van hulle skeefgetrekte persepsies dink en sê, sorg net dat US waarde tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap toevoeg, dan sal dit met julle goed gaan.

## DAVE VENTER WAS TWO OCEANS SE STIGTER

Muller Rademeyer, Gouritsmond

In *Matieland* 2008:2 was daar 'n kort verwysing na die afsterwe van DJ Venter (bl 47). Hy verdien egter 'n bietjie meer as net die kriptiese ou beriggie.

Dawie (Dave) Venter het die Universiteit op 'n paar terreine verteenwoordig: hy was die US-tafeltenniskampioen en ook in die WP-span; hy, Hennie van Heerden, oud-appèlregter en ander, en ek, het die US op 'n inter-universitêre vasvra-"varsity" verteenwoordig; as diere-liefhebber het hy sy BComm-kennis prakties aangewend om 'n byna-bankrot DBV van Pretoria te rehabiliteer en uit te bou tot 'n pragtige diere-versorgingseenheid; en, Dave was die stigter en dryfveer van die nou wêreldbekende Two Oceans-marathon.

*(Baie dankie vir die interessante vertelling!* Matieland *doen 'n beroep op die familie en vriende van persone wat afsterf om loopbaanhoogtepunte en prestasies aan ons deur te gee. Red.)*

## WERK AAN 'N GEDENKBOEK!

CF Kruger, Struisbaai

Ja-nee, die US is wetliglik negentig jaar oud en oor tien jaar word daar groot fees gevier. Om reg te laat geskied aan ons universiteitstatus behoort US by daardie geleentheid 'n gedenkboek bekend te stel van die skrywers van Stellenbosch - geklassifiseer onder tipes soos Vakhandboeke, Kuns, Romans, Gedigte, Reisverhale, Politieke Credo's, Jeuglektuur en so meer. Die opgawe kan later in 2025 bygewerk word ter viering van die eeu van Afrikaans.

*('n Gawe voorstel. Behalwe die US se eie biblioteek, is die webwerf van Rosemarie Breuer, www.stellenboschwriters.com, 'n nuttige bron van inligting oor Stellenbosch skrywers. Red.)*

## WILGENHOFFERS FLIEK MET SAMBRELE

Nato Zondagh, Port Elizabeth

Geluk met 'n goeie uitgawe. Gedurende die middel tot laat sestigs was Haas Das se oergrootjie nog nie eens gebore nie. Fliek was vir ons studente 'n belangrike manier om te ontspan.

So sit 'n klompie van ons Wilgenhoffers een triestige Saterdagmiddag met ons sambrele af fliek toe. In die storie het dit op 'n kol begin reën. Een van my vriende maak toe sy sambreel oop en hou dit bo sy kop. Die res van ons het sy voorbeeld gevolg en eers ons sambrele toegevou toe die reën op die doek verby is.

## EK WAS OOK 'N BY!

Jan du Preez, Stilbaai

Ek verwys graag na die "byefoto" van Nicoline le Roux. Ek was ook 'n by in 1948 en onthou haar en ken Magda. Verder was ek 13 jaar daarna nog daar - darem nie as eerstejaarstudent nie, maar later as dosent in Chemie. Dit was onvergeetlike jare. Eers privaat, daarna Huis Marais en Dagbreek (1956). Voetbal onder Doc Craven, intervarsities, noem maar op. Vir my is dit ook 'n groot eer dat ek op Stellenbosch kon studeer

## *MATIELAND* IS MY NAELSTRING

Eugene Pretorius, Potchefstroom

Dit is met 'n mengsel van ontsteltenis en angs dat ek moes aflei dat die voortbestaan van *Matieland* onseker is. Sien, vir my is *Matieland* soos 'n naelstring wat my bind aan ons geliefde alma mater, die beste in die land. (Ek het natuurlik ook 'n hoë agting vir ons plaaslike universiteit; ek is darem al 49 jaar 'n inwoner van Potch).

Ek is eintlik 'n veteraan oud-Matie - word eersdaags 82. Ek het in 1944, op 16-jarige ouderdom - eintlik maar nog nie veel meer as 'n snotkop nie - die poorte van die Mekka betree. In 1946 BSc verwerf en in 1948 BSc.Ing.

*(Mnr Pretorius het 'n tjek van R100 ingesluit. Red.)*

## WIL OP DIE RUG LÊ EN *MATIELAND* LEES!

Kerneels de Jager, Hermanus

Dis 'n logiese en praktiese idee dat alumni *Matieland* via e-pos ontvang - of elke oud-Matie dra R50 per jaar by. Ons wil mos nie hê *Matieland* moet in die stof byt nie. As oud-Matie sedert 1950 wil ek dit op die rug lê en lees.

Ek onthou hoe klein ek gevoel het toe ek op 1 Mei 1946 - na ontslag uit die SA Lugmag, aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog - in die hoofingang van Dagbreek (seksie 6) staan. Het eers later gehoor, laer af in Victoriastraat is daar nog 'n manskoshuis "Bekfluitjie". Geen gevoelens jeens hulle nie.

## 'N TYDSKRIF WIL MENS KAN OPTEL

Pieter Scribante, Lyttleton

Baie dankie vir 'n leesbare en interessante *Matieland*. Ek het geen beswaar om *Matieland* per e-pos te ontvang nie. Maar, dit is darem lekker om 'n tydskrif te hê wat jy kan optel en 'n artikel of twee lees en dit dan neersit om later verder te lees. 'n Mens is nie altyd lus om eers die rekenaar aan te skakel nie.

## STUUR *MATIELAND* IN DIE POS!

Walter Hassenpflug, Milnerton

Ek is nie ten gunste daarvan om die *Matieland* per e-pos te kry nie. Ons ou mense het die probleem dat e-pos te duur en ingewikkeld word. Ek is jammer om te lees (bl 24) dat die Afrikaanse taal soos water wegvloei. Ek kan nie saamstem dat 'n taal vloeibaar is, of verander nie, hy word verander. Meestal deur kommersiële en politieke invloed, wat dan deur na-apers opgeneem word om kastig modern te wees.

*(Brief verkort. Red.)*

## SEND *MATIELAND* ELECTRONICALLY

Tracey Rissik, London

I have received the latest *Matieland* here in London, and even before opening it, I thought, "wouldn't it be better to get this electronically?" I then read your last paragraph of the Editor's Letter... and you expressed the same thought!

There are so many advantages to emailing the magazine: cost to the university will drop dramatically; the environmental impact of 90,000 copies is vast; timeliness: many of your readers are abroad, and e-mail would ensure we got our updates far more timeously than we currently do.

*(We are definitely looking at e-versions of* Matieland *and alumni will be updated on this as soon as possible. Ed.)*

## GESIN ONTVANG DRIE *MATIELANDE*

Kobus Scott, Kaapstad

In u uitgawe van Somer 2008 raak u aan die aspek van *Matieland* se kostes. Ek kan sien hoekom dit R1 miljoen per uitgawe kos. My huis alleen het drie kopieë ontvang!

*(Die Universiteit sal enige versoeke om 'n* Matieland *per huisgesin te deel, verwelkom. Kontak asb me Malena Fourie by tel 021 808 4843 of per e-pos by alumni@sun.ac.za in hierdie verband. Red.)*

## DANKIE VIR *MATIELAND*

JT Mets, Kaapstad

Ek is maar een halve Matie, net na 'n Diploma (DBG) kursus in die tagtigerjare, maar myn seun, sy vrou en ook 'n skoonseun is "egte" Maties. Dus stel ek belang in wat aan US aangaan.

Seker is ek bereid die minieme som van R50 by te dra vir die tydskrif per jaar! (E-pos lees nie so lekker nie vir ou oë nie, soos seker baie andere oud studente sal wees.)

Om dit gratis te kry sonder enige donatie te stuur (ek het ander verpligtings aan Alma Maters) is selfs ietwat beskamend! Hartelik dank vir die blad.

## BESPAAR SÓ *MATIELAND* SE KOSTES

Danie Malan, Lichtenburg

Baie dankie vir nog 'n puik uitgawe van *Matieland* (2008:2). Dis kielie-lekker om te lees dat jul ook op die joernalistieke veld die ander universiteite ore aansit. Ja, dis lekker om 'n Matie te IS! (en te gewees het.)

In die moeilike ekonomiese omstandighede kan julle maar 'n goedkoper glansblad gebruik! Moet asb nie *Matieland* via e-pos aanstuur nie! 'n Beduidende persentasie van die gereelde oudstudente maak deel uit van die ouer garde waarvan nie almal rekenaarvaardig is nie. En die van ons wat wel oor rekenaars beskik se modelle werk nog met paraffien!

*(Interessant genoeg is 70% oudstudente jonger as 50. Red.)*

## SAL *MATIELAND* DAN MET AANDAG LEES

Annelie Ruyssenaers (née Le Roux), Pretoria

Ek het gister die nuutste *Matieland* ontvang. Wat 'n heerlike uitgawe! Ek is heeltemal bereid om R50 te betaal. Moet net nie stop om dit aan my te stuur nie.

Ek het 1962 - 1964 BSc geswot met Chemie en Plantkunde en is sedert 1967 in Pretoria by die SABS werksaam. Na 42 jaar by die SABS gaan ek nou op pensioen en sal beslis meer tyd hê om *Matieland* met aandag te lees.

## KLAAR TOE ONDER E-POS

Annie Olivier, Kaapstad


Dit sal wonderlik wees om *Matieland* steeds as 'n harde kopie te ontvang. 'n Mens word daagliks toegegooi onder e-posse by die werk en daar is te min tyd om so iets met aandag te lees. Dis juis die lekkerte - dat mens by die huis rustig kan terugsit daarmee.

Dit sal fantasties wees as julle kan spaar op die drukkoste. Ek sien niks fout daarmee om die binneste blaaie op 'n dunner papier te druk nie. Selfs die buiteblad hoef nie noodwendig in glans te wees nie, maar dalk kan julle dit effens dikker hou as die binnekos vir maklike hantering.

*(Inderdaad is hierdie uitgawe op 'n dunner papier gedruk. Red.)*

**brokkies**
snippets

## Pieke en Huis ten Bosch is vanjaar wenners van Jool




*Majuba en Heemstede se wenvlot*

Pieke en Huis ten Bosch is die algehele wenners van JOOL vanjaar en het tydens die jaarlikse JOOLbal die SMOEGbeker omhoog gehou. Dagbreek en Sonop was tweede en Simonsberg en Minerva derde.

Dagbreek en Sonop het baie om op trots te wees omdat hulle die JOOLbeker gewen het (wat toegeken word op grond van die totale punte vir die Trollieresies, Vensterversierings, Vlotte, Akkerjolgees, die Big Bleed, Buddy en Media en Bemarking), met Pieke en Huis ten Bosch tweede en Majuba en Heemstede derde.

Die Gemeenskapsbeker, wat vir die skep en uitbreiding van gemeenskapsverhoudinge toegeken word, is ook deur Pieke en Huis ten Bosch verower. Hier was Libertas en Serruria tweede en Simonsberg en Minerva derde.

Wat die Geldbeker betref, was dit weer Pieke en Huis ten Bosch wat met die louere weggestap het. Dagbreek en Sonop was tweede en Simonsberg en Minerva derde.

Dagbreek en Sonop het die Vensterversieringstoekenning ingepalm, met Eendrag en Irene tweede en Oude Molen en Nemesia derde. Wat die Vlotoptog betref, het Majuba en Heemstede koning gekraai. Dagbreek en Sonop was tweede en Simonsberg en Minerva was derde.

In die jaarlikse trollieresies was dit weer Pieke en Huis ten Bosch wat geseëvier het. Helderberg en Erica was tweede en Huis Marais en Harmonie derde. Hierdie gesamentlike prys word bepaal deur die toeskouers se gees en die voorkoms van die trollie. Wat die resies self betref, het Helshoogte se manspan en Sonop se damespan hul trollies die vinnigste deur Victoriastraat gestoot.

Vanjaar se Me Matieland is Jeanette Nel, 'n derdejaar-BComm Bermarkingsbestuur-student van Empangeni en inwoner van Heemstede.



## Crazy Games

### MATIES UNFORTUNATE TO LOSE OUT IN FINALS OF CRAZY GAMES

So near, but also so far. The Maties taking part in the final episode of Crazy Games, a popular TV game show aired on SABC 2, came within inches of winning the competition, but failed in the dreaded "Ratchet", the final deciding game of every round.


Crazy Games is described as an action-comedy game show in which teams battle it out against each other by playing various physically challenging games. In the Ratchet contestants are faced with reaching the summit of a steep artificial slope and, without using their feet, use a wooden pole to go up the slope of the structure.

The 2009 series featured 14 university teams competing against each other with the two teams scoring the most points in the Ratchet taking part in the final. In its elimination round, Maties left the team of the Nelson Mandela Metropolitan University a mile behind, but lost in the final of the competition to the University of Johannesburg.

Games in the competition include "Cherry on the Cake", "Mosquito" and "Ostrich Races". The game is known for its colourful animal costumes and hilarious moments as contestants try to complete tasks.

The Maties' team captain was Jaco du Toit with Lisa Fagan as the team manager. The team members were Kobus Kellerman, Danie van Zyl, Peter van de Venter, Bredell Michau, Albert Michau, Colyn de Villiers, Dirk Snyman, Gerrit Viviers, Liezel Botha, Wilmarie Gilliomee, Anel Hugo, Kim Wessels, Maryke Pauw, Lea-Anne Uys, Jonelle Jacobs and Lindy Truter.

The show features the ever popular Kurt Schoonraad and Rob van Vuuren as hosts with co-presenter Evh'a Nteso and referee Josias Molele and his assistant Michael Munonde. The season's games were filmed at the Standard Bank Arena in Johannesburg. Crazy Games is produced by Rapid Blue.




*Plak jou hand daar! Klaus Kotzé en Gerhard Wiese wys hoe.*

## Maties teen diskriminasie

Die Studenteraad het vroeër vanjaar 'n bewusmakingsveldtog op kampus gehou om studente van menseregtemaand bewus te maak. Honderde Maties kon hul hande in verf druk en op die banier druk.

Volgens Klaus Kotzé, Studenteraadslid vir Aktuele Sosiale Kwessies, Nasionale Aangeleenthede en Eenheid, was die doel van die veldtog om saam te staan teen diskriminasie op kampus en in Stellenbosch. "Die idee was om op 'n opbouende en insluitende manier studente betrokke te kry en hulle aan te moedig om solidariteit teen diskriminasie tasbaar te kom demonstreer. Die banier het baie vinnig vol geraak en is in die Neelsie opgehang om studente te herinner aan die belofte wat hulle gemaak het en ook om ander aan te spoor ten einde hul ondersteuning vir hierdie saak te werf."

# 'Donker Afrika' eintlik lig, sê studente

*deur Jan Gerber*

Stellenbosch. Ná presies 70 dae op reis het die Geelslang einde Januarie sy tuisdorp binnegeseil.

Altesaam 23 inwoners van die Stellenbosse manskoshuis Wilgenhof het 'n reis deur tien lande onderneem wat gister ten einde geloop het.

Avontuur was nie die enigste motivering nie.

"Behalwe vir die ongelooflike toer waar ons afgeleë plekke kon besoek en met nuwe mense en kulture in aanraking kon kom, kon ons ook organisasies soos Rotariërs (van Pretoria-Oos) en Ama Afrika ondersteun," het mnr. Johann de Wet, die enigste Wilgenhoffer wat ook die vorige toer in 2004 meegemaak het, gesê.

"Ons het geld vir hulle ingesamel en krukke langs die pad aan behoeftiges geskenk en die klinieke besoek en ondersteun."

Die Wilgenhof Trans Afrika Toer het sowat R30 000 vir die Rotariërs se projek vir landmynslagoffers ingesamel.

Al die manne het met breë glimlagge, en sommiges met welige baarde, gespog toe hulle gister op die plaas Simonsig 'n glasie vonkelwyn geklink het om die terugkeer te vier.

Die vragmotor wat hulle vervoer het, is deur Bundi River Adventures geborg en is die "Geelslang" gedoop.

Die Geelslang het oor sowat 16 000 km teen gemiddeld 45 km/h kloekmoedig voortgebeur, selfs nadat dit in Tanzanië 'n minibustaxi afgeskryf het en dié se bestuurder toe die hasepad gekies het. Niemand is in die ongeluk beseer nie.

Namibië, Zambië, Tanzanië, Burundi, Rwanda, Uganda en Kenia, Malawi, Mosambiek en Swaziland is deurkruis.

Hulle het geleer om die "klein goedjies" te waardeer. "KFC!", "Water uit 'n kraan!", "R5,85-petrol!", "Skaapvleis!" en "Afrikaanse meisies!" is uitgeroep.

"Toiletpapier is witgoud," het mnr. Christo Kritzinger verklaar. Die ouens het met interessante toilette te doen gekry.

"Pole-pole" was die toer se leuse. Dit is 'n Swahili-uitdrukking wat rustig beteken. En dit is dalk maar goed so, want 23 mans was 70 dae lank saam.



*Veilig tuis!*
*Foto: Anton Jordaan, SSFD*

"Jy leer almal beter ken," het Paul Olivier gesê.

"Loerbroer in 'n lorrie!" het iemand uitgeroep, maar die ouens was dit eens dat daar nie juis probleme was nie.

Hulle vertel ook die mense wat hulle ontmoet het, was vreeslik vriendelik en hulle het nooit bedreig gevoel nie. Net in die ou Transkei het hul onder diewe deurgeloop, toe 'n selfoon, beursie, bottel brandewyn en potbrood gebuit is.

"Donker Afrika is ligter as wat mense dink," het De Wet gesê.

***(Hierdie berig het oorspronklik in Die Burger van 28 Januarie verskyn en word met vergunning geplaas.)***

# Studente woeker met "Red Dot"-inisiatief

"Jy kan die persoon agter jou se roomys betaal, 'n stowwerige kar afspoel of koffie vir 'n moeggeswotte vriendin aandra," is hoe me Jacomien Labuschagne, Studenteraadslid vir Visuele Bestuur en Matieweek, 'n projek van die Studenteraad om welwillendheid onder studente te bevorder, beskryf.

Volgens me Labuschagne, die brein agter die projek, word 'n spesiale "Red Dot"-kaartjie aan die ontvanger van 'n goeie daad oorhandig, wat dan op sy of haar beurt weer iets positiefs vir iemand anders kan doen.





"Die 'pay-it forward'-inisiatief kom oorspronklik van die VSA en behels dat mense goeie dade anoniem verrig en dan 'n 'smile card' agterlaat om die gees van welwillendheid voort te sit."

Sy vertel dat hierdie konsep, tesame met die fliek *Pay it Forward* (wat ook op die beginsel van vrygewigheid geskoei is), aan haar bly knaag het en toe besluit het om die projek op kampus te loods.

Sy wil ook hê dat die projek onder die breër gemeenskap en natuurlik onder MatiesAlumni moet posvat. "Ons hoor graag van MatiesAlumni wat met ons wil handevat in die projek!"

- **Kontak Jacomien Labuschagne by tel (021) 808 2493, selfoon 072 8696 787 of per e-pos by jacomien@sun.ac.za**

# Gladdebek Maties



*Agter is die Studentedekaan, mnr Llewelleyn MacMaster, Wynand Spruyt, Jana Roos en dr Danny Titus, Direkteur: Kultuur van die ATKV. Voor is Clinton du Preez en Matthew Smorenburg.*
*Foto: Annemarie Brink*

Maties kán praat! Wynand Spruyt, 'n vierdejaar BRek LLB-student, Studenteraadslid vir Openbare Betrekkinge en voorsitter van die Akademiese Belangeraad; Clinton du Preez, 'n tweedejaar BA (Waarde en Beleid)-student; Matthew Smorenburg, 'n honneursstudent in die Ekonomie; en Jana Roos, 'n tweedejaar BA (PPE)-student, het onlangs die ATKV se debatskompetisie vir universiteite gewen.

Die universiteite van Johannesburg, die Vrystaat en Pretoria en Noordwes-Universiteit het ook aan dié bekgeveg in Bloemfontein deelgeneem.

"Die debat is geskoei op die Britse Parlementêre styl. 'n 'Regerende' span plaas 'n beleid op die tafel, tesame met ondersteunende argumente, en die 'Opposisie' moet dan teenargumente opper. Elke spreker het 'n baie spesifieke rol om te vervul en daar is net 'n uur voorbereidingstyd."

"Die onderwerpe was baie uiteenlopend, en oor die sewe debatte heen is feitlik alles van die politiek en die ekonomiese krisis tot Idols gedek. Die onderwerp vir die eindronde was 'Menseregte hinder die gang van die gereg' en ons (as die regerende span) het dit gedefinieer as 'die oorbeklemtoning van menseregte benadeel die effektiwiteit van die polisie'," het Wynand vertel.

"Wat ons span egter besonders gemaak het, was dat ons – in die woorde van een van die beoordelaars – 'n 'soutie' in ons midde gehad het. Matthew Smorenburg is 'amptelik' die beste Engelse Afrikaanse debatteerder in Suid-Afrika!"

- **Die Universiteit Stellenbosch bied die kompetisie in 2010 aan.**

# brokkies
snippets



Baie geluk! Hier is prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, me Allyson Lawless, dr Frederik van Zyl Slabbert, Kanselier, en prof Reinhard Zimmermann


## Eregrade

## VROUE-INGENIEUR EN REGSKENNER VEREER

Die baanbreker-vroue-ingenieur, me Allyson Lawless, en die regskenner prof Reinhard Zimmermann, direkteur van die Max Planck Instituut vir Buitelandse en Internasionale Privaatreg in Hamburg, en professor in Privaatreg, Romeinse Reg en Historiese Regsvergelyking aan die Universiteit van Regensburg in Duitsland, is in Maart met eregrade van die Universiteit Stellenbosch vereer.

Die graad Doktor in die Ingenieurswese (DIng), *honoris causa*, is aan me Lawless toegeken vir haar uitnemendheid as siviele ingenieur en wetenskaplike, as leidinggewende sakevrou en as rolmodel vir jongmense uit alle omstandighede, terwyl prof Zimmermann vereer is met die graad Doktor in die Regsgeleerdheid (LLD), *honoris causa*, vir sy leidinggewende werk om die Suid-Afrikaanse privaatreg in die algemeen internasionale blootstelling te gee en navorsing op die gebied van privaatreg aan die Universiteit Stellenbosch in die besonder.

Nagenoeg 2 000 Maties het hul grade van die Universiteit tydens die geleentheid ontvang.




*Prof Richard Behrens (links) en die US se Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, in die Behrens-foyer. (Foto: Hennie Rudman)*

## Foyer NA BEHRENS VERNOEM

As skrander skoolseun in die destydse Wes-Transvaal het Richard Behrens gelukkig nie geluister na sy gesinspredikant se waarskuwing teen musiek as "bróodlose bestaan" nie! Hy was een van net drie manstudente wat in die 1940's op Stellenbosch musiek gestudeer het.

Hy het reeds in sy studentejare begin klasgee. Later, met studieverlof in Duitsland, is hy daar 'n doseerpos aangebied - maar die Universiteit Stellenbosch (US) was wéér gelukkig, want Behrens het verkies om terug te kom Stellenbosch toe.

Tot sy aftrede in 1988 was hy vir 40 jaar lank 'n US-musiekdosent, 27 daarvan as departementshoof en Konservatoriumdirekteur. In dié pos was prof Behrens verantwoordelik vir die oprigting van die US se indrukwekkende Konservatoriumgebou, wat as een van die bestes ter wêreld gereken word. En hiervoor is hy onlangs vereer toe dié gebou se konsertsaalfoyer na hom vernoem is.

In 1970 het hy 'n omvattende studiereis na Duitsland, Nederland, België en Engeland onderneem om die beplande gebou aan die hoogste eise te laat voldoen.

Die konsepontwerp is in 1972 voltooi, die projek is in 1975 goedgekeur en die gebou is in Mei 1978 feestelik ingewy. Prof Behrens het die beplanning, oprigting en inwyding daarvan heeltyd bestuur. Vir die Endlersaal se konsertorrel het hy - self 'n orrelis - die Marcussen-fabriek in Denemarke besoek waar dié orrel in aanbou was. Die US beskik sedertdien oor die eerste moderne voorbeeld in Afrika van dié wêreldberoemde firma se werk.

## Dit was hittete vir US-geboue



*Hittete! Die brand het gelek-lek aan die Sportwetenskap-gebou. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)*

Dit was naby, maar skade aan geboue, veroorsaak deur 'n reusebrand wat vroeër vanjaar teen die Stellenbosch-berg gewoed het, was gelukkig gering met slegs die Sportwetenskap-gebou op Coetzenburg wat skade gehad het.

Onder meer moes die dak, vloer van die Danssaal en klank- en elektriese stelsel herstel word.

Personeel in die Vergenoeg-area moes Universiteitshuise ontruim en lede van die Perdryklub het inderhaas die perde na nabygeleë stalle verskuif.

Die brand het ook later na die Welgevallen-proefplaas versprei waar sowat 30 peerbome in die slag gebly het. Die byehuis, werkershuise, perdestalle en hondehokke op die plaas is egter nie beskadig nie.

## R11 MILJOEN VIR BEHOEFTIGE STUDENTE

Die Universiteit Stellenbosch (US) stel vanjaar R11 miljoen beskikbaar om arm en behoeftige studente uit agtergeblewe gemeenskappe in staat te stel om aan die US te studeer.

Dit bring groot verligting vir nuweling-studente wat aan die toegangsvereistes van die US voldoen, maar nie oor die nodige studiegeld beskik nie. Dit bied ook uitkoms aan suksesvolle ingeskrewe studente wat weens geldnood oorweeg om hul studies te staak.

"As 'n universiteit met 'n etos van hoop, is dit ons erns om studente wat dit nie breed het nie, maar oor die nodige vermoë beskik, te help om hulle te bekwaam in die studierigtings van hul keuse," het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, vroeër vanjaar gesê.

Hy het ook daarop gewys dat die huidige ekonomiese knyptang 'n uitwerking op die betaalvermoë van 'n beduidende persentasie van die US se ingeskrewe studente sal hê.

"Die nood wat mense deur die wêreldwye ekonomiese krisis tans beleef, sny oor alle bevolkingslae. Daarom is ons uitgangspunt ras-blinde behoeftegebaseerde finansiële steun aan al ons studente wat negatief deur die huidige krisis geraak word.



*Prof Russel Botman en mnr Rob de Vos onderteken hier die SEEDS-ooreenkoms tydens die seremonie wat by Mostertsdrift in Stellenbosch gehou is.* (Foto: Hennie Rudman, SSFD)

# Unieke ooreenkoms onderteken

'n Unieke donateursooreenkoms waarin universiteite in die Wes-Kaap asook vyf nieregerings-organisasies saamwerk om onderwys in die provinsie - van voorskools tot nagraadse studie en veral in benadeelde skole - te ontwikkel en te ondersteun, is vroeër vanjaar op Stellenbosch onderteken.

Die ondertekening is deur die Rektor, prof Russel Botman, en Sy Eksellensie, mnr Rob de Vos, Ambassadeur van die Koninkrijk der Nederlanden gedoen en vorm die grondslag van die Systemic Education and Extramural Development and Support- (SEEDS) inisiatief.

Met befondsing ter waarde van R150 miljoen wat van die Koninkrijk der Nederlanden ontvang is en in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwys-departement beoog SEEDS om oor die volgende vier jaar 'n beduidende verskil te maak op die gebied van wiskunde- en wetenskaponderrig, MIV/vigs-bewusmaking, multi-graad-onderrig in landelike skole asook die strukturering van buitemuurse aktiwiteite in skole.

Die Instituut vir Wiskunde en Wetenskaponderwys, deel van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch (US), speel 'n kernrol in die verbetering van wiskunde- en wetenskaponderrig met hul fokus op onderwysers en leerders. Die US bestuur die befondsing van die totale projekbedrag namens die Nederlandse regering.

Tydens die ondertekeningseremonie het prof Botman gesê die uitdaging is om maniere te vind om die volgende generasie te help en dat die grondslag nou gelê moet word sodat daardie generasie 'n beter toekoms kan hê. "Die vraag is hoe om mense wat hulself in moeilike omstandighede bevind, te help, sonder om valse hoop te gee aan diegene wat in wanhoop leef."

Mnr De Vos het sy hoop uitgespreek dat die ooreenkoms die belangrikheid van wiskunde en wetenskap sal uitlig en ook dat dit 'n liefde vir hierdie twee vakke onder leerders en studente sal aanwakker.



# US HOU EERSTE INTERNASIONALE KOORDIRIGEERSIMPOSIUM

Die Universiteit Stellenbosch se eerste internasionale koordirigeersimposium, "Voices of South Africa", is einde Maart in die Konservatorium aangebied.

Aspekte van dirigeerkuns, sang, administrasie en koormusiek is in lesings en werksessies deur vooraanstaande nasionale en internasionale koorkenners, soos Kåre Hanken, Romans Vánags, Philip Brunelle, Branko Stark, Mzilikaze Khumalo, Richard Cock, Barry Smith, Acáma Fick, Péter Louis van Dijk en Johann van der Sandt, bespreek.

Lede van die publiek is boonop die geleentheid gebied om die eerste Suid-Afrikaanse kompetisie vir jong koordirigente en verskeie meestersklasse by te woon.

"Nog nooit in Suid-Afrika was soveel internasionaal-bekende name in een week bymekaar as met die Voices of South Africa-konferensie nie - en dit alles in die Konservatorium aan die Universiteit Stellenbosch!" het dr Rudolf de Beer, die Simposium-direkteur, gesê.

Kore wat deelgeneem het sluit in die Kensington Chorale, die Tygerberg Kinderkoor, die Stellenbosch Madrigaalsangers, Canticum Novum in samewerking met die Universiteit Stellenbosch Simfonie-orkes, Schola Cantorum Stellenbosch en die Drakensberg Seunskoor.




*Dankie aan NYSP. Hier is prof Julian Smith, Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel); me Michelle Pietersen, projekbestuurder van MGD; en mnr Clayton Peters, direkteur van die NYSP.* Foto: Anton Jordaan, SSFD




# GROOT INSPUITING VIR GEMEENSKAPSINTERAKSIE

'n Groot aantal gemeenskapsinteraksie-projekte van die Universiteit Stellenbosch (US) baat hierdie jaar by die ondersteuning van die National Youth Service Programme (NYSP) - 'n presidensiële inisiatief wat in 2004 geloods is.

Die ondersteuning aan US-projekte, wat met 'n vrywilligerskorps van 550 Maties spog en deur Maties Gemeenskapsdiens (MGD) gefasiliteer word, sluit finansiële ondersteuning van meer as 'n half miljoen rand in. MatiesJOOL het ook in 2008 en 2009 jaarliks meer as 'n halfmiljoen rand bygedra om studente-gemeenskapsinisiatiewe te help steun en begelei.

Samewerking tussen die Universiteit en die NYSP is vroeg in Mei in die Studentesentrum geloods.

Soortgelyke inisiatiewe word by tien Suid-Afrikaanse universiteite geloods en wil jongmense nie net by diensgeleenthede in hul omgewing betrek nie, maar hul ook leergeleenthede bied. Die idee hiermee is dat hul dienslewering in die gemeenskap 'n integrale deel word van hul buitemuurse opleiding.


- Kontak me Michelle Pietersen, projekbestuurder van MGD by tel 021 808 3643, of per e-pos by mpieters@sun.ac.za vir meer inligting oor gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe. Besoek MGD se webblad by www.sun.ac.za/mgd

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, was recently elected as one of three vice-presidents of the Executive Council of the Association of African Universities (AAU). The AAU is an international non-governmental organisation set up by universities in Africa to promote cooperation among themselves and between them and the international academic community.

The AAU has nearly 200 members (institutions of higher education) representing more than 45 countries.

The election took place during the General Conference of the AAU, held in May in Abuja, Nigeria. Prof Botman's election as representative of the Southern African region was accepted unopposed. He will occupy the position for four years.

According to Prof Botman, it is a personal honour to serve the AAU in this capacity and he deems it a confirmation of the University's endeavour to be a prominent role-player in higher education in Africa.



# Rector elected as Vice-President of AAU

Kobus Meiring is 'n man met 'n droom. Waar ek en jy planne maak oor vakansies en 4x4's, hoop dié oud-Matie ook hy kan sy nuwe vuurwa eersdaags op sy oprit parkeer. Maar sy motor sal anders wees. Blaarritselstil en omgewingsvriendelik.

Die hoof van Suid-Afrika se opwindendste vervoerprojek sedert Simon van der Stel die koets na die Eersterivier gehaal het, die Joule- elektriese motor, sit selfversekerd in sy industriële kantoor in Woodstock, Kaapstad. Buite troon Tafelberg fors. Maar tussen die venster en die berghange is daar 'n gewerskaf. Woodstock ontluik as 'n nuwe nywerheidsentrum in Kaapstad en dis hier waar van die wêreld-vervoerbedryf se brandpuntwetenskap nou aan die gang is.

"Ek het in die Paarl grootgeword (HJS Paarl), so ek wou nie elders gaan studeer nie. Dit was óf Kaapstad óf Stellenbosch," sê hy en leun die amperse tweemeterlyf terug in die modernistiese chroom-en-leerstoel. "Op skool was daar drie beroepe op my kortlysie: vlieënier, argitek, of ingenieur. Destyds (die jare tagtigs) was jou enigste opsie vir vliegopleiding egter net in die Weermag gewees, en dít het nie in my smaak geval nie. Gelukkig vir Stellenbosch het hulle toe ook nie argitektuur aangebied nie, wat my enigste opsie dus op ingenieurswese laat val het."

Hoewel hy nog in sy eerste jaar 'n paar argitektuurklasse in die geheim by Ikeys gaan bywoon het, het hy vyf jaar later sy graad in



# Kobus droom van stilte

**"Ek wil eendag in die Kaapse middestad sit en koffie drink, en om my moet dit doodstil wees – al woel dit van die motors."**




*deur Marnus Hattingh*

meganiese ingenieurswese ontvang. Vyf jaar? "Ek het my vrou in my tweede jaar ontmoet," waai hy met sy linkerhand nog 'n paar predikaatpunte in hul peetjie. "En ja, die Lanzerac-hotel het 'n ongelooflike *cheese lunch* gehad, daar op hul stoep smiddae."

"Dit was goeie tye," dink hy terug. "Kyk, ek sal nou nie myself as die nougesetste student beskryf nie. Ek wou net begin werk. My pa het destyds 'n huis op die dorp besit, en ons was vier ouens en vyf meisies wat dit gedeel het. Dit het heel goed uitgewerk, al was dit nou nie juis iets wat destyds gedoen is nie."

Ná 'n gawe vyf jaar op Stellenbosch het hy hom in 1988 by die ou Atlas-wapenvervaardigingsgroep (deesdae Denel) aangesluit, waar hy kort voor lank aan die stuur van Suid-Afrika se opwindende Rooivalk-helikopterprojek gestaan het. Hoewel dié projek hom geleer het hoe trots Suid-Afrikaners op hul eie produkte in die wêreldarena kan wees - waar begrotings dikwels tien keer groter is - het hy ook waardevolle lewenslesse geleer.

"Die wapenbedryf is eerstens 'n diplomatieke spel. Jou produk se gehalte is nie noodwendig die deurslaggewende faktor nie, maar eerder tientalle ander randfaktore. Onthou, ons praat hier van transaksies tussen regerings wat miljarde beloop.

"By die oorsese uitstallings het ek gesien hoedat die Rooivalk sy man teen sy gerekende mededingers kan staan, en jy voel trots daarop." Maar tog het die helikopter nooit 'n koper gekry nie? Hy aarsel tussen kan, mag en wil sê. "Jy kan nie alles skryf wat ek nou sê nie. Maar randfaktore het 'n groot rol gespeel. Suid-Afrika het byvoorbeeld nie 'n lang geskiedenis in die wêreld gehad as 'n wapenverskaffer wat vir nog dertig jaar rugsteun kan bied nie."

Met die Rooivalk se rotors wat stilgestaan het, het hy hom na 'n nuwe projek gewend. "Die regering wou 'n groot teleskoop in die Karoo oprig, en ek moes aan die stuur daarvan gaan staan," vertel hy van sy skuif na die SALT- (Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop-)projek in Sutherland. Ná ses jaar en die suksesvolle inwerkingstelling van die nuwe teleskoop, het nuwe horisonne gewink.

"Dit was 2004, en eintlik was die hele 'groen' beweging nog in sy kinderskoene. Dit was nie so prominent en aktueel soos vandag nie. Al Gore het eers later op die toneel gekom. Ek en drie kollegas wat saam met my by SALT gewerk het, het toe besluit om dié keer ons eie ding te gaan doen. En ons wou terug in die Kaap wees.

"Ons het 'n maatskappy, Optimal Energy, gestig, en begin rondkyk na wat die moontlikhede met skoon-energie is. Windkrag, sonlig, golwe, daardie soort goed. Dit was egter gou duidelik dat die wêreld se groot stede met 'n ander, dringender probleem sit: aardverhitting en besoedeling. En vervoer was vir 'n massiewe deel, bykans 33%, hiervan verantwoordelik."

**"Daar's baie elektriese motors daar buite. Maar ons s'n gaan 'n bekostigbare, haalbare alternatief vir die gewone man wees."**

Dit is toe wat hy die idee van 'n wêreldmotor vir Jan Alleman - sonder enige vuil uitlaatgasse - gekry het. "Die grootste behoefte wat stedelinge het, is om te pendel. En dís wat 'n groot deel van die stede se vuil lug veroorsaak."

Vandag klink die idee van 'n elektriese motor om dié sakie aan te pak dalk voor die hand liggend, maar Meiring se idee het 'n belangrike verskil in hom gehad. Iets wat net die vonk kan wees wat sy Joule dié elektriese sukses in die motorwêreld kan maak. "Daar's baie elektriese motors daar buite. Maar ons s'n gaan 'n bekostigbare, haalbare alternatief vir die gewone man wees. 'n Praktiese vyfsitplekker wat hy sal wíl koop en ry. Nie 'n lomp bus nie. Dit moet visueel tot hom spreek," skemer die kunstenaar in hom weer na vore.

Dis om hierdie rede wat hy Keith Helfet, 'n oud-Kapenaar en jare lank Jaguar se hoofontwerper, nadergetrek het om aan die Joule sy sensuele gestalte te gee. "Staatsteun vir die projek is belangrik, ja. Jy moet 'n volume van minstens 50 000 eenhede kan behaal, en ons wil dit ook uitvoer. Nog iets wat die Joule se sukses gaan bepaal, is of sy tegnologie 100% haalbaar gaan wees. Dit moet maklik en eenvoudig wees om die motor elke dag te kan gebruik." Hy kyk by sy venster uit na die berg, waar die oggendlig vol op Tafelberg skyn. "Maar bowenal moet die Joule 'n mooi motor wees. Iets waarin jy graag gesien sal wil word."

'n Kollega loer om die deur, herinner hom in Engels aan 'n vergadering waarvoor hy reeds tien minute laat is. "Ons is om die helfte oud-Maties en oud-Ikeys wat hier werk. 'n Paar Pretorianers ook." Hy gryp 'n baadjie van sy oop, skoon lessenaar af. Die nuutste *Wiel*-motortydskrif lê op die punt. "Nee jis, dit lyk darem nie altyd so netjies hier nie. Soms gaan dit maar soos met daardie bord." Agter my rug leun 'n wit skryfbord teen die muur, volgekrap met swart en rooi viltpen-geskrif. 'n Wiel-ontwerp vir die nuwe Joule staan hoog op die moet-doen-lysie.

"Ek het genoeg in my lewe in die verkeer gesit. Deesdae woon ek hier in die stad - naby my werk, en naby my vier kinders se skool, Jan van Riebeeck." Hy staan vir oulaas voor die venster vir 'n laaste foto, die berg in grys en blou afgeëts. "Ek wil in die stad kan koffie drink," mymer die oud-Matie oor sy visie, "maar dit moet doodstil wees in die stadsgewoel." Dan gryp hy sy sak. Nog 'n rit in die Kaap - en die wêreld - se spitsverkeer moet eers aangedurf word.




**Kobus Meiring, an Alumnus, is the CEO of Optimal Energy, a company developing the Joule, an electric car. Read the English version of the article on www.matiesalumni.net**



# InnovUS - making technology matter

**InnovUS, the University's technology transfer company, celebrates ten years of transforming innovation into reality.**

"There must be a better way' has always been the inspiration for Dr Eugene Smit, a researcher in the Department of Chemistry and Polymer Science.

This was especially true of his research on a nanotechnology process called electrospinning that produces extremely thin fibres - thousands of meters long, but 10 000 times thinner than a typical human hair. These fibres, called nanofibres, are ideally suited for use in "tissue engineering scaffolds" for artificial organs, biodegradable wound dressings, high-performance filtration, smart textiles, and super-strong lightweight composite materials for aircraft and vehicle paneling.

Under the guidance of his PhD study-leader, renowned polymer scientist Prof Ron Sanderson, Dr Smit developed a new process for making continuous yarns that, on a macroscopic scale, resemble typical sewing threads, but on a microscopic level consist of between 20 and 30 million highly aligned nanofibres bundled together. The nanofibre yarns produced have opened the door to easy construction, simply through knitting or embroidery, of complex three-dimensional tissue engineering scaffolds like the arterial system above the heart, or the ligaments and tendons in a complex joint like the knee.

Dr Smit then set out to improve the production efficiency of the electrospinning process itself, which traditionally results in very fragile nanofibre webs that closely resemble spiders' webs. The new process, which he calls Bubble Electrospinning, not only eliminates the clogging-prone needle spinnerets of the traditional process, but also allows enormous increases in nanofibre production rates, with up to several kilograms of nanofibre produced per hour.

In addition, Dr Smit has also developed novel electrospinning processes that make industrial scale production of nanofibres possible.

Similarly, Mr Retief Gerber, a lecturer in computer systems, and Dr Coenrad Fourie, a senior lecturer in electronics and applied superconductivity, made a huge impact on the needs of superconductive integrated circuit designers, with software they developed under the supervision of Prof Willem Perold, of the Department of Electric and Electronic Engineering.

Via SU spin-off company NioCAD, Mr Gerber and Dr Fourie made it possible for engineers to design and verify complicated superconducting circuits in the same way that designers of today's computer chips do. "The software enables the widespread roll-out of superconductive electronic systems into the industry. In the field of superconducting design, NioCAD makes the impossible possible," Mr Gerber said.

These are but a few of the interesting and innovative technologies SU's technology transfer company, InnovUS Tegnologie Oordrag (Pty) Ltd, and its predecessor, Unistel Group Holdings (Pty) Ltd has been spring boarding over the past decade.

Ms Anita Nel, Director: Innovation and Business Development, who heads up InnovUS, describes InnovUS's success as inspiring: "Some people think about and create new and interesting ideas and solutions. Others introduce those ideas to the world. Working in close partnership with the inventors, that's what InnovUS is all about."

Celebrating ten years of identifying, protecting, patenting and commercialising intellectual property developed by Stellenbosch researchers as well as commercialising short courses, InnovUS boasts not only being one of the oldest technology transfer offices in the country, but to a large extent pioneering technology transfer in South Africa.

InnovUS has registered 52 patents (both local and international), and has received around 80 new disclosures in the past two years. In 2008 alone, five licence agreements and an additional three more equity deals, including two companies that are maturing in InnovUS' incubator programme and which will spin out before the end of 2009, have been concluded among others.

"From 2007 to 2008, our income has doubled and last year, five spin-off companies utilising SU technology had a combined turnover of R65 million and employed 156 people.

## Research to the benefit of society

"To finalise a licensing agreement can take anything from six months to two years. However, once in the marketplace, these technologies improve the lives of thousands of people, benefiting society and creating jobs to support and grow our community."

With its ever-growing status as a research driven university, Stellenbosch University (SU) boasts a large number of researchers and innovators - many of them among the best in the world - who are working to benefit society, science and technology. "InnovUS is there to convert these innovations into reality and to introduce the end result to the marketplace as either a product or a service that cán potentially be patented or copyrighted," Ms Nel explained.

"Put in another way, InnovUS moves in alongside researchers, saying, 'you are onto something here, let's put what is in the lab onto the street to the benefit of society'. And if their technological developments or innovations are economically viable, so much the better."

## Academic footprint for spin-off companies

Commercialisation of intellectual property essentially comes down to licensing or setting up spin-off companies. "Licensing means that we patent an invention or idea and negotiate with appropriate companies globally to produce and sell that product under licence from the University. Or we assist researchers via our incubator programme where we initially set up a virtual company with the researcher and then support them to convert their ideas into a viable business. In both cases a sustainable research relationship or 'academic footprint' with the University is maintained.

"InnovUS is remarkably successful in attracting funding for spin-off companies," Ms Nel added.

## Alumni involvement

"MatiesAlumni who are leaders in their fields are invited to become involved with InnovUS as either business advisors, co-investors, or as board members in our portfolio of spin-off companies, remarked Prof Leopoldt van Huyssteen, Executive Director: Operations and Finance, under whom InnovUS resorts. "We have many new and exciting initiatives on the table and have also set up a small fund to invest in our innovations. However, we would like to attract co-investors and industry to join us in supporting our ventures."

- **Contact Ms Anita Nel at 021 808-3079 or via e-mail at ajnel@sun.ac.za.**

# InnovUS – moving from innovation to reality




Over the last ten years, InnovUS Tegnologie Oordrag (Pty) Ltd, and its predecessor, Unistel Group Holdings (Pty) Ltd, have been instrumental in converting innovations into reality.

A recent addition is Diacoustic Medical Devices. This innovative company is developing and commercialising a rapid, low-cost, hand held device (see photo), to record, analyse and store paediatric heart sounds. The device can be utilised by professional nurses, primary physicians and paediatricians irrespective of geographical location or economic situation, to screen large numbers of children in a hospital, clinic, child health clinic or mobile-clinic environment to distinguish between functional and pathological heart murmurs.

The inventor is Jacques de Vos and the CEO of the company Thys Cronje.

Prof David Meyer, Head of Ophthalmology at the Faculty of Health Sciences, has patented an invention for the topical use of a common, well-known compound in an ophthalmic solution for the treatment of glaucoma, an eye disorder. The medicament is currently undergoing human trials.

Named after the mythical figure that can see the future in a crystal ball, Scryer, a system currently under development at Stellenbosch University, uses Terahertz radiation emitted by human bodies to construct video images. Tailor-made for airport security applications, these images show passengers as they appear in the Terahertz domain, and require no visible or infrared light.

Scryer is sensitive enough to detect not only dangerous metallic objects, ceramic and plastic weapons hidden underneath clothing but research is also underway which will allow security officials to detect the chemical composition of substances hidden in the pockets of clothing. This will make the detection of drugs and explosives easy. Scryer is developed by Dr Coenrad Fourie and Mr Retief Gerber.

### Other Technologies include:

- The Line Trap Tester - simplifying the routine high voltage network maintenance program of an electricity network
- LifeQ - a portable device that determines an important range of parameters concerning a person's metabolism
- Uroflow - an inexpensive urine flow-rate/ volume meter
- New techniques to sterilise, recycle or desalt water using new membranes and unique defouling processes

A number of spin-off companies have also been created over the last ten years. These include:

- Nutroscience PTY Ltd - developing feed formulations for animals;
- Sunspace and Information Systems PTY Ltd - designing and developing high performance small- and medium-sized satellite systems;
- Unistel Medical Laboratories (Pty) Ltd - conducting between 15 000 and 20 000 genetic diagnostic tests a year involving DNA profiling for forensic and paternity testing in humans and stud animals as well as chromosome and DNA analysis for diagnosis of single gene defects and chromosome abnormality;
- The Stellenbosch University Sports Performance Institute (SUSPI) - commercialising the immense sport assets of Stellenbosch University and offering a wide range of first-rate services to the sport, fitness and wellness industries, both locally and internationally.




*Dream team! InnovUS consists of Ms Carol Kat, copyright officer, Ms Venessa Williams, administrative officer, Ms Anita Nel, who heads up InnovUS, Mr Yongama Skweyiya, focusing on an inter-university initiative, Tektique, Ms Doris Peters, responsible for InnovUS's patent portfolio and finances, and Mr Phindile Tshabangu, business developer. InnovUS reports to Prof Leopoldt van Huyssteen, Executive Director: Operations and Finance.*
*Foto Anton Jordaan, SSFD*

# The heartbeat of InnovUS - researchers

Working in a wide range of disciplines, researchers at Stellenbosch University are the heartbeat of InnovUS. Here are only some of the researchers who make it happen.

## Renewable Energy



Prof Wikus van Niekerk is Director of the Centre for Renewable and Sustainable Energy Studies (CRSES). The Centre focuses on a broad spectrum of renewable and sustainable energy options, including wind, solar, wave, and bio-energy.

## Biomedical devices



Prof Cornie Scheffer works in the field of bio-mechanics, in which the study of muscle forces is used to develop medical prostheses. Biomedical engineering also involves the interpretation of signals - as in the case of ECG monitors - to derive diagnostic information.

## Biofuels



Prof Emile van Zyl focuses on the biological transformation of plant material into useful products, especially the transformation of wood fibres (cellulose) into sugars, later transformed into ethanol, which is subsequently used to produce biofuel. The advantage of using wood as a source for biofuel is that it is not an existing food source, does not necessarily require a lot of water to cultivate, and alien vegetation like Port Jackson trees can be used.

## Rooibos tea extraction



Dr Marinda Bloom and her team at the Department of Microbiology, in partnership with the ARC Infruitec-Nietvoorbij, have developed a plant-based enzyme treatment that improves the extraction qualities of rooibos tea by up to 30%.

## Triticale



Willem Botes of the Department of Genetics manages SU's Triticale Programme - started in the 1960's. Triticale is a manmade hybrid that combines the high yield potential of wheat (triticum) with the hardiness of rye (secale). The university is constantly developing more disease-resistant, higher-yielding cultivars of triticale.

# US Taalsentrum is wêreldklas

**Ooreenkomstig die Universiteit Stellenbosch se beleid om al sy steundiensomgewings te laat evalueer, het die Taalsentrum van die Universiteit Stellenbosch onlangs terugvoer ontvang na afloop van 'n eksterne evaluering in 2008. *Matieland* het gaan inloer by die Taalsentrum se kantore in Crozierstraat.**

'n Regmerkie. Om die waarheid te sê 'n groot regmerk. Dit was die uitslag van 'n eksterne evalueringspaneel wat die Taalsentrum van die Universiteit Stellenbosch einde 2008 geëvalueer het.

Veral is die Sentrum lof toegeswaai vir sy omvangryke en eerlike selfevalueringsproses en vir sy "ongelooflike prestasies om 'n wêreldklastaalsentrum op die been te bring ten einde in die taalbehoeftes van 'n baie komplekse en dinamiese veeltalige omgewing te voorsien".

Prof Leon de Stadler, Direkteur van die Taalsentrum, glimlag soos 'n kat wat room gekry het, maar wys vinnig daarop dat die Sentrum ook oor die vingers geraps is. "Natuurlik is daar goed waarop ons kan verbeter. Ironies genoeg was een van die hoofpunte van kritiek dat ons onsself nie genoeg bemark nie, dat ons die spreekwoordelike lamp onder 'n maatemmer wegsteek."

"Daar was net nooit tyd nie!" probeer hy verdedig. "Ons is in 2002 uit die blokke en in 2008 het ons 8 650 kliënte bedien, waarvan ruim 6 252 studente was wat deur middel van taalkursusse en konsultasiedienste bygestaan is, en die getalle styg steeds."

Prof De Stadler het in 2002 die opdrag gekry om die Taalsentrum staan te maak. Die stigting van die Sentrum het gevolg op 'n uitgebreide onderhandelingsproses wat eers gelei het tot die stigting van die Skryflaboratorium en daarna deur 'n aantal konsolidasieprosesse tot die Sentrum soos ons hom vandag ken. "Die eerste paar jaar was moeilik", sê hy. "Daar was aanvanklik baie onsekerheid oor die wyse waarop die Sentrum sou inpas in die nuwe taalbeleidsopset, en ons het ons byna dood gewerk om 'n plekkie onder die son te verdien."

Vandag kyk hy egter met genoegdoening terug en prys hy graag die Universiteit vir verbeeldingryke taalbestuur wat in 2009 gelei het tot 'n werklik rewolusionêre stuk taalbeplanning - "uniek in sy soort in Suid-Afrika".

Maar, merk hy met 'n glinstering in die oë op, gaan die Taalsentrum in sy diepste wese nie net oor taal nie, maar juis oor bemagtiging van mense deur taal. "Met taal kommunikeer ons, maar uiteindelik gaan dit tog daaroor om deur taal verhoudings tussen mense te bewerkstellig en om te gaan met jou leefwêreld. Wat ons dus graag 'taalbemagtiging' noem, is in der waarheid mensbevordering, veral dat ons die voorreg het om te sien hoe mense in kursus na kursus, konsultasie na konsultasie en werkswinkel na werkswinkel hier uitstap as bemagtigde mense. Of dit nou 'n student is wat haar take voortaan beter kan uitvoer, die Engelssprekende student wat kans sien om 'n opdrag in Afrikaans te voltooi of die sekretaris van 'n vergadering wat nou beter notule kan hou, ons glo ons verbeter daardie persoon se effektiwiteit en sit vir jou gereedskap in die hand."

"Die verdere lekkerte van die Taalsentrum, is dat ons regtig meertaligheid en daarmee saam diversiteit aan onse lywe voel, want hier werk mense saam in 'n konteks waarin Afrikaans, Engels en isiXhosa kan saampraat, en in die proses skuur ons skouers en leer ons teen 'n spoed," sê prof De Stadler.

Die werksaamhede van die Taalsentrum is nou verbind aan die taalbeleid van die Universiteit, meen prof De Stadler. "Die Universiteit Stellenbosch is in wese 'n meertalige universiteit met 'n besondere verbintenis tot Afrikaans, en om hierdie visie te verwesenlik, vra 'n fyn genuanseerde taalbeleid en -plan wat uiteindelik 'n beduidende impak op die werksaamhede van die Taalsentrum móét hê. Hierdie konteks word ook duidelik in die verslag van die eksterne paneel verreken," verduidelik prof De Stadler.

## Uitdagings

"Die paneel het tesame met 'n klop op die skouer ook 'n aantal uitdagings aan die Taalsentrum gerig," vertel prof De Stadler. "Gelukkig het ons baie van hierdie aspekte in die selfevalueringsverslag aangedui en begin ons nou werk maak daarvan.


"Dit sluit in die versterking van die werk van die Eenheid vir isiXhosa, uitbreiding na fakulteite waar die Sentrum se dienste nog nie optimaal benut word nie, die verbetering van interne bestuurstrukture, en intensiewer kommersialisering van kennisprodukte. Soos die res van die US, moet die Taalsentrum ook 'n aansienlike gedeelte van sy begroting uit derdestroominkomste verkry, en dit is natuurlik nie altyd so maklik nie."

"Die Taalsentrum moet, binne die konteks van die nuutste Raadsbesluite oor taal, uitdagings soos die al hoe groter behoefte aan taalkursusse, taaldienste soos vertaling en tolkwerk, en Skryflaboratoriumkonsultasies die hoof bied," sê prof De Stadler.

"Intussen neem die belangstelling van buite ook toe en die Sentrum bied jaarliks tot soveel as 50 slypskole vir buitekliënte aan."

"By die personeel is daar nie 'n tekort aan opgewondenheid en entoesiasme vir die werk van die Taalsentrum nie," het prof De Sladler afgesluit. "Al wat nog kortkom is 'n regmerkie agter die groter universiteitsgemeenskap, insluitend MatiesAlumni, wat betref eienaarskap van die Sentrum."

- Kontak Prof Leon de Stadler by telefoon 021 808 2155 of per e-pos by lgds@sun.ac.za.



*Prof Leon de Stadler, Direkteur van die Taalsentrum*
*Foto: Anton Jordaan*

The Language Centre of Stellenbosch University has passed an evaluation by an external panel with flying colours. The Language Centre consists of Language Services, The Unit for Afrikaans and English, the Unit for isiXhosa, the Unit for Document Design and the Writing Lab. Read this article in English at www.matiesalumni.net

**Konferensie**

'n Konferensie oor taalbeleid, taalbeplanning en taalondersteuning in hoër onderwys is die US Taalsentrum se jongste bydrae tot die taalgesprek in hoër onderwys. Dié internasionale konferensie, waar die Sentrum die uitdagings van veeltaligheid uit alle hoeke wil beskou, vind van 17 tot 20 November 2009 op Stellenbosch plaas.

- MatiesAlumni kan registreer vir die konferensie, opsommings voorlê of meer besonderhede bekom deur die www.langhighered2009.co.za te besoek of prof Leon de Stadler by tel 021 808 of per e-pos by lgds@sun.ac.za te kontak.

# Só sien die taalsentrum daar uit

Die Taalsentrum is 'n miernes van bedrywighede of dalk eerder kolonies met kantore oor die kampus versprei. Eenhede vir Afrikaans en Engels, isiXhosa, Dokumentontwerp, 'n Skryflaboratorium en die Taaldiens maak deel uit van die Taalsentrum.

## Taaldiens

Die Taaldiens is veral verantwoordelik vir dienste soos vertaling, redigering en tolking en beleef op die oomblik ongekende groei, en dit ten spyte van die negatiewe ekonomiese klimaat.

Dié woelige eenheid van die Taalsentrum bestaan uit gehaltekontroleurs, taalpraktisyns, projekkoördineerders en 'n kantoorbestuurder.

## Eenheid vir Afrikaans en Engels

Hierdie eenheid se doelwit is die ontwikkeling van veral studente se generiese taal- en denkvaardighede. Hulle fokus primêr op akademiese geletterdheid en taalverwerwing in Afrikaans en Engels, maar het ook 'n spesiale verantwoordelikheid rakende die bevordering van Afrikaans binne die konteks van die Bevorderingsplan vir Afrikaans. 'n Jaarlikse hoogtepunt is om met internasionale studente te werk wat Afrikaans as keusevak volg. Maar natuurlik het die Eenheid ook dieselfde verantwoordelikhede wat Engels betref, en ook op hierdie front word daar hard gewerk juis om die gees van meertaligheid aan die Universiteit te bevorder.

## Eenheid vir Dokumentontwerp

Deur middel van Professionele Kommunikasie, 'n kredietdraende kursus, lei die Eenheid vir Dokumentontwerp studente op om suksesvol in 'n professionele omgewing te kan kommunikeer. Dit behels veral opleiding in geskrewe dokumentasie.

Die Eenheid bied ook aan kliënte pasgemaakte dienste wat fokus op onderwerpe soos dokumentontwerp, professionele kommunikasie, teksstruktuur en tekskwaliteit.

## Skryflaboratorium

Die "Skryflab", soos dit bekendstaan onder studente, voorsien in 'n groot behoefte op die kampus en bied individuele konsultasiesessies vir studente aan waarin hul gestimuleer word om te dink oor die skryftaak en die skryfproses.

Studente leer tydens die individuele konsultasiesessies om verskillende skryfvaardighede te ontwikkel wat hulle in staat stel om beter te skryf. Die Skryflab is nie 'n redigeerdiens nie, maar wil juis skrywers bemagtig om self dokumente van hoë kwaliteit te produseer. Hulle bied ook korter kursusse en slypskole aan .

## Die Eenheid vir isiXhosa

Die Eenheid vir isiXhosa is verantwoordelik vir die ontwikkeling van taalvaardighede in isiXhosa. In samewerking met die Department Afrikatale, bied die Eenheid kort taalverwerwingskurusse aan aan US-personeel, studente en die publiek wat kommunikasie met isiXhosa-sprekers moontlik maak. Kursusse word ook aan internasionale studente gebied.

Die Eenheid is ook besig met baanbrekerswerk in die ontwikkeling van geïntegreerde tegniese terminologielyste vir akademiese departemente aan die Universiteit. Hierdie lyste word saamgestel om akademiese ondersteuning aan studente met isiXhosa as moedertaal te bied.

Sewe uitgebreide terminologielyste is al ontwikkel waaronder algemene akademiese lyste vir byvoorbeeld name van departemente, maar dan ook vak-spesifieke lyste vir onder meer Sosiologie, Maatskaplike werk, Sielkunde en Regsgeleerdheid.





# Pumlani leer Amerikaners isiXhosa praat

Behalwe die klapgeluide en ander klanke soos die 'dl', in dladla - 'speel' - en 'hl', in hlala - 'bly' of 'leef', het die studente uitstekend gedoen, sê mnr Pumlani Sibula, Hoof van die Eenheid vir Xhosa by die Taalsentrum.

Mnr Sibula was onlangs 'n gasdosent aan die Northwestern University in Chicago in die VSA waar hy basiese geselsvaardighede vir 'n groep van 35 Amerikaanse studente aangebied het. Dié politieke wetenskap en globale gesondheid-studente het Suid-Afrika onlangs besoek waar hulle 'n opvolgkursus deurloop het.


Volgens mnr David Seyferth, een van die studente, is hy bevoorreg om mnr Sibula in Chicago te kon hê omdat dit hom 'n voorsprong gegee het by sy aankoms in Suid-Afrika. "Ek het ook geweet wat om te verwag in terme van die verskillende kulture," het hy gesê.

Die klasse wat mnr Sibula in Chicago aangebied het, is ook opgeneem en geredigeer en sal binnekort beskikbaar wees aan studente in die VSA en Suid-Afrika.



*Mnr Pumlani Sibula in aksie.*
*Foto: Anton Jordaan*





Foto's: Cloete Breytenbach

# Eoan-groep

## se geskiedenis word by US bewaar *deur Hilde Roos*

Die Eoan-groep het in tye van donkerte in Suid-Afrika se geskiedenis "klanke van hoop gebring wat nooit stil geword het nie". Dit was die boodskap van prof Russel Botman, Rektor, tydens 'n spesiale funksie vroeër vanjaar waarin die argief van die Eoan-groep, 'n kulturele organisasie wat in die 1930s in die sogenaamde Kleurling-gemeenskap van die Kaap ontstaan het, aan die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) in die Departement Musiek oorhandig is.

Die groep het in 1956 geskiedenis gemaak toe hulle 'n kunstefees van stapel gestuur het wat nege uitvoerings van Verdi se La Traviata ingesluit het. Buiten opera het die fees ook toneel en ballet produksies ingesluit. Nog voor die gordyn sou lig vir hierdie eerste 'slegs Kleurling' uitvoering van La Traviata, was alle kaartjies vir die seisoen reeds uitverkoop.

Vanaf daardie jaar het Eoan vir byna twee dekades operaseisoene aan Kaapse gehore gebied. Die groep het in 1960 en 1965 uitgebreide landstoere onderneem en gehore oral op hul voete gehad. In 1962 was Eoan verantwoordelik vir die eerste inheemse ballet wat nog in Suid-Afrika opgevoer is. The Square, deur Stanley Glasser, het gehandel oor die lewe in Distrik Ses. In 1975 het Eoan na die buiteland getoer waar hulle in Londen en Aberdeen opgetree het.

Sukses het egter teen 'n prys gekom. Reeds voor 1956 het Eoan deur middel van regeringsfondse hul kulturele en welsynsaktiwiteite gefinansier. Hoewel hulle tussen 1956 en 1965 regeringsgeld geweier het, het die smet van die assosiasie met die Apartheidsregering gebly. Soos die opstand teen die regering gegroei het, het mense Eoan begin boikot. Die naelstring wat Eoan se opera uitvoerings moontlik gemaak het, het ook die kiem van hul ondergang gedra.

Apartheidswetgewing het verder gesorg dat Eoan stelselmatig uit die Kaapse kultuurlewe uitgewerk is. In 1963 is die Kunsterade gestig wat professionele moontlikhede slegs vir blankes gelaat het. In 1966 het Eoan sy tuiste in Distrik Ses verloor toe die gebied wit verklaar is.

### *Boekprojek*

DOMUS werk tans aan 'n boekprojek waarin die herinneringe van dié wat by Eoan betrokke was, gedokumenteer gaan word. Die boek hoop om die perspektiewe, oortuiginge en emosies van sangers, koorlede, dansers, tegniese assistente, administratiewe personeel, musikante en die publiek weer te gee. In 'n tyd toe Kleurling identiteit verguis is, was die prestasies van Eoan, veral op die gebied van opera produksie, 'n bron van trots maar ook van verset.

Volgens prof Botman is die geskiedenis van EOAN 'n belangrike geskiedenis omdat "hierdie verhale nie eerstens verhale van politieke aktivisme is nie, maar van liefde vir musiek, van omgee vir mekaar en van gedeelde drome."

Mnr Phillip Swales, voorsitter van die Eoan Trust, het gesê hy is "absoluut betower deur die erfenis wat agtergelaat is. Dit was 'n erfenis wat nie altyd erken was nie en soms vernietig was."

Dit is vir die Universiteit 'n eer en 'n voorreg om hierdie besondere material te mag bewaar en vir navorsing te ontsluit. ■

**The archives of the Eoan Group, a cultural organisation in the so-called coloured community, have recently been transferred to the Documentation Centre for Music. From the mid-1950s onwards, Eoan was a thriving opera company, staging many operas and other shows well into the 1970s. A book project, on the history of the Eoan Group, has also been launched.**

# Argieffoto's nou aanlyn te koop

Jy weet jou ouma en oupa was Maties, maar jy kan jou nie voorstel hoe hulle, die kampus óf Stellenbosch 60 jaar gelede gelyk het nie. Of dalk soek jy self 'n foto van daardie koshuis C-span waarvoor jy rugby of hokkie gespeel het.

Met die omvattende fotoversameling van die Universiteit Stellenbosch Argief - wat nou in 'n unieke e-winkel te koop is - kan jy self gaan loer na Oupa in sy rugbytrui, of Ouma uitgevat vir 'n wandeling deur Die Laan.

Volgens dr Hans Heese, Argivaris van die US Argief, maak die Argief geskiedenis met die heel eerste e-winkel in die US se splinternuwe e-inkopiesentrum. "Die bekendstelling van die Watson-Lockley- en Edrich-fotoversameling op die Internet, en die moontlikheid om foto's aanlyn te bestel, was lank reeds 'n doelwit wat nou uiteindelik verwesenlik is," het hy by die bekendstelling van die Argief se e-winkel vroeër vanjaar gesê.

Die sowat 80 000 foto's dek honderd jaar se geskiedenis van die Universiteit, sy studente en bekende geboue, sowel as die dorp in die algemeen.

- **Besoek www.sun.ac.za/argief, kliek op Aanlyn foto-versameling en volg die maklike stappe om jou stukkie geskiedenis te bestel. Foto's kos R30 elk. Nadat jy jou foto's met jou kredietkaart betaal het, sal dit per e-pos by jou afgelewer word. Die webtuiste gebruik MWEB se SafeShop-tegnologie – jy kan dus met 'n geruste hart jou foto's aankoop in die wete dat jou persoonlike gegewens veilig is.**



*By die bekendstelling van die Argief se e-winkel was, van links, prof Andreas van Wyk, voormalige US Rektor, me Lize Esterhuizen, Hoof: e-Kommunikasie Ontwikkeling, dr Hans Heese, Argivaris van die US Argief, mnr Ralph Pina, Direkteur: e-Besigheid, en me Tania Rossouw van die US Argief*
*(Foto: Anton Jordaan, SSFD)*

Die Universiteit het vanjaar drie van die gesogte NSTF-toekennings by die jaarlikse Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum Toekennings (oftewel die National Science and Technology Forum (NSTF) Awards) gewen - die meeste toekennings in die navorsingskategorieë.







# US wen weer drie NSTF-toekennings

Prof Piet Steyn, prof Dave Richardson en dr Monique Zaahl is einde Mei as kategorie-wenners by 'n gala-geleentheid in Gauteng aangewys.

In 2008 het die US ook drie toekennings ontvang.

Die toekennings gee onder meer erkenning aan individue wat bygedra het tot die bevordering van die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie.

## Prof Piet Steyn

Prof Piet Steyn, 'n vorige hoof van die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Navorsingsontwikkeling en tans 'n senior navorser in die Departement Chemie en Polimeerwetenskap, het die toekenning in Kategorie A ('n Individu oor 'n leeftyd) ontvang, vir sy bydrae tot die wetenskap waarin hy fungi in verband gebring het met siektes en ook beheermeganismes ontwikkel het wat betref fungi in kos en voer asook vir sy leierskap wêreldwyd om wetenskaplike navorsing te bevorder en te steun.

Sy navorsing oor mikotoksines, wat gevaarlike stowwe is wat deur swamme geproduseer word, het gelei tot verbeteringe in voer- en veiligheidstandaarde in Suid-Afrika en die res van die wêreld. Prof Steyn het ook baanbrekersbydraes gelewer tot die kennis van Suid-Afrikaanse planttoksines (die bufadiënoliede) se chemie met positiewe implikasies vir 'n aantal velde in landbou.

## Prof David Richardson

Prof David Richardson is in Kategorie B (Navorsing en die uitsette daarvan oor die laaste vyf jaar of minder) vereer vir fundamentele bydraes op die snelgroeiende gebied van biologiese indringer ekologie. Prof Richardson is die Adjunkdirekteur: Wetenskapstrategie van die Sentrum vir Indringerbiologie wat befonds word deur die Departement Wetenskap en Tegnologie en die Nasionale Navorsingstigting.

Prof Richardson se werk werp nuwe lig op die dinamika van biologiese indringing, veral ten opsigte van bome en bosse. Sy werk fokus op sowel die ontwikkeling van robuuste teoretiese raamwerke vir indringer-ekologie as op die voorsiening van praktiese riglyne vir die bestuur van indringerspesies, veral toegespits op die indringer-ekologie van boomspesies wat gebruik word in kommersiële bosbou en agro-bosbou (waarbinne bome nie aangeplant word om as houtbron te dien nie).

## Dr Monique Zaahl

Dr Monique Zaahl, 'n Senior Lektor in die Departement Genetika, het die toekenning in Kategorie J ontvang vir haar navorsingsprogram in versteurings wat die resultaat is van 'n ysteroorlading. Kategorieë H en J, bekend as die TW Kambule NNS Navorsingstoekennings, word toegeken aan swart individue in Suid-Afrika wat uitstaande bydraes gelewer het aan die wetenskap, ingenieurswese, tegnologie en innovasie en rolmodelle verteenwoordig wat ander kan navolg.

'n Omvattende ondersoek na die molekulêre basis van ysteroorladingsiektes het tot nuwe insig oor die kompleksiteit van die vervoer en gebruik van yster in die liggaam gelei. Dr Zaahl se werk is daarop gemik om vas te stel hoe die gene wat die opneem en vervoer van yster beheer, kan bydra tot die ontwikkeling van 'n verskeidenheid siektes in die uiteenlopende Suid-Afrikaanse bevolking waar yster geïmpliseer is, insluitend primêre ysteroorlading, slukdermkanker, porphyria cutanea tarda (die mees algemene subtipe porfirie, waar blase op die dele van die vel wat die meeste aan sonlig blootgestel word, gevorm word) en veelvuldige sklerose. Die resultate van hierdie studie het gelei tot beter insig in die werking van die meganismes wat betrokke is by ystermetabolisme. Dit het weer daartoe bygedra dat pasiënte beter bestuur kan word en is nuwe versorgingstandaarde daargestel.

Dr Therina Theron, Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, het gesê dat die toekennings die Universiteit Stellenbosch se groeiende reputasie as uitnemende navorsingsgedrewe instelling onderstreep. "Die aard van die navorsing van die persone wat vereer is, is ook bewys daarvan dat die Universiteit erkenning ontvang vir sy relevante navorsing wat 'n verskil in die samelewing maak."

Professor Amanda Lochner van die Departement Biomediese Wetenskappe was ook 'n finalis. Sy is genomineer vir haar lewenslange navorsing oor hartsiektes. ■

*Foto, links bo:* Dr Monique Zaahl

*Foto, regs bo: Die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor en prof Piet Steyn*

*Foto, onder: Me Naledi Pandor, Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Penny Vinjevold, Adjunk Direkteur-Generaal van die Departement Onderwys en prof David Richardson.*

*Foto's: NSTF*

The University has again scooped three awards at the annual National Science and Technology Forum (NSTF) awards function in May. Prof Pieter Steyn, Prof David Richardson and Dr Monique Zaahl were honoured.




Foto: Anton Jordaan, SSFD

## Johann Cook

### RECEIVES GRANTS FOR INTERNATIONAL RESEARCH ON THE SEPTUAGINT

Prof Johann Cook from the Department of Ancient Studies has been awarded a highly sought-after grant from the Oppenheimer Memorial Trust. The grant was awarded for a research project that will be conducted at the University of Leiden in the Netherlands during the second semester of 2009.

The research concerns the Septuagint, the Greek translation of the Hebrew Bible. He will be focusing on Sapiential literature and more specifically on the books of Proverbs and Job. The main focus of this research will be on determining the provenance of these unique books.

The research will be conducted in cooperation with Prof Arie van der Kooij, Old Testament scholar and internationally renowned Septuagintologist from Leiden.

Prof Cook furthermore received an international research grant recently together with Prof Hermann-Josef Stipp, a visiting professor at the Department of Ancient Studies. The bilateral research project, sponsored by the National Research Foundation and the Deutsche Forschungsgemeinschaft, will run over three years.

This project also focuses on the Septuagint. Three books from this corpus will be researched. Prof Cook will study the books of Proverbs and Job, and Prof Stipp the book of Jeremiah.



Foto: Anton Jordaan, SSFD

## MATIES TAKEL MIV/VIGS

*Die twee redakteurs van die glanspublikasie oor MIV/vigs, prof Izak van der Merwe (links) en me Maryke Hunter-Hüsselman, oorhandig 'n kopie aan prof Russel Botman*

Die Universiteit Stellenbosch (US) is by nie minder nie as 270 MIV/vigsprojekte betrokke - 'n duidelike bewys dat navorsing in dié verband vir hierdie instelling 'n groot prioriteit is. Die navorsing vorm ook 'n belangrike komponent van die US se strategiese navorsingsprioriteite, sê dr Therina Theron, Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie.

'n Keur van die 270 projekte is onlangs deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) onder vyf hooftemas in 'n glanspublikasie saamgevat.

Die temas wissel van die verstaan, voorkoming, behandeling en die sorg en bestuur van MIV/vigs tot die sosiale en kulturele aspekte daarvan. Dit behels ook 'n verskeidenheid MIV-verwante navorsingsprojekte wat aspekte van onderrig en leer en gemeenskapsinteraksie insluit. Die publikasie is onlangs aan die Rektor, prof Russel Botman, oorhandig.

Die bekendstelling van dié spogpublikasie is opgevolg met 'n simposium oor MIV/vigsnavorsing aan die US om onder meer 'n geleentheid te skep vir die uitbou van netwerke tussen navorsers met die oog op toekomstige samewerking.

"Die publikasie toon dat ons nie net besig is met gehalte-werk wat 'n aktiewe bydrae kan lewer in die verbetering van die samelewing nie, maar ook met navorsing wat relevant is in die Suid-Afrikaanse konteks," sê me Maryke Hunter-Hüsselman, Navorsingskoördineerder: Geestes- en Sosialewetenskappe in die ANO en ook mederedakteur van die publikasie.

Die US het verlede jaar R3,5 miljoen van die EU ontvang om sewe kernprojekte van stapel te stuur wat sal bydra tot die verbetering van institusionele MIV-programme aan die Universiteit. Die glanspublikasie vorm deel van hierdie sewe projekte.

Sewe departemente en afdelings aan die US bied byvoorbeeld MIV-onderrig in hul kurrikula aan en 'n grondslag-MIV-kursus word aanlyn deur alle nuwelingstudente voltooi.



*Dr Bill Venter (regs), Voorsitter van die Altron-groep, hier saam met die wenners proff Steven Chown (US) en Sue Nicolson (UP). (Foto: verskaf)*

## MATIES PROFESSOR VEREER MET GESOGTE TOEKENNING VIR AKADEMIESE BYDRAES

Prof Steven Chown, Direkteur van die Sentrum vir Indringerbiologie (SIB) en professor in die Departement Plant- en Dierkunde aan die Universiteit Stellenbosch (US), is onlangs die *Bill Venter/Altron Literary Award* vir 2009 vereer.

Prof Chown deel die toekenning met prof Sue W. Nicolson van die Universiteit Pretoria vir hul boek *Insect Physiological Ecology, Mechanisms and Patterns* (OUP). Hulle het ook elkeen 'n tjek van R40 000 ontvang.

Die *Bill Venter/Altron Literary Award* word toegeken vir die mees uitstaande bydrae tot navorsing, gepubliseer in boekvorm, deur Suid-Afrikaanse akademici. Die wenner word deur 'n onafhanklike paneel beoordelaars onder die vaandel van HESA (oftewel Hoër Onderwys Suid-Afrika) aangewys.

Die jaarlikse prys word beurtelings toegeken vir bydraes tot geesteswetenskappe of wetenskap. Hierdie jaar was die prys toegeken vir bydraes tot die wetenskap.

Die pryse is tydens 'n gala-geleentheid in Johannesburg aan die wenners oorhandig.





# US navorsers wen gesogte prys

Twee navorsers aan die Universiteit Stellenbosch is onlangs met gesogte pryse vir Christelike letterkunde bekroon. Dr Len Hansen van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie en dr Francois Wessels, 'n navorsingsgenoot in die Fakulteit Teologie, is onderskeidelik met die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir Christelike en Teologiese Boeke in 'n amptelike taal van Suid-Afrika en die Andrew Murray-prys vir Afrikaanse Teologiese Boeke bekroon.

Dr Hansen het die prys vir sy rol as redakteur van die boek *Christian in Public* (uitgegee deur SUN MeDIA) ontvang. Hy deel hierdie prys met prof Vincent Brummer vir sý boek *What are we doing when we pray?*

Die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys word vanjaar vir die derde keer toegeken. Die prys bestaan uit 'n kontantbedrag van R12 000, 'n trofee en 'n oorkonde.

Dr Wessels, 'n navorsingsgenoot in die Departement Nuwe Testament aan die Fakulteit Teologie, is bekroon vir sy boek *Wie was Jesus regtig?* Die boek is deur Lux Verbi.BM uitgegee

Dr Wessels is 'n predikant van die Cape Peninsula Reformed Church en is hy ook betrokke by die Messiaans-Joodse gemeente *Beit Ariel* in Kaapstad.

Die Andrew Murray-prys word vanjaar vir die 29ste keer toegeken. Die prys bestaan uit 'n kontantbedrag van R12 000, 'n goue penning en 'n oorkonde.

## US-AKADEMIKUS BEKROON MET SA AKADEMIE-PRYS



Prof Jannie Hofmeyr van die Departement Biochemie is met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Havengaprys vir Biologiese Wetenskappe bekroon.

Die Havengaprys is 'n jaarlikse prestigeprys wat vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegniese gebied toegeken word. Die prys kan net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Prof Hofmeyr word deur die Akademie beskou as 'n wêreldleier op sy vakgebied vir sy uitnemende akademiese rekord en navorsingsbydraes op die gebied van komplekse sellulêre beheersisteme van selle en die modellering daarvan.

Hy geniet internasionale erkenning vir sy sisteem-biologiese benadering en denke oor die funksionering van die lewende sel as komplekse, dinamiese sisteem.



*Dr Shirley Ann Jackson and Prof Russel Botman signing the MoU between Rensselaer Polytechnic Institute and Stellenbosch University. Behind Dr Jackson is Rensselaer's Chief of Staff Mr Laban Coblentz and next to Prof Botman is Ms Samantha Walbrugh-Parsadh, Assistant Director of the International Office of SU*

# SU partners with Rensselaer

Stellenbosch University (SU) signed a memorandum of understanding (MoU) with Rensselaer Polytechnic Institute, the oldest technological research university in the United States, earlier this year.

This will see the two universities team up to expand science and engineering capacity and encourage young people to focus their energy on addressing the great global challenges of our time. The partnership was formalised at a signing ceremony in Stellenbosch in March.

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, described the partnership as a significant step in the University's efforts in affirming its status as a leading institution of higher education in Africa.

"The partnership with Rensselaer, known for pre-eminence in research conducted in an array of fields, will be hugely beneficial to the endeavours of the University. It will also pave the way for meaningful cooperation in science and engineering, the development of collaborative research programmes and for an innovative exchange programme that will add tremendous value to our pedagogy of hope."

According to Rensselaer's president, Dr Shirley Ann Jackson, the partnership will generate new opportunities for students, teachers and researchers from both institutions and help them to "enhance their skills, expand their reach and impact, and make a positive difference in the lives of others".

The new partnership enables, among others, staff and student exchange and joint student projects focused on key development issues.



## SU AND SASOL LTD ENTERS INTO RESEARCH AGREEMENT

Stellenbosch University (SU) and Sasol Technology (Pty) Limited, a wholly owned subsidiary of the South African energy and chemicals company, Sasol, signed a framework research agreement earlier this year that will enable the University to conduct research and development on behalf of the company.

The framework focuses on the fields of production of synthesis gas and the production of fuels or chemicals from synthesis gas or ethylene.

"In order to leverage Sasol's research resources, complement its own research effort and capability and stimulate and maintain high-quality research and development, Sasol will outsource various research projects to SU. The agreement will not only streamline arduous legal processes, but will also fast-track research output," Dr Sven Godorr, Acting Managing Director: Sasol Technology Research and Development, said. "SU has proven itself as an esteemed research partner with niche capabilities in separations technologies, alternative energy, polymer science, analytical solutions and certain chemical transformations," he added.

He also commented that Stellenbosch is one of the premier research universities in the country and that some of the best researchers at Sasol graduated from SU.

Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector (Research) at SU, said the agreement is a clear vote of confidence in the University's ability to be a world-class knowledge partner and pioneer. "The framework re-emphasises Stellenbosch University's increasing status as a technologically innovative and research-driven university."



*A collaborative partnership between the universities of Stellenbosch, Cape Town and Würzburg, Germany, has led to the establishment of the first International Research Training Group in Africa. The project was launched at a symposium in Stellenbosch with South African and German speakers. They were, from the left: Prof Arnold van Zyl (SU), Dr Jürgen Breitkopf (Uuiversity of Würzburg), Prof Wolfgang Preiser (SU), Mr Christof Mühlberg (Germany), Mr Robert Kriger (NRF), Prof Axel Rethwilm (Würzburg) and Prof Heidrun Moll (Würzburg) in front.*

# LEAVING A SCIENTIFIC FOOTPRINT IN AFRICA

**South African efforts to develop research capacity and increase the number of world-class researchers in the country received a huge boost recently when Stellenbosch University (SU), in collaboration with the University of Cape Town (UCT) and the University of Würzburg, Germany, launched the first ever International Research Training Group (IRTG) in Africa.**

"Research training groups are university training programmes established for a specific period to support young researchers in their pursuit of a doctorate. The IRTG concept was developed in Germany, where so-called Graduiertenkollegs are funded by the German Research Foundation. They provide doctoral students with an opportunity to work in a coordinated research programme, run by lecturers from participating universities," explains Prof Wolfgang Preiser, Head of the Virology Division in the SU Faculty of Health Sciences.

The theme of the new IRTG is HIV/Aids and associated infectious diseases in southern Africa. Scientific topics include the translation of clinical into basic research on infectious diseases.

The study programme is incorporated in the overall research programmes of the participating universities but aims to complement and extend the individual specialisations of the doctoral candidates involved and to provide a structure for cooperation. Research and study programmes are designed to have an interdisciplinary focus.

Prof Preiser and his counterpart at the Julius-Maximilians Universität Würzburg, Prof Axel Rethwilm, played a pivotal role in establishing the first South African IRTG, which comprises 12 research groups - seven for SU and five for UCT.

Scholarships for the 12 South African PhD candidates to participate in this group are funded by the National Research Foundation (NRF), which also provides funding for some of the international exchange opportunities, workshops and symposia between the participants. "Through the IRTG, these students will be exposed to unprecedented joint training opportunities with their German partner group at the University of Würzburg. The research and study programmes are jointly developed and supervised by the three partner institutions," says Prof Preiser.

At the launch of the programme, the SU Vice-Rector: Research, Prof Arnold van Zyl, said that a "frightening epidemic in close proximity of high-class medicine" at Stellenbosch University presents an opportunity for research on HIV/Aids and other infectious diseases that is unique in the world. He welcomed the collaboration with Germany and emphasised SU's "historical responsibility to leave a scientific footprint in Africa".



*Prof Bernd Rosenkranz of the Faculty of Health Sciences (second from the left) with members of the Koch-Metchnikov Forum: Dr George Kosmiadi of Russia (second from the right) and Dr Florian Marx (right) of Germany. On the far left is Dr Sreedharan N Sabarinath, an American guest who attended the workshop held in the Pharmacology Division at the Faculty of Health Sciences.*

# New TB Research partnership

**Russia, like South Africa, has one of the highest TB rates in the world and has been identified by the World Health Organization (WHO) as one of the 22 countries that account for about 80% of all TB cases in the world. It should therefore come as no surprise that a recent workshop held at Stellenbosch University's (SU) Faculty of Health Sciences drew researchers from South Africa, Russia and Germany to investigate areas of common interest and discuss cooperation in the field of TB research.**

At the workshop, SU and the Berlin-based Koch-Metchnikov Forum (KMF) also laid the foundation for a new partnership to fight tuberculosis and other infectious diseases. KMF is an official collaboration agreement between Germany and Russia, with the specific aim of improving TB research and treatment in the Russian Federation, where the TB mortality rate is the highest in Europe.

The agreement between SU and the KMF provides for long-term scientific cooperation, exchange of students, teachers, doctors and scientists aimed at the training of highly-qualified scientific experts and teaching staff.

One of the main objectives of the working group is to recruit leading researchers and experts from South Africa, Russia and Germany for TB research, with a special focus on drug-resistant pulmonary TB, translating advanced developments from South Africa, Russia and Germany into practical public health care and attracting big industrial investor interest to the problems associated with TB and related infectious diseases.


The South African-German cooperation will be aimed at improving access to effective diagnosis, treatment and cure, putting a stop to the transmission of TB, reducing its social and economic toll and assisting in the development and implementation of new preventive, diagnostic and therapeutic tools and strategies to stop TB.

A strong contingent of researchers from the SU Faculty of Health Sciences and Tygerberg Hospital, who are involved in TB research, TB management and public health, attended the workshop.

At the workshop, Dr George Kosmiadi of the KMF pointed to many similarities in the epidemiology of TB in Russia and South Africa. "The incidence of multiple-drug-resistant TB is growing, and according to the latest WHO estimates, almost 50% of registered TB cases are multi-drug resistant. At the same time the number of TB/HIV co-infection cases is growing, especially in populations such as intravenous drug users and prisoners," he said.

As is the case in South Africa, factors that play a role in TB in Russia include social problems, poverty, unemployment and excessive alcohol use, said Dr Kosmiadi. Unlike South Africa, however, intravenous drug use plays a more central role in TB and HIV co-infections in Russia than sexual transmission of the HI virus.

**Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe gaan 'n sleutelrol speel in die US se nuwe landelike opleidingsentrum in Worcester wat aan studente vanoor 'n spektrum van vakgebiede die geleentheid vir praktiese opleiding tot voordeel van die plaaslike gemeenskap sal bied.**



*Dis hoe! Mnr Mohamad Khan, 'n MB ChB-student, besig met 'n tuisbesoek in Avian Park, Worcester*

# Worcester kry Landelike Opleidingskool



*Studente en tuisversorgers voorsien TB-behandeling (DOTS) aan pasiënte by die Primêre Gesondheidsorg Diensleersentrum in Avian Park, Worcester.*

Reeds vanaf 2002 trek Worcester en omliggende plattelandse gebiede soos Ceres, Robertson, Montagu, Swellendam, Caledon en Hermanus voordeel uit veral die Ukwanda-projek, die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Sentrum vir Landelike Gesondheid.

Oor die afgelope paar jaar was daar egter 'n groeiende behoefte aan 'n uitbreiding van Ukwanda-aktiwiteite, gepaardgaande met 'n behoefte aan groter interafhanklikheid tussen gesondheid en ontwikkeling en het die Universiteit 'n strategiese plan ontwikkel om 'n Landelike Kliniese Skool op Worcester te vestig.

Ukwanda, as 'n platform vir onderrig, opleiding en navorsing, is nie net stewig gevestig nie, maar word intensief benut deur die Fakulteit se voorgraadse studente waaronder mediese studente en studente uit die aanvullende gesondheidsberoepe, wat dwarsdeur die jaar kliniese rotasies, oftewel praktiese opleiding, in die Overberg doen. Nagraadse studente en navorsers kry ook die geleentheid om hier hul opleiding en navorsing voort te sit.

Omdat Ukwanda gemeenskapsinteraksie met onderrig en navorsing integreer, is vlagskipstatus vir gemeenskapsinteraksie in 2008 aan die Sentrum toegeken.

Die Landelike Kliniese Skool word beskou as 'n bevestiging van die Fakulteit se verbintenis tot optimale gesondheidsorg, volhoubare landelike ontwikkeling en gemeenskapsinteraksie sowel as 'n universiteitsbydrae tot volhoubare landelike ontwikkeling in hierdie streek.

Die Skool sal benewens opleiding vir professionele gesondheidswerkers ook voorsiening maak vir 'n veel groter inset van mediese studente, studente uit die aanvullende gesondheidswetenskappe en selfs internasionale studente wat hier praktiese opleiding kom doen.

Waar mediese studente in die verlede sowat ses weke praktiese opleiding hier ontvang het en 'n diens in die gemeenskap gelewer het, maak die nuwe beplanning voorsiening vir 'n jaar lange kliniese rotasie vir finale jaar mediese studente, asook vir rotasies deur studente in die aanvullende gesondheidswetenskappe.

## Interfakulteit samewerking

Behalwe Gesondheidswetenskappe, sal geleenthede vir verskillende fakulteite geskep word om saam te werk aan projekte wat fokus op alle aspekte van menslike sekuriteit in landelike gebiede – onder meer die ontwikkeling van plaaslike vaardighede en kundigheid ten bate van die hele streek. Fakulteite soos AgriWetenskappe, Teologie, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid en Opvoedkunde sal na alle verwagting ook op by die Skool verteenwoordig word.

Raakpunte tussen die fakulteite op gebiede soos voedselbronne, skoon water, gesondheid, leefstylverbeterings, vaardigheidsontwikkeling en omgewingsvolhoubaarheid is reeds geïdentifiseer, veral in projekte van die verskillende fakulteite wat reeds op dreef is.

Die inisiatief is in ook in ooreenstemming met die Universiteit wat 'n deurslaggewende rol wil speel in die oplos van sosiale en omgewingsprobleme in Suid-Afrika en op die vasteland en wat betref belyning met die sleutel ontwikkelingstemas wat toenemend internasionaal aandag geniet. Dit sluit in die bekamping van pandemiese armoede; die bevordering van menslike sekuriteit (van voedselsekuriteit tot vredesinisiatiewe); handhawing en bevordering van menswaardigheid; die bevordering van demokrasie; en die bevordering en handhawing van omgewingsvolhoubaarheid.

Die Skool sal befonds word deur die fakulteit, universiteit, en die nasionale Departement van Onderwys se toekenning vir kliniese praktiese opleiding wat die Fakulteit - soos ander Fakulteite vir Gesondheidswetenskappe in die land ontvang het.

Die moontlikheid word ook ondersoek om 'n Leerstoel in Landelike Gesondheid te skep om verdere stukrag te verleen aan navorsing en ontwikkeling sodat die kennis wat op hierdie wyse gegenereer word, uiteindelik kan bydra tot ontwikkeling in die Overbergstreek, sowel as nasionaal en op die Afrika-vasteland. m

- **Kontak prof Hoffie Conradie of me Lindsay-Michelle Meyer by tel 021 938 9108 of per e-pos by lindsaym@sun.ac.za vir meer inligting oor Ukwanda of dr Therese Fish by tel 021 938 9033 of per e-pos by tfish@sun.ac.za oor die Landelike Kliniese Skool.**

**A rural training school is to be developed in Worcester. The Faculty of Health Sciences will play a central role in this initiative with medical students and students in the complementary health sciences being trained at the school while also being involved in community interaction projects. Students from other faculties will be represented at the centre as well.**



*Prof Eugene Cloete en sy 1962 Jaguar 2.4 MK II*
*Foto: Anton Jordaan, SSFD*

# Maties se nuwe waterwyser

**Sy pa se raad het die loopbaan-keuses van prof Eugene Cloete, nuwe dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en 'n internasionaal-gerekende waternavorser, gerig, skryf Engela Duvenage.**

"Hy't gesê as jy BSc studeer, moet jy fokus op kos en water, want mense sal altyd albei nodig hê," onthou prof Eugene Cloete die wysheid van sy pa, 'n Noordoos-Kaapse boer.

Hy het mikrobiologie tydens sy voorgraadse studies aan die Universiteit van die Vrystaat ontdek, en daarna sy doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria (UP) verwerf.

Voor sy aanstelling as dekaan was dié liefhebber van veteraanmotors hoof van Tukkies se Departement Mikrobiologie en Plantpatologie, voorsitter van die Skool vir Biologiese Wetenskappe, asook direkteur van die UP se gerekende Waterinstituut en die Edward de Bono Instituut vir Kreatiwiteit.

Hierdie produktiewe en innoverende navorser het 120 navorsingspublikasies en nege patente op sy kerfstok. Hy fokus veral op watergehalte, waterhulp-bronbestuur, nanotegnologie in watertoepassings, openbare gesondheid, voedselmikrobiologie en die suiwering van afvalwater en afvalstowwe uit die omgewing.

Prof Cloete sê sy passie vir veral water spruit uit sy absolute liefde vir mense, en sy geloof dat hy as 'n wetenskaplike mense se lewensgehalte kan help verbeter. "Daar is miljoene mense wêreldwyd wat nog nie toegang tot water het nie, en ek wil met my bydrae help om hul nood te verlig.

"Ek word gedryf deur doelwitte wat die moeite werd is," kom dit lewenslustig van prof Cloete, wat aan die begin van die jaar saam met sy vrou, Heloise, na die Helderbergkom verhuis het. Hul twee dogters, albei grafiese kunstenaars, bly steeds in Pretoria.

"My liefde vir mense is juis een van die redes waarom ek in die akademie bly," sê hy, en wys na sy netjiese boekrak met die byna 70 meestersgraadtesisse en PhD-proefskrifte wat onder sy leiding voltooi is. "Dit is almal monumente daardie - beleggings wat jy in ander mense se lewens maak."

"En op hul beurt kan my studente ook weer 'n verskil maak."

Hy het vanjaar 'n Kanseliersprys van die UP ontvang vir sy uitnemende bydrae tot waternavorsing, -onderrig en -leer. Hy is ook reeds deur die Suid-Afrikaanse Industriële Watervereniging en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie vereer, en is 'n voormalige ontvanger van die Havengaprys vir Biologie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Naas sy akademiese en navorsingsverpligtinge beklee prof Cloete ook verskeie nasionale en internasionale professionele leierskapsposisies. Dié genoot van die Amerikaanse mikrobiologie-akademie is onder meer voorsitter van die Academy of Science of South Africa (ASSAf) se komitee oor armoede en tegnologie en 'n senior genoot van die Waterinstituut van Suid-Afrika (WISA). Hy is ook lid van Coca-Cola World Water se wêreldwye kennerspaneel van agt lede wat onlangs 'n prys van die Amerikaanse National Sanitation Foundation ontvang het.

Die politieke kwessies rakende waterhulpbronbestuur het die afgelope paar jaar veral op internasionale vlak 'n al groter rol in sy bedrywighede begin speel. So was hy agt jaar lank raadslid van die Internasionale Watervereniging (IWA), waaraan 123 lande behoort, en het hy onder meer as visepresident en voorsitter van die IWA Strategiese Raad gedien.

Daarby is hy 'n man wat nie omgee vir nog hooi op sy vurk nie. Met prof Cloete aan die spits is die US pas aangewys as koördineerder van 'n inisiatief van die Europese Kommissie wat waternavorsing in Suider-Afrika, ooreenkomstig NEPAD-doelwitte, befonds. "Danksy hierdie NEPAD-waterinisiatief kry US-waternavorsers, saam met ander Suider-Afrikaanse wetenskaplikes, in die eerste jaar reeds toegang tot projekbefondsing van nagenoeg R30 miljoen."

Ten spyte van al hierdie verpligtinge glo hy daarin om sy doserings- en navorsingsbande te behou. Hy help met die onderrig van Mikrobiologie-honneursstudente, terwyl eerstejaarstudente in natuurwetenskappe hom al in spesifieke dekaansperiodes leer ken het. Dan is daar ook nog 'n tiental nadoktorale genote asook doktorale en magisterstudente van Matieland en Tukkies onder sy navorsingsvleuels.

"As bestuurder kan ek net weet wat op grondvlak en in die akademie aangaan deur self betrokke te wees," verduidelik hy. "Ek glo in wat iemand eens gesê het: *The desk is a dangerous place from which to watch the world go by*."

Prof Eugene Cloete is the new dean of the Faculty of Science. He is the former head of the Department of Microbiology at the University of Pretoria (UP), chair of the School for Biological Sciences, as well as director of both UP's acclaimed Water Institute and the Edward de Bono Institute for Creativity.



'n Groep inwoners van Weidenhofhuis is (voor) drs Uma en Ester Onwunta (Nigerië) en ds Hastings Abale-Phiri (Malawi) en agter is dr Miracle Ajah (Nigerië), ds Madalitso Banda (Zambië), ds Christopher Munikwa (Zimbabwe) en dr Olo Ndukwe (Nigerie).





# TEOLOGIE kyk terug én vorentoe

**"Herinnering en hoop, nou verweef met heling, is deurgaans die fokus van Teologie Stellenbosch 150+, die viering van 150 jaar van teologiese opleiding op Stellenbosch."**

Dis hoe prof Elna Mouton, Dekaan van die Fakulteit Teologie, hierdie besonderse mylpaal beskryf.

Die Fakulteit het reeds vroeg vanjaar feesvieringe afgeskop met die verskyning van *Gedenkboek Teologie Stellenbosch 150+*, 'n spogpublikasie om 150-jarige bestaan van die Kweekskool en die latere Fakulteit Teologie te gedenk.

Aktiwiteite in die eerste semester het ingesluit 'n kongres oor konflik, vrede en volhoubare ontwikkeling in Afrika, 'n spesiale Paasuitvoering en 'n aantal konferensies, onder meer in samewerking met die Protestantse Teologiese Universiteit in Utrecht, Kampen en Leiden en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

Die tweede semester het ook 'n druk program met onder meer die jaarvergadering van die Network for African Congregational Theology (NetACT) en die Internasionale Calvyn-gedenkkonferensie. Ander hoogtepunte is 'n eregradeplegtigheid in September, 'n feeskonsert in Oktober en 'n erediensviering in November.

"Met die 'plus' van 150+," verduidelik prof Mouton, "wil die Fakulteit vanjaar, en ook vorentoe, al hoe meer fokus op ons eie vasteland - op hoop en heling in Afrika. Met 'Herinnering' dink ons aan die Nederduits Gereformeerde Seminarium wat presies 150 jaar gelede met die hulp van Europese vennote gestig is om predikante van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) op te lei. Baie van dié predikante het deur die dekades Christelike pioniers en kerkplanters in talle Afrika-lande geword. 'n Duidelike lyn van genade kronkel van Stellenbosch deur Afrika, van die Kaap tot Kaïro".

Benewens NetACT fasiliteer die Fakulteit ook twee sogenaamde kurrikulering-werksessies - een oor vigs-opleiding en een oor die Bybelwetenskappe, wat dan verder gestalte sal gee aan denke oor hoop in die feesjaar.

Volgens prof Jurgens Hendriks, verbonde aan Departement Praktiese Teologie en Missiologie van die Fakulteit, fokus NetACT, 'n netwerk van 11 Gereformeerd-Presbiteriaanse teologiese instellings, op leierskapontwikkeling in die kerk en op die vasteland. "Die Fakulteit is bevoorreg om 'n lid van die netwerk te wees en ook die netwerk se kantoor te huisves. Ons leer by mekaar, ondersteun mekaar, deel kennis, ervaring en bronne en ruil dosente en studente uit. Samewerking het 'n sirkel van seën geword!"

"Soos wat die Fakulteit vorentoe kyk, in aansluiting by die 'plus' van 150+, wil ons 'n gasvrye ruimte vir diverse mense en standpunte bied," voeg prof Mouton by. "Ons wil kerke, gemeenskappe en die wetenskap dien - uitmuntend dien. In aansluiting by die Universiteit wat homself belyn met die sleutel-ontwikkelingstemas wat internasionaal aandag geniet, sonder die Fakulteit die bevordering van menswaardigheid uit. Dit is wesenlik verpand aan die stryd teen armoede. NetACT deel hierdie droom.

- Kontak me Helette van der Westhuizen, die Feesorganiseerder, by tel 808 2469 of per e-pos by teologiefees@sun.ac.za vir meer inligting oor die Feesprogram.
- Die Gedenkboek is nog beskikbaar vir MatiesAlumni wat dit wil bestel. Kontak Bybel Media Handel by tel 021 873 0822 of by 082 226 3342.

## WEIDENHOFHUIS EERSDAAGS UITGEBREI

Die Network for African Congregational Theology (sien artikel hiernaas) se twee skakelhuise in Weidenhofstraat, gaan eersdaags vergroot word om voorsiening te maak vir 33 mense.

Weidenhofhuis is deur die Hartgerink Trust ('n Amerikaanse Christelike organisasie wat hulle toespits op die bevordering van teologiese opleiding in Afrika) en die NGK aan die US geskenk en huisves tans 14 studente.

"Gasvryheid en intellektuele arbeid is nie moontlik sonder 'n huis vol warmte en liefde nie!" meen prof Jurgens Hendriks, verbonde aan Departement Praktiese Teologie en Missiologie van die Fakulteit Teologie.

"Studente uit Malawi, Zambië, Zimbabwe, Kenia, Mosambiek, Nigerië en vele ander lande word 'familie' met 'n gesamentlike geestelike tuiste in dié huis wat bekostigbare kort- en langtermyn-behuising bied. Boonop is dit gerieflik naby Stellenbosch-stasie en die kampus geleë. Studente kom en gaan, maar die huis se warm hart bly dieselfde. Nuwelinge word vinnig deur gesoute studente in die praktiese aspekte van Matie-wees ingewy - van kruideniersware koop tot rekenaarvaardigheid. Hier vind hulle 'n geestelike tuiste, mense wat hul ervaringswêreld verstaan en hul geloof deel."

Die Fakulteit het reeds R2 miljoen vir die vergroting van die huis ingesamel, maar 'n verdere R5 miljoen word benodig. "Ons doen 'n spesiale beroep op MatiesAlumni om by te dra tot hierdie hierdie besonderse projek van hoop en heling," sê prof Elna Mouton, Dekaan van die Fakulteit Teologie.

- Kontak me Liena Hoffman, Fakulteitsbestuurder van die Fakulteit Teologie, by tel 021 808 3261 of per e-pos by liena@sun.ac.za om 'n bydrae tot die Weidenhofhuis-projek te maak. Sien ook www.sun.ac.za/theology vir meer inligting.

# PROF OPARA BRINGS VAST EXPERIENCE *back to Africa*

**After spending nearly two decades building up a research and academic career in New Zealand and other parts of the world, Prof Linus Opara, the head of a South African Research Chair in Postharvest Technology at Stellenbosch University (SU), has returned to Africa to share his extensive experience of postharvest technology with the continent. Lynne Rippenaar spoke to Prof Opara about his vision to turn SU into a forerunner on research and teaching in postharvest technology.**

"The academic sector is unique, not only due to the intellectual freedom one enjoys, but also because of the ability to stretch the boundaries of knowledge," says Prof Opara, a chartered engineer, who was born in Nigeria and has been involved in postharvest research for nearly 20 years.

"I grew up in a village in Nigeria and the first, and perhaps only, industry that I knew when I entered university was agriculture. So I decided to study engineering because I could see the potential of combining agriculture and engineering."

Prof Opara graduated from the University of Nigeria in Nsukka with a BEng in Agricultural Engineering (cum laude) in 1987. A year later he obtained an MEng in Agricultural Engineering from the same university. He completed a PhD in Agricultural Engineering/Postharvest Technology from Massey University in Palmerston North, New Zealand, in 1993.

His research and academic career started in 1995 when he joined the Agricultural Engineering Department at Massey University as a lecturer in postharvest engineering. In 1999 he became a senior lecturer in the Institute of Technology and Engineering. He served at various senior levels of university management and was also a founding member of the Centre for Postharvest and Refrigeration Research at Massey. In addition, he has designed and implemented postharvest technology training projects in the South Pacific, Africa, Asia and the Middle East for the World Bank, the Food and Agriculture Organisation (FAO) of the United Nations and New Zealand AID, and is also an active member of several international scientific societies.

From 2001 to 2002 Prof Opara worked as a consultant for the FAO to develop a framework for food traceability. "I'm also always looking for opportunities to relate what we do in labs to real-life situations. Because of this, I've been involved in a lot of in-country work in a number of countries, such as China, Italy and Nigeria."

## Growing our own timber

Prof Opara has published over 150 papers in scientific journals and magazines, has written a number of book chapters, and has delivered over 100 presentations at scientific conferences. He firmly believes that postgraduate education and research are very important to the development of a country.

"You're developing capacities for the future; you're ensuring that the country will continue to have fresh ideas and young minds to address future challenges. SU is in a unique position to attract some of Africa's brightest young minds. These women and men are currently at universities such as Oxford and Cambridge – why can't we attract them here? SU must look for strategic alliances to attract the huge talent that's right here in Africa because this can only enrich this institution," he added.

Housed at the Department of Horticultural Sciences in the Faculty of AgriSciences, the Research Chair that Prof Opara heads, falls under the South African Research Chair Initiative (SARChI), which is funded by the Department of Science and Technology and administered by the National Research Foundation. It is the only research chair in postharvest technology in South Africa and focuses on the development of innovative postharvest technology to support the agricultural and horticultural industries in South Africa.

According to Prof Opara, the chair has a dual focus. "The first is to enhance capacity building, which, in turn, will help to develop the human resources and technologies needed for the future; these are linked and are required to position the South African agricultural and horticultural industries to become competitive global participants. The second is to build the necessary alliances among key role-players in the country."

Prof Opara draws his inspiration not only from his love for research and teaching but also from the students who approach him to pursue a career in postharvest technology. "Seeing these students grow from researchers who knew nothing about the field and seeing them succeed makes me extremely excited and gives me great fulfilment."

Before joining Stellenbosch University he spent six years at the Sultan Qaboos University in Oman, where he developed research and teaching programmes in postharvest technology and agricultural engineering. In recognition of his research contributions and output, he received the university's Outstanding Researcher Award in 2006.

Prof Opara is married to Gina and they have two daughters, Ijeoma (13) and Okaraonyemma (11), who are thoroughly enjoying the experience of being in Africa, as this is the first time that they have lived on this continent. ■




*Foto: Hennie Burden, SSFD*



# Ma, ek wil *Plantpatologie swot*

**Wat sal gebeur as daar eendag nie meer plante op die aarde is nie? Lewe soos ons dit ken sal eenvoudig nie meer kan voortgaan nie, want die mensdom het ten volle van plante afhanklik geraak. Plante dien as voedsel vir mens en dier, dit suiwer die lug wat ons inasem, en is die bron van meubels, papier en selfs medisyne. Die primêre rol van die plantpatoloog is om hierdie plante, wat so 'n integrale deel van ons lewe vorm, teen siektes te beskerm. Prof Altus Viljoen, Voorsitter van die Departement Plantpatologie in die Fakulteit AgriWetenskappe, vertel meer van hierdie dinamiese studierigting.**

Plantsiektes het deur die eeue heen gewasverliese veroorsaak wat tot grootskaalse armoede, hongersnood en sterftes gelei het. In die 19de eeu het aartappelroes tot die halvering van die Ierse bevolking gelei, met sowat 'n miljoen mense wat gesterf het, en meer as 1,5 miljoen wat moes emigreer.

Vandag veroorsaak plantsiektes steeds epidemies wat tot biljoene dollars se verliese regoor die wêreld lei. Ten spyte van die gebruik van gifstowwe en ander vorme van beheer, veroorsaak plantsiektes byvoorbeeld steeds ongeveer 25% van verliese aan die wêreld se grootste voedselbron, koring.

Vir die plantpatoloog sal daar altyd werk wees! Mense en diere moet eet en daarom moet landbougewasse, wat ons voedsel voorsien, gesond gehou word.

Meer as die helfte van die wêreld se bevolking van ses biljoen mense is tans ondervoed, en voedsel-produksie kan nie by die snelle bevolkingsgroei byhou nie. Sedert die 1960's het die wêreld se bevolking met ongeveer 90% toegeneem, terwyl voedselproduksie met slegs 25% toegeneem het. Van die landbougewasse wat vir voedselproduksie aangeplant word, gaan ongeveer 40% verlore weens die siektes wat veroorsaak word deur swamme, oomycete (waterswamme), bakterieë en virusse, peste soos insekte en nematodes, en onkruid.

Die plantpatoloog se rol is dus om belangrike plantsiektes te identifiseer en te ondersoek, en die faktore wat verantwoordelik is vir die verspreiding en ontwikkeling daarvan, te beperk.

Plantpatoloë word opgelei om siektes te beheer deur van plantweerstand, chemiese en biologiese middels, en die toepassing van sekere verbouingspraktyke gebruik te maak. Hierdie siektebeheerstrategie word dikwels in 'n geïntegreerde program gekombineer. Wanneer plantsiektes moeilik is om deur bestaande metodes beheer te word, word van alternatiewe tegnieke soos genetiese modifikasie en geïnduseerde weerstand gebruik gemaak. Om 'n goeie plantpatoloog te wees, is dit belangrik dat navorsers en veldbeamptes 'n goeie agtergrondkennis ontwikkel van 'n aantal vakdissiplines soos plantkunde, mikrobiologie, genetika, grondkunde en molekulêre biologie.

Studente kan 'n vierjarige voorgraadse BScAgric-kursus volg, met Plantpatologie as een van twee hoofvakke. Nagraadse kursusse in Plantpatologie kan aan die Fakulteit AgriWetenskappe (waar 'n MScAgric- of PhD(Agric)-graad verwerf kan word) of die Fakulteit Natuurwetenskappe ('n MSc- of PhD-graad) gevolg word, afhangende van die student se voorgraadse opleiding.



*Elaine Basson, 'n nagraadse MScAgric student besig met laboratoriumwerk*

Tydens nagraadse opleiding word daar van studente verwag om 'n navorsingsprojek uit te voer op 'n siekte van belang vir die Suid-Afrikaanse landboubedryf. Enige aspek vanaf patogeen-identifikasie en -deteksie tot geïntegreerde siektebestuur en plantverbetering kan ondersoek word.


Projekte wat vir die internasionale landbougemeenskap relevant is, word toenemend aangepak, wat tot gevolg het dat die Departement dikwels studente en besoekers van regoor die wêreld huisves. m

- **Kontak me Lizeth Swart by telefoonnommer 021 808 4799 of per e-pos by ls3@sun.ac.za, of besoek die Departement Plantpatologie se webtuiste by www.sun.ac.za/plantpath vir meer inligting.**

**Plant pathology is a dynamic study programme at the University. Plant pathologists are trained to manage plant diseases, cultivation practices and plant improvement, among other things. Undergraduate students complete a four-year BScAgric degree while postgraduate studies are possible for students with a regular BSc degree.**

It is anything but an everyday occurrence to get mentioned in a presidential address. This honour was bestowed on Economics Professor Servaas van der Berg and his team when former President Kgalema Motlanthe referred extensively to their research in his state of the nation address in February this year.

# Researcher gets presidential acclaim




Their August 2007 research report *Poverty trends since the transition: What we know* caught government's attention because of its undisputable relevance in the context of challenges such as poverty and education confronting South Africa and the wider continent. Prof Van der Berg spearheaded this research in his capacity as National Research Foundation Research Chair in the Economics of Social Policy.

After the state of the nation address the research report received extensive public recognition. Acknowledgement also came from officials of the Department of Education in response to research elements regarding the quality of school-level education in South Africa. There have already been indications that government plans to utilise the findings in future policy decisions and changes in relevant sectors.

Prof Van der Berg says the recognition is undoubtedly flattering, but not the main objective. "We have in fact been very critical towards government in our research papers, especially regarding South Africa's education sector."

Researchers know that it is wise to be patient before expecting recognition for their findings. "As one of our respected colleagues, the late Prof Jan Sadie, always said: 'It is a given that academics will talk about a certain topic for more than 15 years before government listens!'" Prof Van der Berg joked.

To be a researcher that delivers quality work and make an impact on government or the private sector you need to be curious. "Especially when it comes to social science, you must be 'hungry' for more information," Prof Van der Berg said. "This is not something that is done in isolation. I have an excellent team of young research colleagues and students that show strong technical skills."


In order to study the economics of social policy, the team relied on existing data such as the censuses and the Income and Expenditure Surveys done by Statistics South Africa. "In using secondary information such as the census and the StatsSA surveys, we must sometimes make several assumptions in our research. When the assumptions play out as we had anticipated, it is very rewarding," Prof Van der Berg said.

And this research paper turned out to be very rewarding indeed. It was their acutely topical findings regarding poverty trends in South Africa that made government sit up. "As we mentioned in the research paper, poverty had declined substantially since South Africa's transition to democracy. This can largely be attributed to the expansion of government grants in several areas. Inequality has however not improved at all," Prof Van der Berg summarised the main findings of the report.

It was their acutely topical findings regarding poverty trends in South Africa that made government sit up

A researcher's work is never done, and there is already a new challenge for Prof Van der Berg and his team. "We need to study the influence the current economic downturn will have on quality education, social mobility and the poverty cycle in South Africa," he said. "There is also work to be done to determine how government grants contribute to the trend of decreased poverty. We have already stated in previous studies that government will not be able to provide increased grants indefinitely and we want to explore the impact this can have on current trends."

The relevance of these studies in present-day South Africa is undisputable. Prof Van der Berg's work contributes on an ongoing basis to Stellenbosch University being seen as an institution that makes a difference beyond classrooms and laboratories.



*Spanbou-aktiwiteite vorm 'n belangrike deel van die opleiding wat Thuthuka-studente ondergaan. Laney Visagie, een van die Thuthuka-studente, lei hier een van die spanbou-aktiwiteite*

# REKENINGKUNDE ROL MOUE OP MET *Thuthuka*

**Die Departement Rekeningkunde het 'n inisiatief waarin voorheen benadeelde leerders aangemoedig word om 'n loopbaan in die geoktrooieerde rekenmeestersveld te volg, met albei hande aangegryp. Riaan Rudman, 'n dosent in die Departement en projekbestuurder van die Thuthuka-program wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) geïnisieer is, vertel meer.**

Slegs sowat 12% van Suid-Afrika se geoktrooieerde rekenmeesters is nie wit nie. Om hierdie wanbalans met erns die hoof te bied, het die SAIGR die Departement Rekeningkunde genader om aan die Thuthuka-inisiatief deel te neem.

By die Universiteit fokus die program veral op Afrikaanssprekende bruin studente. Die aanvanklike inname van 20 BRek-studente in 2007 het gegroei tot sowat 80 studente vanjaar in dié program.

In die Thuthuka-program val die klem op finansiële en ander ondersteuning, en hiervolgens ontvang studente universiteitshuisvesting. 'n Projekbestuurder sien na hul akademiese en maatskaplike welstand om.

Die studente neem aan 'n verskeidenheid transformasie- en akademiese ondersteunings-inisiatiewe van die Universiteit deel. Dit sluit onder meer uitgebreide lesingsreekse en bystands- en tutoriaalprogramme in. Goeie resultate is reeds sigbaar, met die studente wat akademies goed vaar in vergelyking met ander studente in hul onderskeie jaargroepe.

Die Thuthuka-program is egter ook holisties van aard en studente woon doelgemaakte modules in lewens- en werkplekvaardighede by. Daar word van hulle verwag om vakansiewerk by ouditeursfirmas te doen waar hulle waardevolle ervaring opdoen.

Hierbenewens neem die studente ook deel aan verskeie gemeenskaps-interaksieprojekte, wat wissel van vrywilligerwerk tot die toepassing en oordrag van hulle nuut ontwikkelde rekeningkundige kennis in hul tuisgemeenskappe. Hieroor moet hulle jaarliks verslag doen. Die studente tree ook jaarliks as kampleiers by 'n skole-ontwikkelingskamp in die Wes-Kaap op en hou 'n jaarlikse fondsinsameling vir 'n gemeenskapsinteraksieprojek van hul keuse. ■

- Vir meer inligting skakel met mnr Riaan Rudman by telefoonnommer 021 808 2701 of per e-pos by rjrudman@sun.ac.za, of besoek die webtuiste www.sun.ac.za/accounting/thuthuka.html. Thuthuka is 'n Zoeloewoord wat beteken "om te ontwikkel"

USB9327A/Welamaza

UNIEK
AFRIKAANS
GEAKKREDITEER

Doen jou
MBA
in Afrikaans

Kry daardie top MBA wat jy nog altyd wou hê. Kom spandeer 4 weke per jaar op kampus vir 3 jaar en verwerf 'n kwalifikasie wat jou loopbaan 'n hupstoot sal gee.

Skryf nou in vir die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) se unieke MBA Modulêre program waar jy die keuse het om Afrikaans te praat en te skryf. (Natuurlik moet jy soms Engels praat wanneer dosente van oorsee hier kom klasgee!)

Het jy geweet die USB is die enigste bestuurskool van 'n Suid-Afrikaanse universiteit met twee internasionale akkreditasies – EQUIS en AMBA?

Skakel ons by 0860 USBMBA of 021 918 4243. Of stuur 'n e-pos aan usbcom@usb.ac.za. Besoek ons by www.usb.ac.za/mba

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die wêreld se opsies. Een keuse.

Die enigste bestuurskool van 'n SA universiteit met twee internasionale akkreditasies – EQUIS en AMBA

EFMD EQUIS ACCREDITED
Accredited by Association of MBAs



# Research Chair to play pivotal role in 'new' Property Law

**Combating poverty, reversing social and economic hierarchies that were built during apartheid, and establishing a basis on which economic growth and development can be pursued. These can be significantly improved by developing a comprehensive new context for Property Law.**

This is the opinion of Prof André van der Walt, Professor in the Department of Public Law in the Faculty of Law and South African Research Chair in Property Law, which is situated in the Faculty of Law.

"But to get to this point, Property Law, the study of rights and interests in property, including land, movable assets and immaterial property such as intellectual property, as it currently stands, should be transformed extensively and a comprehensive new Property Law for South Africa is needed," he explained. "In short, we need new knowledge, new academic textbooks and a new generation of experts in the field of Property Law."

Research into a new dispensation for Property Law received a considerable boost with the awarding of the Research Chair to Prof Van der Walt, a Category A1 researcher of the National Research Foundation (NRF), in 2007. The Chair forms part of the South African Research Chairs Initiative (SARChI) and was created specifically to develop a new Property Law for South Africa.

The new constitutional dispensation holds various implications for Property Law, says Prof Van der Walt, and in fact a "new paradigm has to be developed for the Property Law that will reflect the values of the post-apartheid, constitutional era. At the same time, textbooks have to be developed to reflect this paradigm shift and we must start with the training of a new generation of lecturers and researchers in Property Law who can function within the new theoretical framework."

## A big challenge

A new way of thinking about Property Law is not without its challenges. As a key to economic growth and development, Property Law still consists of primarily traditional rules and institutions, for example strict rules regarding private ownership, while social and economic transformation requires greater access to and a more equal division of land and wealth. The conflict between these poles (the protection of interests versus broader access to and the distribution of property) can place a damper on economic growth and development or even harm the eradication of poverty.

"To find the correct balance between these apparent opposites remains one of the most important challenges facing lawyers in the post-1994 era," says Prof Van der Walt.

"The time is ripe to write a new, comprehensive book that will give a full picture of the South African Property Law in its post-1994 form. In such a book the new vision for Property Law in the constitutional era will come into its own, the integrity of the post-apartheid Property Law will be explained, the integration of the constitutional and private law aspects of Property Law will be reflected in the new dispensation, and Property Law will be described against the background of these new insights," Prof Van der Walt commented.

"Although the overall project on which everyone is focusing in the Research Chair is the development of Property Law, there are naturally also smaller projects, for example on constitutional property law. These include compensation for expropriation, the protection of intellectual property, the protection of mineral rights and aspects of common-law property law, e.g. neighbour law, right of ownership and the protection of tenants," he added.

## Training of postgraduate students


A large portion of the Research Chair's activities is aimed at the training of postgraduate students. Prof Van der Walt explains that a large number of new property law specialists are needed - not only to become lecturers (currently there are only eight or nine real Property Law specialists in 22 universities), but also practitioners and in government, for example, the Departments of Rural Development and Land Reform, Minerals and Mining and Human Settlements.

In 2009 there is one postdoctoral fellow, two full-time LLD students, one part-time LLD student and twelve full-time LLM students in the group, as well as 14 final-year LLB students. It is expected that the group will expand by 2010 to include one postdoctoral fellow, four full-time LLD and ten full-time LLM students (as well as 10 LLB students). By the end of 2009 two LLD and three LLM degrees should have been awarded to students from the Research Chair group. A further expectation is that at least half of the students will be black.

Although a good number of the students are supported by the Department of Science and Technology (DST), through the National Research Foundation (NRF), the Chair is currently putting proposals together for further financial support. "To properly train a single student in becoming a property law specialist, costs in the region of R153 000 per year and we would like to welcome input from MatiesAlumni in proposals for sponsoring students," Prof Van der Walt said.

The Research Chair is hosted by Stellenbosch University, funded by the Department of Science and Technology and administered by the NRF.

- **Contact Prof André van der Walt at tel (021) 808 2882 or via e-mail at ajvdwalt@sun.ac.za**



Foto's met vergunning van die Woordfeeskantoor en die redakteur van Lip, saamgestel deur studente van die Departement Joernalistiek. Lees Lip aanlyn by www.woordfees.co.za

# Woordfees – lag-lag sterker as ooit!

**Die US Woordfees, met sy klem op die letterkunde en voortreflike vermaak, is vanjaar vir die tiende keer gehou. Vir die doemprofete wat in 1999 in hul moue gelag het, word daar nou lekker (en die laaste) gelag. Projekbestuurder Eduard Rosenstrauch, bied hier 'n intieme kykie in wat 'n suksesvolle Woordfees verg.**

dis gans onmoontlik om die US Woordfees, wat vanjaar die tema "Lag-lag 10 jaar" gehad het, in 'n neutedop te probeer beskryf – 'n mens het die hele akkerboom nodig!

Vanjaar is 'n allemintige 164 produksies aangebied, met 305 kunstenaars en 209 skrywers betrokke. So gemeet, was die fees vanjaar 'n volle 37% groter as in die verlede en feesbywoning het gegroei van 29 000 na 38 500 feesbesoeke. 69% van alle kaartjies is verkoop – 'n bogemiddelde koers vergeleke met ander feeste.

Beplanning vir hierdie knewel van 'n fees begin vroeg. Daar moet iets wees vir ieder en elk, met feesgangers wat kan kus en keur tussen musiek, drama, komedie, gesprekke, etes en kuier.

Dít alles begin natuurlik by hoe boepens jou spaarvarkie is! Knieë is nerfaf gekniel om geld te vra, maar wat 'n voorreg om met die hoofdonateurs – die Universiteit Stellenbosch, *Die Burger* en Sanlam – saam in die skrum te druk. Vanjaar het die Nasionale Lotery ook saamgespeel het. 'n Groot dankie aan die meer as 109 donateurs en vennote wat betrokke is!

Hierna word die tien Woordfees-koördineerders nader gewink vir hul insette en idees en onder leiding van Feesdirekteur prof Dorothea van Zyl word 'n program op papier saamgetoor.

Dan begin die onderhandelingsproses met kunstenaars, skrywers, uitgewers en produksiehuise – so 'n aks moeiliker as om met Noord-Korea oor kernwapens te onderhandel.

Die Woordfeesprogram is volgende. Dié is 'n berg inligting en foto's en die middernagkerse brand terwyl die res van die land oor Desember vakansie hou. 'n Volle 20 000 boekies is landwyd versprei, onder meer in *Boeke-Insig.*

Die bemarkingsveldtog is 'n perd van 'n ander kleur, maar word deur 'n reuse spanpoging opgesaal en strykdeur gejaag om die US Woordfees so wyd moontlik te verkondig. 'n Hele rits mediavennote maak hierdie rit baie opwindend. Ons webwerf, www.woordfees.co.za, kry ook groot aftrek.

Nader aan die fees is rye energiedrankies nodig vir lokale inrig en klank en beligting vir elke produksie en gesprek. 'n Teensuurtablet-maatskappy moet eintlik teen hierdie tyd as borg genader word, want dan is dit maagdraaityd oor kaartjieverkope. Dié het gelukkig met rekordgetalle gestyg.

Vlae word oral in die dorp opgesit, kunswerke word gehang, kunstenaars en skrywers van regoor die land arriveer en moet reistoelae, vliegkaartjies, verblyf en spesiale behandeling kry. Dis nie 'n wonderwerk as almal betyds is vir elke optrede nie – dis louter harde en noukeurige werk oor baie maande heen! En dan is dit vir die aksie.

So moeilik soos opsom in 'n neutedop, net so moeilik is hoogtepunte uitlig.

Die Plataankafee met RSG wat weer ter plaatse kom uitsaai het, word as hartklop van Woordfees 10 uitgelig, terwyl produksies soos die Viva la Diva: Woordfees Pops!, verskeie dramas, skrywersgesprekke en die Filosofiekafee (die skrywers het 'n geskiedkundige oorwinning oor die filosowe behaal) in dieselfde asem genoem moet word. As jy nie al blou in die gesig is nie, moet kunstenaar Willie Bester se uitstalling bygevoeg word. En Laurika Rauch. En Anton Goosen. En Amanda Strydom. En Geraas innie Gat. En Rachelle Greeff en Sandra Prinsloo se enorm suksesvolle *Die Naamasjien*. En *Die Ryk Weduwee*. En Vinette Ebrahim van *7de Laan* se *Miss Africa South*. En skrywers Hennie Aucamp, PG du Plessis en Chris Barnard wat met profiele vereer is.

Maar om name te noem, is om ander weg te laat wat ewe suksesvol was. Feit bly Woordfees 2009 het gekook!

- Vir mense wat in die wêreldbekerjaar "sport én sports" wil beleef, het die US Woordfees net die regte tema – Baljaar! Die US Woordfees 2010 word van 1-7 Maart 2010 aangebied. Sien jou daar!
- Stuur 'n e-pos aan admin@fees.co.za om op hoogte gehou te word van die Woordfees.

## WOW-projek weer 'n groot sukses

Duisende leerders uit Stellenbosch en die omliggende gebiede – altesaam 13 860 in 2008 – word jaarliks met die Woorde open Wêrelde (WOW)-taalbemagtigingsprojek bereik – 'n belangrike onderdeel van die US Woordfees.

Skrywersbesoeke aan skole, een van die grootste uitreike, het reeds meer as 4000 matrikulante vanjaar bereik. Hierdie Graad 12-leerders ontvang ook inligting oor verdere studie aan die US.

Tydens vanjaar se Woordfees het 751 matrikulante en 114 opvoeders deelgeneem aan die WOW-dag, met kreatiewe skryfwerkswinkels, motiveringspraatjies en 'n musiek en dramavertoning deur 2008 se wenners van die WOW-dramakompetisie. Onder die sprekers was Henry Jeffreys, *Die Burger* se redakteur, en Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie. Die Sentrum vir Voornemende Studente het waardevolle inligting verskaf oor toelatingsvereistes en studiemoontlikhede. Die hoogtepunt was die inspirerende toespraak van Christo Davids, oftewel Errol van *7de Laan*, in 'n volgepakte Endlersaal.

By die eerste WOW-Onderwysforum het kenners en onderwysers menings gewissel oor Taalvaardigheid en Hoër Onderwys.

Die derde skoolkoerantkursus en 'n splinternuwe werkswinkel in die skryf, voordra en toonsetting van gedigte, was ook uiters suksesvol.

Na al die harde werk kon die leerders aansluit by die enorme Mardi Gras op die Braak en later by die eerste Woordfees-karnaval op die Van der Stel-Sportterrein.

Nog op pad is 2009 se drama-, spel-, en verf-en verskompetisies – alles om leerders se vensters wyd oop te gooi, en om lees en die kunste te bevorder.

- **Kontak me Fiona van Kerwel by tel 021 808 3472 of per e-pos by wow@sun.ac.za vir meer inligting**




**"Gaan groen!" is die 21ste eeu se mantra. By die Universiteit Stellenbosch (US) is verskeie inisiatiewe afgestem op volhoubaarheid, herwinning en energiebesparing. In aansluiting by vorige artikels, byvoorbeeld "Sustainability is possible" (*Matieland* 2005:2) en "Om groen te leef" (*Matieland* 2007:1) gee *Matieland* hier 'n oorsig van enkele van die jongste groen inisiatiewe op kampus en nooi MatiesAlumni uit om deel te word van hierdie inisiatiewe.**

# Stellenbosch werk vir 'n GROEN kampus

'n Leierskapsposisie onder Suid-Afrikaanse universiteite. Dié gedagte is nie vêrgesog as dit kom by die hoeveelheid volhoubaarheidsinisiatiewe by die Universiteit Stellenbosch - en die impak van daardie inisiatiewe nie. Boonop neem studente in baie gevalle die leiding.

'n Netwerkgroep van studente en personeel wat 'n visie en belangstelling in volhoubare ontwikkeling op Stellenbosch deel, het onlangs 'n dinkskrum gestig, die Sustainability Think Tank (STT), om momentum te verleen aan dié groen golf.

STT verteenwoordig 'n hele paar belangegroepe op kampus, waaronder studente, die Studenteraad se Omgewingsake-komitee en die Leef en Leer-huis-inisiatief (of sogenaamde tema-huise), US-personeel, die koshuise, die Volhoubaarheidsinstituut en die *Sustainable Stellenbosch*-werkgroep. (Meer oor *Sustainable Stellenbosch* in 'n volgende uitgawe.)

"Inspirasie vir die groep het gekom van dr Matthew Kuperus Heun, 'n professor in Meganiese Ingenieurswese en interim direkteur vir volhoubaarheid aan die Calvin College in die VSA, tans op sabbatsverlof en werksaam by die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies by die US," vertel me Lydia Willems en mnr Pieka Grobbelaar, twee verteenwoordigers van STT. "Dr Heun het aangebied om as koördineer van die groep op te tree. Calvin College het wye bekendheid verwerf as 'n sogenaamde groen kampus met verskeie inisiatiewe om hul kampus meer volhoubaar te maak."

## Groen inisiatiewe

Volgens me Willems en mnr Grobbelaar het die verskillende rolspelers binne STT reeds 'n hele rits groen inisiatiewe van stapel gestuur. "Die Studenteraad, in samewerking met Eskom, het verlede jaar die Eskom *Energy Challenge* geloods. In 2008 het die prysgeld R20 000 beloop. In dié kompetisie ding die onderskeie koshuise jaarliks mee om te sien wie die meeste kilowatt-uur per student kan spaar. Lydia-vrouekoshuis is as die 2007-wenners aangewys terwyl Huis Marais vroeër vanjaar as die 2008-wenners gekroon is," sê me Willems, wat ook inwonende hoof van Lydia is.

"Van die aksies wat Lydia onderneem het, was 'n oorskakeling na 'n waterbesparende tuinuitleg, laevloei-stortkoppe en besparende elektrisiteitsgebruike. Lydianers is ook betrokke by gereelde omgewingsopvoeding en volhoubaarheidsprojekte. Op hierdie manier word volhoubaarheid 'n leefwyse."

Lydia se groen inisiatiewe was so suksesvol dat dit die aandag getrek het van 'n MPhil-student van die Volhoubaarheidsinstituut, me Georgina Smith, wat die koshuis as mikro-gevallestudie vir haar tesis oor volhoubare energie-oplossings vir universiteitskoshuise gebruik het.

Die koshuise se besparingsinisiatiewe het ook deurgesypel na die Universiteitshuise met die Leef en Leer-huis vir Volhoubaarheid wat 'n driemaand-uitdaagkompetisie tussen die verskillende huise geloods het wat betref die besparing van water en elektrisiteit en die hantering van rommel en kombuisafval.

Ook die Studenteraad se Subkomitee vir Omgewingsake het gewoeker met omgewingsbewusmakingsinisiatiewe soos die jaarlikse Groen Week en opleiding van huiskomiteelede met omgewingsake of volhoubaarheid as portefeuljes.

## Maties in die duister

Vanjaar het die Wêreld Natuurlewefonds, oftewel die World Wildlife Fund (WWF) se "Earth Hour"-inisiatief op kampus groot aftrek gekry en vir daardie spesifieke uur, op 28 Maart vanjaar, het 'n groot klomp Maties op die Rooiplein hul solidariteit met die res van die wêreld getoon deur by kerslig piekniek te hou.

## Alumni se ondersteuning vir nuwe vereniging gevra

'n Hoogtepunt vir die STT is egter die stigting van Eco-Maties, 'n vereniging wat hulle beywer vir 'n beweging na die institusionele volhoubaarheid van die omgewing, die Universiteit en Stellenbosch," verduidelik me Willems.

Groen inisiatiewe op kampus het ook 'n hupstoot gekry deurdat prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies, in vennootskap met STT en Eco-Maties 'n volhoubaarheidstrategiekomitee in die vooruitsig gestel het, wat as forum sal dien vir gesprekke oor volhoubaarheid. Die eerste studie van basisdata oor die US se 'voetspoor' is reeds deur me Smith begin.

"Ons sien uit na 'n baie belowende tydperk van samewerking en die ontwikkeling van 'n volhoubaarheidsbeleid en -plan. Dit sal egter nie moontlik wees sonder die insette van MatiesAlumni nie, en ons nooi hulle uit om by Eco-Maties aan te sluit. So 'n belangegroep kan 'n groot inset lewer in gebeure op kampus, maar kan natuurlik self ook put uit die kreatiwiteit van die studente wat volhoubaarheid betref" het me Willems afgesluit.

- MatiesAlumni wat graag by Eco-Maties wil aansluit, kan hul besonderhede na ecomaties@sun.ac.za stuur.



# CANTICUM NOVUM

## IS VANJAAR VYFTIG JAAR JONK

**Canticum Novum, wat geslagte oudstudente sal onthou as die Studentekerkkoor, vier vanjaar hul vyftigjarige bestaan. Koorlede Annemieke Nel en Jannie Smith vertel meer van hierdie besonderse koor en nooi oudkoorlede om die reünie in September te kom meemaak.**

Die Canticum Novum-studentekerkkoor het sy ontstaan te danke aan 'n vaste koortradisie wat meer as 'n eeu gelede op Stellenbosch begin het. Met die verdeling van die NG Kerk Stellenbosch-Sentraal in 1959 is 'n studentekoor in die nuwe gemeente, die Stellenbosch Studentekerk (vandag die Kruiskerk en deel van die NG Moedergemeente op Stellenbosch), gestig.

Die koor het deur die jare verskeie naamsveranderinge ondergaan. Wat oorspronklik die Stellenbosch Sentraal Kerkkoor was, is later hernoem na die Stellenbosch Studentekerkkoor en het uiteindelik die huidige benaming, Canticum Novum, wat "Nuwe lied" beteken, ontvang. Die koor se leuse, *Cantate Domino*, beteken "Sing vir die Here".

Louis van der Watt, 'n dosent in viool in die Departement Musiek aan die Universiteit Stellenbosch, is al 13 jaar dirigent van dié koor wat die hoogste artistieke en musikale standaarde nastreef.

Canticum Novum sing slegs gewyde musiek en het 'n tuiste in die Moedergemeente, maar spog reeds met 'n indrukwekkende repertoire as verhoogkoor. Dit sluit in koor- en orkeswerke (die koor het 'n troue vennoot in die Universiteit Stellenbosch Simfonie-orkes [USSO]), 'n aantal kontemporêre werke soos *Ubi caritas* wat in 2007 deur die Noorweegse komponis, Ola Gjeilo, gekomponeer is, 'n toonsetting van die Kerslied *Gaudete* deur Steven Sametz, en verskeie werke van Bach, Händel, Mozart, Rossini en Schubert wat deel uitmaak van vorige jare se repertoire.

Die koor bestaan hoofsaaklik uit studente, maar daar is ook 'n hele aantal werkendes - oud en jonk - wat jaarliks saamsing.

Die werklike waarde van die koor lê in die groei in die lewens van die koorlede én die wat kom luister.

Om hierdie rede is die vyftigjarige bestaansjaar soveel te meer betekenisvol. As deel van die feesvieringe het die koor Händel se *Messias* vroeër vanjaar in die Endlersaal in samewerking met die Universiteit Stellenbosch Simfonie-orkes uitgevoer. Die koor toer in Julie in die Suid-Kaap en daarna lê die feesreünie-naweek van 25 September voor, wat 'n dinee en optredes insluit.

**Oudlede word genooi om die naweek saam te kom geniet. Kontak Annemieke Nel by telefoonnommer 083 595 1976 of stuur 'n e-pos na 14290804@sun.ac.za. Besoek (en luister na) die koor by www.canticumnovum.givegain.org.**


USBED0905E/Welamaza

INVEST
GROW
SUCCEED

USB Executive Development Ltd (USB-ED) programmes June - December 2009

COMPREHENSIVE PROGRAMMES
Senior Management Development Programme
Management Development Programme
New Managers' Development Programme

FINANCIAL MANAGEMENT PROGRAMMES
Financial Management for Non-Financial Managers

GENERAL PROGRAMMES
Commercial Negotiation
Consensus-Building and Conflict Management in the Workplace
Entrepreneurship
Knowledge Management
Management Programme for NPOs
MBA Foundation Programme
Mediation Skills for Managers
Passport to China
Health Technology Assessment
Supply Chain Management
Wine and Tourism Management
World Executive Education Alliance Program(HR study block)

HUMAN RESOURCES MANAGEMENT PROGRAMMES
Programme in Performance Management

LEADERSHIP PROGRAMMES
Authentic Leadership through the Gift of Horses
Development of Leadership and Team Skills (POLS)
Leadership Development Programme (International)


MARKETING MANAGEMENT PROGRAMMES
Managing Customer Service Excellence
Managing Marketing Assets
Online Marketing Strategy
Strategic Marketing Metrics

PROJECT MANAGEMENT PROGRAMMES
Various options available

Contact us for more information
+27 (0)21 918 4488/4344
www.usb-ed.com

USB Executive Development Ltd
University of Stellenbosch Business School

EFMD EQUIS ACCREDITED



# MODES, mullets en misoeste

## *So trek Maties hierdie jaar aan*

Stellenbosch-modes kom en gaan soos goeie predikaatpunte, reken Joernalistiekstudente **Mia Cilliers** en **Alet Janse van Rensburg** in hierdie artikel. Maar daar is glo nie veel hoop vir ingenieurstudente nie ... (*Matieland* aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige koshuis, sportsoort of studierigting wat in hierdie artikel onder skoot kom nie.)

Sommige modeneigings laat 'n mens smeek vir genade, ander is sterk gebonde aan sosiale status terwyl ander weer die mens se beste vriend is - versterking van stereotipes. Die verskeidenheid strek wyd: koshuispoppies, rugbymanne, kaalvoet BA-studente en natuurlik die ingenieurs. Dié het al in 1932 van die moderadar afgeval.

In die afgelope paar jaar het twee nuwe groepe hul verskyning op kampus gemaak: die *emo kids* (oftewel traankinders) en die 'ek-speel-in-'n-band, bra'-modegroep. Die traankinders is die 21ste eeu se weergawe van die sogenaamde *Goths*, maar met 'n bietjie meer modebewustheid, en dalk kleur. Die *band*-kategorie sluit die modevoorlopers in wat by tweedehandse winkels en straatmarkte koop, of selfs in ouma se kas rondkrap vir 'n string krale of 'n outydse truitjie.

Manstudente is ook al hoe meer vroulik as dit by kleredrag kom, maar het tog maniere om dié vrouliker neiging te temper. 'n Wen-idee om die manlikheid te behou, is 'n paar *skinny jeans* (maerlyk-jeans) wat strategies styf om die bobeen en kuit span, maar slap onder die boude hang. 'n Belt kan vir pure estetika gedra word, maar onder geen omstandighede mag dit die broek bo die boudlyn hou nie.

*Gumboots* het ook onlangs 'n terugkeer na die kampusloopplank gemaak. Al is hulle hóé prakties, is gumboots hopelik dié seisoen iets van die verlede. Dis amper soos Crocs - prakties, maar skreeulelik.

Erica-vrouekoshuis het 'n winter of wat gelede besluit swart gumboots met hul Pink Panther-pootjie op is 'n goeie idee. Die res van kampus het intussen op hierdie lawaaiwa geklim en oral waar 'n mens nou kyk, is dit net rubberstewels in al die kleure van die reënboog.

Wat wel 'n modesukses die afgelope jaar was, is die Arabiese Arafat-serpe wat in 'n verskeidenheid kleure die kele van Maties - mans en vroue - teen die yswinde van die Kaap beskerm het. Soos Yasser en Saddam is hulle egter nou ook iets van die verlede. Dit was oulik, maar dis nou klaar. Jammer.

Elke ware (of pseudo-) intellektuele student móét gesien word met 'n leergebonde *Moleskine*-dagboek onder die arm. Elegant, fyn afgewerk en dúúr. Dié handelsnaam verseker superkoel kitsstatus.

### Die deurmekaarkop is (nog steeds) in

Saam met die perfekte uitrusting gaan die perfekte haarstyl. Al ooit gedink die kinders van vandag kam nie meer hul hare nie? Verkeerd. Daardie deurmekaarkop is baie strategies en met moeite só gerangskik. Dis liters jel wat in daai hare ingaan - en dis net die mans!

Behalwe vir die feit dat 'n meisie sonder gekleurde hare deesdae skaarser is as 'n ingenieur wat kan dans, is daar min wat nie met 'n lang dos hare rondloop nie. Lang hare is definitief in die mode en bied oneindige moontlikhede vir 'n verskeidenheid style. Van lang dun boksterte tot woeste bollas tot los hare so reguit jy kan lyne daarmee trek.

Die hare word ook nie net so gelos nie. Knippies en strikkies en kopbande word gebruik om alle aandag na daardie R500-kleurkapsel te trek. Dié seisoen is die dun hippie-toutjie weer hoogmode. Van helder neonkleuriges tot leerbandjies word gedra.

Mans ag hul haarstyle nét so belangrik. Die *mullet* het sy terugkeer na kampus gemaak. Almal het gehoop dié gewalgde hamerkopstyl het saam met McGuyver en die 80's na die graf gegaan, maar soos die meeste modes het hy wel weer opgestaan uit die dode.

Die *mullet* het in die tussentyd gemetamorfeer in iets 'n bietjie minder onooglik en soortgelyk aan 'n wafferse hanekam. Baie mans verkies ook om hul hare kort af te skeer, alhoewel dit waarskynlik te danke is aan die minder-moeite-faktor, eerder as die estetiese.

Stellenbosch se modes het 'n manier om 'n mens te verras. Coco Chanel het gesê: "Fashion is made to become unfashionable". So sien uit na 'n verskeidenheid nuwe modes volgende seisoen op Victoriastraat se loopplank. ■

**Hoe het studente in jou tyd op die Bos aangetrek? Sien bl 5 vir adresbesonderhede en laat weet ons!**

Fashions come and go. In this article, two journalism students muse over what is in and what is definitely not to be seen in! Read the article in English at www.matiesalumni.net

# Erflaters se rol deur gilde erken

Die Erflatersgilde is onlangs deur die Universiteit Stellenbosch gestig om erkenning te gee aan individue wat 'n belofte van 'n bemaking bevestig het.

Daar is talle verskillende redes waarom mense besluit om op hierdie wyse aan die Universiteit 'n skenking te maak.

- 'n Erflating hou belastingvoordele in vir 'n boedel, sonder dat dit die bemaker se huidige finansiële posisie benadeel;
- 'n Erflating sou die vorm kon aanneem van 'n beursfonds in die skenker se naam, of dalk die naam van 'n eggenoot, kind of kleinkind om daardeur die persoon te laat voortleef;
- Sommige erflaters was gedurende hulle studiejare self beurshouers en besef die waarde van so 'n skenking vir 'n behoeftige student;
- Vir sommige erflaters gaan dit om die ondersteuning van 'n spesifieke vakgebied of voorpunt-navorsing, of om skaars vaardighede te help ontwikkel.

"Lede van Die Erflatersgilde is visioenêre mense wat 'n skenking maak in belang van die Universiteit, van sy studente en in die belang van Suid-Afrika se kennisekonomie," sê mnr Hugo Steyn, Koördineerder: Erflatings van die Stellenbosch Stigting. "Die aard van so 'n skenking is dat dit die Universiteit toeval nadat die bemaker oorlede is, en daarom is daar besluit om deur Die Erflatersgilde te verseker dat hierdie weldoeners erkenning en waardering ontvang vir die bydrae waartoe hulle hul verbind het. Dit bekragtig die vennootskap tussen die individuele Erflater en die Universiteit."

Met die stygende koste van tersiêre studie en selfs basiese lewenskoste is al meer studente aangewese op beurse. Die Universiteit help deur middel van werkstudie-projekte en deur die gebruik van studente as deurwagte by koshuise, maar dit impakteer op hul studietyd. Erflaters het die keuse om die aanwending van hul skenking te spesifiseer, byvoorbeeld vir 'n beursfonds vir 'n spesifieke studierigting, of navorsing in 'n bepaalde veld, of dit kan in die Universiteit se ongebonde fondse gestort word.

Vir meer inligting kan alumni en ander belangstellendes met mnr Steyn in verbinding tree by tel. 021 808-3615 of hugos@sun.ac.za, of Die Erflatersgilde se webblad besoek: www.sun.ac.za/stigting.

DIE ERFLATERSGILDE
THE HERITAGE GUILD

*"Daar is nouliks 'n beter erflating as 'n bemaking ter bevordering van uitnemende wetenskapsbeoefening en tersiêre onderrig; en jy hoef nie na 'n beter erfgenaam te soek, as ons alma mater nie."*

– Dr Willem en mev Arina van Zijl, Strand oor hul besluit om 'n bemaking aan die US te bevestig.

*"Die Wilhelm Frank beurs het dit vir my moontlik gemaak om op my studies te konsentreer sonder om my te bekommer oor die finansiële sy van my studies. Hierdie gemoedsrus het sterk geïmpakteer op my vermoë om produktief te werk – 'n ware steunpilaar waarvoor ek uiters dankbaar is."*

– Mnr Chris Rohwer, B.Sc Honneurs in Teoretiese Fisika, oor sy beurs wat deur middel van 'n erflating moontlik gemaak is.






*Nog vlytig met die vingers. Hier is, agter, prof Hennie Heyns, 'n vioolspeler; mnr Hennie Lubbe, 'n vioolspeler wat ook die bombardon, 'n groot soort tuba, gespeel het; en mnr Dirk Geldenhuys, 'n banjo-speler. By die klavier sit mnr Albie Louw wat die klavier en trekklavier gespeel het en ook 'n bekende sanger van die orkes was. Mnr Louw het ook by die reünie opgetree.*

# Stellenbosch Boerorkes hou reünie!

Die Stellenbosch Boerorkes (SBO) het einde Maart 'n reüniefunksie in die Universiteitsmuseum op die kampus gehou. Nagenoeg honderd mense, waarvan ten minste 32 aktiewe lede van die orkes was, het die reünie bygewoon.

Die aand het uit talle optredes deur oudlede van hierdie bekende orkes van die dertiger- tot vyftigerjare bestaan.

Die beginjare van die SBO was 80 jaar gelede, toe dit in 1929 deur oom Pietie le Roux op Stellenbosch gestig is. Dit het uit studente en ander inwoners van Stellenbosch bestaan. Die orkes het vir amper 30 jaar Suid-Afrika en Namibië met optredes deurkruis en het sowat 500 optredes op hul kerfstok.

Alhoewel die orkes in die laat vyftigerjare ontbind het, het dit 'n aantal kere daarna vir optredes bymekaargekom.

Oom Pietie le Roux, wat die saag bespeel het, is in 1980 oorlede.

Volgens mnr Dirk Geldenhuys, organiseerder van die reünie en banjo-speler, het die orkes 'n groot aandeel gehad in die ontwaking van 'n liefde vir musiek, kultuur en spesifiek Afrikaans in 'n uitdagende sosio-ekonomiese tyd in die land se geskiedenis. Die SBO is gereeld vir hoëvlak-funksies genooi, onder meer vir die inhuldiging van die Voortrekkermonument in 1938.

"Die doel van die Stellenbosch Boereorkes was om die wonder van musiek regdeur Suid-Afrika uit te dra, maar ook om fondse in te samel," het hy vertel. Dit was veral behoeftige studente wat finansieel kon baat by fondsinsamelings, maar ook die Universiteit Stellenbosch, die Reddingsdaadbond, die Helpmekaar Studiefonds en die ATKV. "In daardie jare het dit 'n tiekie gekos om 'n optrede by te woon," vertel mnr Geldenhuys.

Op enige gegewe tyd was daar tussen 30 en 50 aktiewe lede van die orkes en het optredes ook voordragte, toneelstukke en groepsang ingesluit. Gewilde 'karakters' by baie van die optredes was "Oom Kaspaas en Nefie", onder meer gespeel deur prof Sakkie van Biljon, wat later professor aan die Universiteit Stellenbosch was.

'n Hele aantal ander orkeste het hul wortels in die SBO gehad.

- **Kontak Dirk Geldenhuys by tel 021 854 6515.**



*Lekker lag by die Woordfees. Hier is Lynn Lorenzen, Correen Erasmus en Lydia Willems.*

## MATIESALUMNI KUIER LAG-LAG SAAM BY DIE WOORDFEES

Vanjaar was die derde Woordfees waartydens die Alumni-kantoor 'n suksesvolle Alumni-gesellgheid aangebied het. Meer as 350 gaste het die vertoning "Blou uur" bygewoon, wat voorafgegaan is deur 'n skemerkelkgeleentheid by die HB Thom-teater. Vanjaar se Woordfees het die tema *Lag-lag tien jaar* gehad.

## PHYSIO CLASS OF 1982 REUNITE AFTER 30 YEARS!



Thirty years after meeting for the first time at varsity, the Physiotherapy class of 1982 (they were first years in 1979) held a reunion in May. Out of the 18 classmates, ten made it to the reunion held at the Avontuur Wine Farm Restaurant. "Spending four years studying together in such a small class means that you got to know each other really well, so it was really good to meet up and exchange the stories of our lives. Most of us have had to deal with challenges of some sort in our lives, but even so, nobody had really changed much at all – possibly just gotten wiser and smarter," Ragnhild Reid, who organised the reunion, told *Matieland*. "It was also interesting to learn that most of us are still working in our chosen profession with a number of our children now studying at Stellenbosch."

*Together after 30 years were Irene Steenkamp, Anneret Pretorius, Lizette Burger, Ingrid Thomashoff, Ragnhild Tworeck, Salome van Huysteen, Hanneli Botes, Annette Myburgh, Hanneli Carstens and Gisela Pack (maiden names).*

## MATIESALUMNI HOU REÜNIE IN PRETORIA

Die Alumni-kantoor het in Februarie vanjaar 'n vonkelwynontbyt by Kievitskroon Landgoed in Pretoria aangebied. Prof Magda Fourie, Viserektor (Onderrig) was die geleentheidspreker. Me Marieke Oosthuizen, 'n lid van die Studenteraad, het die gaste 'n kykie gegee na die studentekwessies waarmee die Studenteraad tans woeker en worstel.

Die meer as 130 alumni wat die geleentheid bygewoon het, was dit eens dat om in Gauteng te wees, nie beteken dat alles wat op Matieland gebeur buite hul horisonne is nie!





*Foto heelbo: Gautengers hou reünie! Saam met prof Magda Fourie, Viserektor (Onderrig) (vierde van links) is David-Davies Nghatsane, Eric Baker, Nico Coetzee, Robert Lane, Henk Janse van Vuuren, Lize-Mari Huysamen, Daan Steenkamp en Ian Stuart (Ongelukkig is die korrekte volgorde waarin die persone op die foto verskyn, nie by die betrokke geleentheid aangeteken nie.)*

*Foto bo: Ook by die alumni-kantoor se vonkelwynontbyt in Pretoria was (voor) Karen Coller en Sandra Alcock, en agter staan Malesa Mothapo, Taki Matamela, Graham Garner, Mampaka Mojapelo en Larry Alcock*

*komende reünies*

## Jou reünies oor die volgende paar maande!

### DIE LLB-KLAS VAN 1979 HOU IN AUGUSTUS REÜNIE



Die LLB-klas van 1979 hou van 8 tot 9 Augustus reünie. Die naweek skop af met 'n gholfdag die Vrydag en 'n dinee by die Devon Valley Hotel. Saterdagoggend geniet almal 'n ontbyt by die Fakulteit, waarna daar 'n aantal lesings in die Ou Hoofgebou is. Die naweek se aktiwiteite word met 'n middagete in die Olivello-restaurant afgesluit.

Kontak adv Billy Downer by tel 021 487 7228, 082 650 7743 of per e-pos by bwjdowner@npa.gov.za vir meer inligting.

### NEMESIA HOU IN OKTOBER REÜNIE

Alle Oud-Nemesianers word hartlik uitgenooi om Nemesia se 33-jarige bestaan te vier. Die reünie vind op 10 Oktober 2009 plaas en beloof om 'n heerlike kuiergeleentheid te wees. Nemesianers wat nog nie die uitnodiging ontvang het nie, kan vir Elzanne de Waal by tel 082 793 6621 of per e-pos by 15114538@sun.ac.za kontak. Sien ook die webblad www.sun.ac.za/nemesia. "Ons hoop om al die Oud-blomme by die reünie te sien!" sê die organiseerders.

### HEEMSTEDE SE REÜNIE OM DIE DRAAI

Heemstede se reünie skop op 25 Julie by die koshuis af met 'n oggendtee om 10:00. "Die oggendtee word deur die koshuis se geestelike komitee gereël en daar is 'n paar bekendes wat gaan kom optree. Daarna volg 'n in-'heemse' wyntoer in Heemstede se gange en 'n afsluiting met ietsie soets, 'n soutigheid en Heemstede-talent," sê Jessica Prinsloo, die organiseerder.

Kontak Jessica Prinsloo by tel 072 478 4172 of per e-pos by 15056074@sun.ac.za of hkheemst@sun.ac.za vir meer inligting.

### HUIS VISSER HOU EINDE JULIE REÜNIE

Huis Visser vier sy 60ste bestaansjaar van 31 Julie tot 2 Augustus. Vrydagaand word 'n formele dinee vir al die oud-Snoeke by die Skilpadvlei-wynplaas net buite Stellenbosch gehou. "Saterdag gaan ons 'n spitbraai by die koshuis hou," sê Robert Schroeder, Huiskomiteelid vir die Oumansbond. "Dit beloof 'n onvergeetlike naweek te wees en is 'n kans om ou vriende weer te sien."

Kontak Robert by tel 021 886 5954 of per e-pos by hvreunie@sun.ac.za vir meer inligting.

### 1999 MB,ChB CLASS TO HOLD REUNION IN DECEMBER



The Maties Medics class of 1999 is planning a 10-year reunion from 19 to 20 December 2009 in Cape Town. "The weekend's events include the 'Tortora & Grabowski' Drinks Reception on 19 December from 19:00 at Gringos Cantina, at 39 Twelfth Avenue, Boston, in Bellville," invited Dr Martin Schmidt, head of the Organising Committee. The Reunion Lunch will take place on 20 December from 12:30 at D'aria Vineyard on the M13 (Racecourse Road) in Durbanville. The main function of the reunion will take place on Sunday, 20 December. Further details have not been finalised yet.

Contact Martin Schmidt at e-mail address therealdocmartin@hotmail.com for more information.

### CANTICUM NOVUM



Canticum Novum, vroeër bekend as die Studentekerkkoor, is vanjaar 50 jaar oud en hou 'n reünie op die naweek van 25 September (sien ook die artikel op bl. 31). Die naweek sluit die volgende in: 'n opvoering in die Kaapstadse Stadsaal in samewerking met die Kaapstadse Filharmoniese orkes (Donderdagaand, 24 September); 'n dinee by die Stal in Stellenbosch op die Vrydagaand; 'n optrede deur die huidige koor en 'n massa-koor die Saterdagaand in die Endlersaal; en deelname aan die Cultivaria-fees in die Paarl die Sondag. "Ons wil graag saam met huidige en oud-Canticumers die passie van die koor uitleef en ons liefde vir die Here en musiek deel," sê Annemieke Nel, organiseerder van die reünie-naweek.

Kontak Annemieke Nel by tel 083 595 1976 of per e-pos by mikamieke@gmail.com of 15086100@sun.ac.za vir meer inligting.

## Beste MatiesAlumni



'n Instelling se sukses is indirek aan die sukses van sy alumni gekoppel. Dit is 'n feit waarna ek by elke Alumni-geleentheid verwys. Ek hoor graag van julle hieroor en oor jul verwagtinge van jul verbintenis met die Universiteit Stellenbosch (US).

### Opname onder professionele mense

Verlede jaar het ons julle aangemoedig om aan 'n nasionale opname onder professionele mense in Suid-Afrika deel te neem. Hierdeur wou ons nie net bepaal hoe ons oudstudente tans met dié van ander instellings vergelyk nie, maar ook watter uitgebreide dienste julle van jul Alma Mater verwag.

Die Alumni-webportaal, www.matiesalumni.net, gee meer inligting oor die opname, maar ek gee graag terugvoering oor 'n paar kernaspekte van die opname.

Die meeste van die respondente in Suid-Afrika het uit MatiesAlumni bestaan en die gemiddelde ouderdom was 30 jaar. Dié 30-jarige oudstudent se salaris is hoër as die gemiddelde 30-jarige Suid-Afrikaner. Verder het 30% van julle wat aan die opname deelgeneem het, aangetoon dat julle graag 'n bydrae sou wou lewer tot 'n saak waarby ander sou kon baat. Dit is persentasiegewys hoër as die respondente van ander instellings.

In aansluiting hierby sou julle graag die volgende dienste van die US wou ontvang:

1. **Netwerkgeleenthede:** Sedert 2004 reël ons wêreldwyd netwerkgeleenthede wat die ideale manier is om sakenetwerke uit te brei en ook op hoogte van die nuutste ontwikkelinge by die US te bly.
2. **Loopbaanondersteuning:** Ons het gevind dat afgestudeerdes nie onmiddellik werk vind nie en het daarom 'n loopbaanportaal, by www.matiesalumni.net, geloods waar jy gratis jou CV kan plaas en kennisgewing kan ontvang wanneer maatskappye poste in jou veld adverteer.
3. **Sosiale netwerke:** Die volgende paar maande hou vele verrassings in!

Die opname het bevestig dat ons alumni in groot aanvraag by topmaatskappye is, aktiewe rolspelers in plaaslike gemeenskappe is en hul kennis wil terugploeg (waarop ons geweldig trots is), en by die US betrokke wil bly.

Dankie vir jul insette en terugvoering ná elke Alumni-geleentheid. Elke brief en e-pos word beantwoord. Sien julle Desember in die Bos!

**Groete**
**Heidi**

NS: Die Alumni-kantoor is druk besig om 'n onvergeetlike tyd in Desember vir MatiesAlumni te beplan. Hou die pos vir meer inligting dop. Stuur gerus vir my 'n e-pos na hoctober@sun.ac.za met drie aspekte van jou studentwees wat jou vir altyd sal bybly en jou na Stellenbosch sal terugbring. Dalk wen jy 'n gratis reis en verblyf vir twee!

* *The English version of Heidi's letter is online available at www.matiesalumni.net*

Oud-Maties figureer vanjaar prominent in twee besondere herdenkings op Stellenbosch. Die Teologiese Kweekskool vier sy honderd-en-vyftigste herdenking en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is vanjaar honderd jaar oud. Nie een van hierdie twee sierade sou dié mylpale bereik het as dit nie vir die Maties en oud-Maties was nie. In albei se geskiedenis tel hulle onder die pioniers en die vormgewers van Afrikaans as taal en van die Afrikaanse wêreld.

# TUSSEN DROOM EN DAERAAD



'n Foto uit die JJ Smith Versameling. Prof JJ Smith, Tobie Muller en Gordon Tomlinson verskyn op die foto. Die foto is getiteld: Redaksie van "Ons Moedertaal" (1914).

As jy deur die gange van die Kweekskool stap en na die ry op ry foto's van finalejaar tokkelokke kyk, dan sien jy eintlik 'n stuk van Suid-Afrika en die Afrikaanse gemeenskap se geskiedenis.

Op die Africana-afdeling van die JS Gericke-biblioteek se uitstalling gedurende Mei en Junie vanjaar ter herdenking van die honderd jaar verbintenis tussen Stellenbosch en die Akademie, is die Stellenbosse pioniers en die bouers van Afrikaans as kultuur- en wetenskapstaal uitgewys. Die Akademie sou nie tot stand gekom het as dit nie vir die Victoria Kollege was nie. Die Akademie sou nie die bydrae kon lewer wat hy gelewer het sonder die aktiewe rol van oud-Maties nie. Onder die Akademie se bekroondes is die oud-Maties 'n indrukwekkende versameling.

Toe die Victoria Kollege skaars 200 studente gehad het, het meer as honderd van hulle in 1907 die Afrikaanse Taalvereniging gestig en het Stellenbosch se studente by die taalkonferensie van April 1911 gepleit vir 'n Hollands-Afrikaanse universiteit.


Blaai jy deur die dokumente van die Kweekskool en die Akademie, leef die geskiedenis van Afrikaans en die Afrikaanse wêreld voor jou oë. Of dit nou Paul Roos, die eerste amptenaar van die Konvokasie is, of die treffende foto van Tobie Müller, JJ Smith en Gordon Tomlinson as jong nagraadse studente, of Langenhoven as student op Stellenbosch - dit is Maties wat alles feil gehad het vir Afrikaans se plek in Suid-Afrika. Hulle en die professore en dosente het nooit kon droom dat hulle die draers van die eerste Afrikaanse Renaissance sou word nie. Vandag eer ons hulle daarvoor.

Wie se foto's sal eendag vertoon word wanneer teruggekyk word na die huidige onstabiele situasie van Afrikaans in die onderwys in Suid-Afrika? Diegene wat nou as taalbulle en taalstryders afgemaak word, of hulle wat hande gevou gesit en toekyk het wat gebeur?

Die Konvokasie werk tans aan 'n skema om die werk van die pioniers voort te sit. Daarvoor doen die Konvokasie 'n beroep op oudstudente wat afgetree het: kom help met die opbou van die agtergeblewe Afrikaanse gemeenskappe onder alle bevolkingsgroepe. Kom bied u dienste aan om met onderwys in daardie skole wat nie op peil presteer nie te - veral met die onderrig van tale, wiskunde en wetenskap. Maar ook maatskaplike werkers, gemeenskapsgerigte mense, kan kom help met vrywillige opheffings- en versorgingswerk.

Waar die Maties en oud-Maties in 1907 kon droom, kan hulle in 2009 werk aan 'n nuwe daeraad.

**Pieter Kapp**
**President van die Konvokasie**


VAKANSIE AKKOMMODASIE BESKIKBAAR

Die Universiteit Stellenbosch stel elke jaar van vroeg Desember tot vroeg Januarie 'n wye verskeidenheid van bekostigbare studente-behuising as vakansie akkommodasie beskikbaar. Alle besoekers, vakansiegangers, toergroepe, klein en groot gesinne is welkom.

**Kontak Mathilda Bekaardt by 021 808 2895 of per e-pos by mbekaardt@sun.ac.za vir meer inligting.**

Caledon Villa
GASTEHUIS
★★★★

Vir akademiese uitruiling is die Universiteit daar.
Vir kulturele uitruiling is Caledon Villa daar!
Kom tuis by Bolandse gasvryheid - rustig naby die kampus, die historiese middedorp en die Eersterivier.



Neethlingstraat 7 · Stellenbosch 7600 · Tel/Faks: +27 21 883 8912
info@caledonvilla.co.za · www.caledonvilla.co.za

# KOM BELEEF WEER MATIELAND



Met meer as 120 000 alumni moet daar interessante en uiteenlopende herinneringe van studentejare op die Universiteit Stellenbosch se kampus wees. Hoe onthou jy Matieland?

Dalk onthou jy toe die Admin A-gebou die Carnegie-biblioteek was, of ken jy net die moderne J S Gericke-biblioteek onder die Rooiplein? Onthou jy die Neelsie se een kitskoshoekie - in by die draaihek vir *slaptjips* en uit by die kasregister verby? Vandag kan studente kies uit 'n groot verskeidenheid: van 'n bord ma-se-kos, pasteie en broodjies tot vrugteskommels (*smoothies*), soetrisse-en-hoendertjalies (*wraps*) en Thai-kerrie. C J Langenhoven sou beslis 'n paar spitsvondighede kwytgeraak het oor sy kosmopolitaanse *Mall*!

Wie onthou toe *Die Matie* se redakteur uit haar amp geskors is oor 'n hoofartikel wat destyds die aansteling van oud-President PW Botha as Kanselier bevraagteken het? Hoeveel onthou nog 'Gamat' se vrugtestalletjie in Victoriastraat en hoe vrygewig hy was met sy lenings aan studente en sy lewenswysheid? Wie sou raai dat Imam Ebrahim Hercules 'n geleerde in die Moslem-gemeenskap was – alombekend as Imam Braim?

Maar dalk onthou jy Matieland anders: as die plek waar jy destyds net met 'n spesiale vergunning kon studeer omdat jy nie 'blank' was nie; as die koshuis waar jy aan verkleinerende groepsaktiwiteite moes deelneem; as 'n geslote gemeenskap waar 'ander' mense nie warm ontvang is nie; as 'n instelling waar jy met moeite die lektor in jou tweede of derde taal kon verstaan; of as 'n leefwêreld waarvan jy uitgesluit is weens jou sosio-ekonomiese omstandighede.

Of jy klas 'gebank' het vir 'n stemmige potjie brug in die Neelsie, of vir 'n luidrugtige rondte domino's; of jy in jou studiejare net per formele afspraak jou studies met 'n dosent kon bespreek het; en of jy *Facebook* gebruik het om vir die dosent (én bykans die hele wêreld) te kenne te gee dat jou akademie effens ontspoor – as jy hier graad 'gevang' het, is jy deel van die groot Matie-familie, en lid van die universiteit se Konvokasie. Danksy hierdie verskillende studente-ervarings, verskillende standpunte, verskillende agtergronde, verskillende voorkeure en 'n wye spektrum kundigheid is die universiteit 'n ryk akademiese instelling.

Om te verseker dat die Universiteit relevant bly, het baie dinge moontlik verander sedert jy hier gestudeer het. Maar Victoriastraat, die akkerbome, Die Laan, die Ou Hoofgebou, die koshuisgemeenskappe en vriendskappe staan vandag nog. Kom beleef in Desember weer die kampus en laat jou stem hoor leur die Konvokasie, deur Matieland, by www.matiesalumni.net n op Facebook.

DESEMBER 2009

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |

'BOSCHFEES

KONVOKASIE-VERGADERING



## KONVOKASIE

Die jaarlikse Konvokasievergadering is in die verlede vroeg in November gehou. Vanjaar val die Konvokasie-vergadering vir die eerste keer saam met die week van gradeplegtighede op 10 Desember om dit vir meer mense moontlik te maak om dit te kan bywoon. Kuier daarna geselllig saam by die Rektorsonthaal!


Alle gegradueerdes en alle huidige en voormalige akademiese personeel is lid van die Konvokasie.



## SKRYF 'BOSCHFEES IN JOU DAGBOEK!

'n Alumnifees word beplan in die week van die Desember-gradeplegtighede om saam te val met die Konvokasievergadering op 10 Desember 2009. Sluit op pad see toe by vriende aan vir die makietie; kom 'n dag of twee vroeër of bly 'n paar dae langer as jy in elk geval 'n gradeplegtigheid gaan bywoon.

Hou die posbus, e-posmandjie en www.matiesalumni.net dop vir meer inligting oor die program. Enkele koshuise, soos bepaal deur die beplanning rondom die jaarlikse instandhouding, sal beskikbaar wees vir huisvesting. Maak 'n afspraak om saam met jou kamermaat, klasmaat of spang by die 'Boschfees te kom kuier.


*In an all Stellenbosch affair, the Maties (the University 1st team) beat their 2nd team, the Vics in the final of the Boland Premier Cricket League.*

# Maties cricketers *reign supreme*

**After a season of extremely hard work by management, coaches and players alike, Maties Cricket is finally where they should be: right at the top.**

The Steinhoff International Maties Cricket Club has made an immense come-back after their disappointing 2007/2008 season in the Boland Premier Cricket League. Last season neither the Maties nor the Vics (the University's second team) performed well in this prestigious league. However, during the 2008/2009 season, the whole picture has changed dramatically with Maties ending at the top of the league, and their Vics brothers in second place.

Things started to change for the club with the appointment of Roger Telemachus as the Maties team's new head coach in the middle of last year. During the first half of the season the two student teams quickly made it very clear to their competition that they meant business. The Maties students were on fire during the Boland Premier 20/20 competition, where both teams fought their way to the final. The two teams from the Steinhoff International Maties Cricket Club faced each other in the 20/20 final, without knowing that history would soon repeat itself in the Boland Premier 45-over competition. Vics delivered an extraordinary performance and was crowned 20/20 champions. After the match had initially ended in a draw, Vics managed to obtain their first 20/20 title by beating club mates Maties during the bowl-out. In the 45-over competition both teams again performed well week after week with consistent victories over rivals Stellenbosch en Distrikte, Van der Stel, Coronation, Hermanus, Easterns and Brackenfell.

After dismissing their entire competition match after match during the season, it was once again Maties against Vics in the final of the Boland Premier Cricket League. On Sunday, 29 March, all roads lead to Coetzenburg for this legendary final. Although Maties came out on top in the end, having both their teams in the final was the real victory for the club. "All credit must go to the players. When the going got tough, they stepped up and produced match-winning performances in all departments (batting, fielding and bowling). I am quite chuffed, but more so for the players. For the first year in this job, it is quite an achievement," said Maties coach Roger Telemachus.

Warren Kirsten, coach of the Vics, was a bit disappointed that his team did not perform better in the final, but all in all he was satisfied with the Vics's great season. "The achievement of getting the second team into the final is bigger than us losing the final. Our biggest challenge is to repeat what we did this season in the next season. We need to keep improving and continue growing as we have been doing throughout this season," Kirsten said.


As the Boland champions, the Maties team's next challenge is to make their mark in the 2009 National Cricket Club Championships, which will take place in Pretoria in September.

## kortsport


**Die eerste helfte van 2009 was, soos gewoonlik, weer vol hoogtepunte vir Maties Sport. Hier is van die US-sportklubs se trotse prestasies in 'n neutedop:**

Die **Matie-hokkieklub** word steeds as een van Suid-Afrika se primêre voedingsbronne vir die onderskeie nasionale spanne gebruik. Vyf Maties is in die SA-o.21-mansspan opgeneem, wat van 7 tot 21 Junie aan die Junior Wêreldbeker-toernooi in Maleisië en Singapoer deelgeneem het. Dit is die grootste aantal spelers in die geskiedenis van die klub om vir dié span gekies te word. Kurt Cerfonteyne, wat tans die afrigter van die Maties-manspan is, is ook gekies as die o.21-span se afrigter. Verder is vier Maties-vrouespelers ingesluit in die SA-o.21-vrouehokkie-span wat van 3 tot 16 Augustus aan die Junior Vroue Wêreldbekertoernooi in die Verenigde State van Amerika deelneem. Altesaam 12 Maties het ook hul plek vol gestaan in die SA-vrouespan wat Februarie aan 'n toetsreeks teen Duitsland op Coetzenburg deelgeneem het.

Roxanne Burns van die **Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede** het in April aan die volwaardige Suid-Afrikaanse Fietsrykampioenskappe (vir niegestremde atlete) in Bellville deelgeneem. Sy was die enigste fietsryer met 'n gestremdheid en sy het haar vorige persoonlike beste tye in die 500 m én in die 300 m verbeter. Haar klubmaat, 'n personeellid van die Universiteit Stellenbosch Sportprestasie-instituut (Supsi) en die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede, Ernst van Dyk, het in April die Boston-rolstoelmarathon vir 'n ongeëwenaarde agtste keer gewen.



*Janet Wienand (Foto: Eikestadnuus)*


*Robert Oosthuizen (Foto: Eikestadnuus)*

Op die **atletiekbaan** was Janet Wienand een van Maties se toppresteerders. By die 2009 Geelbladsye Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe op Coetzenburg het sy 'n 25 jaar oue Boland-rekord in die 400 m-hekkies vir vroue, wat in 1983 deur Bermien Oosthuizen opgestel is, na 56,23 sekondes verbeter. Robert Oosthuizen (spiesgooi) het ook goud by dié kampioenskappe verower.



# Maties wéér as Varsity Cup-kampioene gekroon

**Geen ander tersiêre instansie in Suid-Afrika kan kers vashou by Maties op die rugbyveld nie.**

Die Maties-rugbyklub het vanjaar weer bewys dat hulle kop en skouers uitstaan bo enige ander studentespan deur die gesogte Varsity Cup vir die tweede agtereenvolgende jaar te verower.

Die FNB Varsity Cup-kompetisie, aangebied deur Steinhoff International, is verlede jaar vir die eerste keer gehou om die agt sterkste tersiêre rugbyspanne in die land teen mekaar te laat kragte meet. Toe het FNB Maties reeds bewys dat hulle domineer deur die eerste wenners van dié taai, uitmergelende kompetisie te word.

Die toernooi se uitspeelwedstryde strek oor nege weke, waarna die halfeindstryd en die eindstryd plaasvind. Nie net beproef dit die jong spelers se vaardighede en liggaamlike vermoë nie, maar dit verg ook uitsonderlike karakter van die wenspan om oor so 'n lang tydperk konstant sy beste spel te lewer. Die meeste wedstryde is weekliks oor SuperSport uitgesaai, en het veral in Stellenbosch elke Maandagaand derduisende toeskouers gelok.

Maties het vanjaar se Varsity Cup op 4 Februarie afgeskop met 'n naelskraapse en ietwat gelukkige oorwinning van 12-10 oor hul aartsvyande, die Ikeys, op Groote Schuur. Hoewel die Ikeys hierna gesanik het dat hulle eintlik die wedstryd moes wen, het Maties-afrigter Chean Roux se spelers aangehou om enige kompetisie uit hul weg te vee. Oortuigende agtereenvolgende oorwinnings oor die Universiteit van Johannesburg (29-14), Shimlas (26-5), NWU-Pukke (31-10), Tshwane Universiteit vir Tegnologie (24-17) en die Nelson Mandela Metropoolse Universiteit (58-3) het gevolg. Eers in die laaste ronde van die kompetisie se uitspeelwedstryde op 16 Maart het Maties onverwags op hul tuisveld met 23-25 teen Tukkies vasgeval. Met 'n grootse poging, wat die span van Stellenbosch se karakter gewys het, het hulle egter in die daaropvolgende week (23 Maart) hul plek in die eindstryd bespreek deur die einste Tukkies-span met 28-14 te verslaan.

In die eindstryd op 18 Maart, met Kurt Darren wat die allemintige 18 000 toeskouers in 'n volgepakte Danie Craven-stadion kom vermaak het, het die Maties-rugbyspan die magtige Pukke met 11-6 getroef om wéér die trofee te lig.

Tydens die prysuitdeling ná die eindstryd was daar geen twyfel dat die 2009 Varsity Cup-kompetisie op álle gebiede aan die Stellenbosse studente behoort het nie. Die Maties-span is aangewys as die span wat gedurende die toernooi die beste "Rugby that Rocks" gespeel het, terwyl die Maties-skrumskakel, Donald Stevens, as die "Speler van die Toernooi" aangewys is.

Die kersie op die koek was Maties se Mej Varsity Cup-finalis, Jennifer Arlow, wat stof in die oë van die ander universiteite se skoonhede geskop het deur as Mej Varsity Cup 2009 gekroon te word.

For the second year in a row, Maties has won the Varsity Cup, presented by Steinhoff International. The Varsity Cup sees the top eight South African university teams competing for honours. In the finals, Maties defeated Pukke, the rugby team of Northwest University, with 11 – 6. The game was played in front of a capacity crowd in the Danie Craven Stadium.



## Vroue-rugby

Die Maties se vroue-rugbyspanne het in Mei aan 'n vroue-sewes-toernooi by die Universiteit van Wes-Kaapland deelgeneem. Die junior en senior span het die toernooi in hul onderskeie afdelings gewen – die senior span sonder om 'n enkele punt af te staan.

# Football Academy

## to take shape at Maties

**A top-class football-training facility, various community-development programmes and a team in the Premier Soccer League (PSL) – this humongous dream is finally within reach for Stellenbosch University (SU).**

***by Marli van Wyngaard***

After years of researching, planning and dreaming by the Maties Sport Bureau, the University has finally agreed to grant it a substantial amount of money to get its plans off the ground.

"It's the first time the University has committed to sport in such a way and agreed to fund one of our projects," says Ms Gugu Ntuli, Deputy Director of Sport and Acting Head of the SU Sports Performance Institute (Suspi).

Altogether R5.5 million has been granted for the building of a high-performance football academy at Lentelus – the sports fields next to the Helshoogte Road – and to run actual development programmes there for the next three years as a start.

Lentelus is owned by the University and is to a large extent underutilised. Although draft plans have been in the pipeline for more than a decade, a lack of sufficient funds has always stood in the way. But the wheel has finally turned.

"Besides the funds granted by the University, National Lotto has awarded us a further R2.9 million," says an ecstatic Ms Ntuli. "Of course we need much more to complete our project and we're still waiting on various corporate funders toa commit to it but at least we can start with the first phase now."

According to Ms Jackie Wiese, Director of Sport at Stellenbosch University, "commencement of the first phase will represent the realisation of a dream. The Maties Football Club is the third biggest sport club at the University, and yet it does not have its own dedicated facilities. In this regard the Lentelus project will constitute a huge asset not only for Maties Football, but also to the Stellenbosch community at large," she said.

According to Ms Ntuli, the overall development plan for Lentelus involves the building of two main full-size football pitches of international standard, the one grass and the other synthetic. Another half-size multi-use pitch with a different surface will also be built as well as two mini sand pitches. An office building and parking area also form part of the development plan.

"We are working very hard to get started and to have phase one of the development plans completed before the kick-off of the 2010 World Cup Football Tournament," says Ms Ntuli. Phase one includes the two mini pitches, the half-size pitch and the synthetic pitch.

Once the Maties Football Academy is established, it will focus on identifying talented youngsters in the Stellenbosch region and then on the development of their skills, including football skills, life skills and academic skills.

"We already have our junior programmes in place, with Maties football teams from under-9s to under-19s. We'll continue to give them more specialised training and to assist them with their academic careers. Our long-term plan for the Maties senior team is to build it into a team that can compete in the PSL and eventually earn an income there and make it self-sustainable," explains Ms Ntuli.

The Academy will therefore have its own professional flagship team but also extensive development programmes that it will run in association with Suspi and the Sport Bureau, the Maties Football Club and the academic leg of the University.

"We'll make use of the University's students to assists us in various youth and generic development programmes, focusing on life skills and on the development of especially young girls and children with disabilities," says Ms Ntuli. "We want to offer the complete development programme for football development in South Africa. We also hope to introduce more sports programmes, such as foot-volley, football against crime and, of course, five-a-side-football and futsal.

"This is the start of building a long-term professional football model, with international partners and scientists who endorse our programmes," says Ms Ntuli.

"Considering the widespread local talent, as well as the available infrastructure and expertise, there is no doubt that Stellenbosch will soon be on a path to becoming a power to be reckoned with within South African football," commented Ms Wiese.

According to Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, this initiative represents another milestone in a process that is aimed to fully utilise that potential of sport as an extremely valuable institutional asset of immense strategic importance. "It also represents the centre-piece of the contribution of SU to a lasting legacy of the FIFA Soccer Word Cup 2010."



*Artist's rendition of the planned Lentelus football stadium*



Foto: Hennie Burden, SSFD

### Nearly Vuvuzela time!

Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, officially kicked off the University's countdown to the Soccer World Cup Tournament in South Africa. The University, in conjunction with Stellenbosch Municipality, is part of an official bid to host one of the participating countries next year.

# Uiteindelik 'n sokkerklub met skop

**'n JARELANGE droom het waar geword vir Maties-sokkerklub.**

Ná 62 jaar se gesukkel, gestoei en geswoeg - op én van die veld - het Maties daarin geslaag om te kwalifiseer vir die gesogte Vodacom-liga. Hierdie liga is net twee vlakke onder Suid-Afrika se professionele sokkerliga, die Premier-liga (PSL), en is die verste wat Maties nog ooit kon vorder. Om hul Vodacom-ligastatus te kon verwerf, moes Maties die 2008/2009 SAFA Boland SAB-liga wen. 'n Maklike pad was dit beslis nie en Maties moes talle struikelblokke, sowel fisies as sielkundig, oorkom.

Selfs nadat hulle in die verwoede eindstryd van die SAB-liga met 1-1 gelykop gespeel het teen die sterk span van Mighty Five Star en sodoende bo aan die ligapunteleer geëindig het, het Mighty Five Star steeds alles in hul vermoë probeer doen om Maties se droom in die wiele te ry. Mighty Five Star het appèl aangeteken en gevra om 'n vorige wedstryd van hulle teen Double V United oor te speel. Dít nadat Mighty Five Star van die veld af gestap het omdat hulle gereken het die skeidsregter was onregverdig. Indien die klub se appèl sou slaag en hulle dié wedstryd sou wen, sou dit neusie verby vir Maties gewees het.

Die geluk was egter aan Maties se kant en hulle het hul welverdiende ligatitel verower.

Die volgende hoë hekkie wat Maties moes oorkom, was om by 'n uitspeel-toernooi in Mosselbaai teen ander Wes-Kaapse streekskampioene te speel. By dié toernooi is bepaal watter twee Wes-Kaapse spanne sou kwalifiseer vir die groot prys, naamlik Vodacom-ligastatus. "Dit het harde werk, beplanning en dissipline geverg vir die span om te kom tot waar hy nou is," het Mnr Garth le Roux, Bestuurder van Matiessokker, gesê. "Die spelers, afrigters en bestuursspan is egter almal bewus dat die onlangse sukses nog groter uitdagings in die nabye toekoms tot gevolg gaan hê, en ons is gereed daarvoor" sê Le Roux.

**Die klub se onmiddellike doel is om die Vodacom-liga te wen en uiteindelik bevorder te word tot die PSL – die hoogste liga in Suid-Afrika.**

Weer het Maties kop gehou en nie teleurgestel in uiters moeilike omstandighede nie.


Vir die eerste keer in die geskiedenis is die Universiteit Stellenbosch (US) se sokkerspan nie net die voorste sokkerspan in die Wes-Kaap op universiteitsvlak nie, maar kry hulle ook nou die aansien wat hulle verdien deur in 'n invloedryke liga mee te ding. Vir die hele klub is dit die vrugte wat hulle uiteindelik kan pluk ná baie jare se opoffering, beplanning en harde werk. Omdat sokker oor die algemeen as 'n 'kleiner' sport deur die meeste mense by die US beskou word, was dit eerstens nodig om persepsies te verander en daadwerklik te begin bou aan 'n sokkerklub met skop.

Die Maties-sokkerklub het sedert 2004 met 'n ontwikkelingsprogram begin waarby die hele gemeenskap van Stellenbosch betrek is. Bo en behalwe 'n indrukwekkende 46 koshuisspanne spog die ontwikkelingsprogram reeds met o.9- tot o.19-Maties-sokkerspanne, bestaande uit leerders en studente vanuit die hele gemeenskap. Vyf van die spelers wat nou in die Vodacom-liga vir die Maties-klub speel, kom uit dié junior ontwikkelingsprogram.

Verder lewer die Stellenbosch Universiteit Sport Prestasie Instituut (SUSPI) tans ook verskeie wetenskaplike en mediese dienste aan die klub - 'n verwikkeling wat 'n beduidende rol in die onlangse suksesse gehad het. Dienste sluit onder meer wetenskaplike toetsing, fisioterapie, behandeling van beserings, asook rehabilitasie in. Daar word gehoop dat hierdie vennootskap verdere sukses in die nabye toekoms sal oplewer.

Hoewel die belangstelling in sokker onder studente wel nog nie op dieselfde vlak is as die entoesiasme oor rugby en hokkie nie, behoort die klub se Vodacom-ligastatus vinnig meer ondersteuners en spelers te lok.

Die klub se onmiddellike doel is om die Vodacom-liga te wen en uiteindelik bevorder te word tot die PSL - die hoogste liga in Suid-Afrika. ■



*Akrobaties! Edmund Pietersen wys hoe dit gedoen word. Die doelwagter is Warren van der Merwe, albei speel vir die Maties Sokkerspan.*

After many years, Maties has finally managed to advance to the next league in South African soccer, the Vodacom League. This league is only two levels down from the coveted first league, the PSL. The success of the Maties team is the result of years of training, hard work, a development programme since 2004 and the professional input of the Stellenbosch University Sport Performance Institute (SUSPI).

# in memoriam

**Dr FG (Frederick) Backman** van Bellville (84). Verwerf die graad DEd(1991). Oud-skoolhoof van die Hoërskool Lückhoff(en later inspekteur van skole) en oud-Raadslid van die Universiteit Stellenbosch.

**Prof CJ (Johan) Barnard** van Pretoria (85). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1944) en MA (1949) aan US en DLitt et Phil aan Unisa (1970). Opeenvolgend verslaggewer by *Die Burger* (1944-1946), hoofgeskiedskrywer Afdeling Oorlogsgeskiedenis (1950-1958), kulturele attaché in Suid-Afrika Huis in Londen (1959-1961) en dosent in geskiedenis by Unisa (1962-1985), die laaste 15 jaar as hoogleraar. Veral bekend as skrywer van *Die vyf swemmers*, 'n ware ontsnappingsverhaal uit die Anglo-Boereoorlog.

**Mnr LP (Leon) Bartel** van Tygervallei (73). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die graad BComm (1956). Dien in verskeie rade en direksies waaronder Krygkor en Sanlam. In 1984 verkies as President van die AHI. Hy was ook Bloemfonteiner van die jaar en rekenmeester van die jaar. In 1985 was hy President van GRSA (SAICA). Hy is bekroon met verskeie toekennings.

**Ds S (Septimus) Boshoff** van Panorama Lodge (81). Verwerf die graad BA (1947).

**Mev JC (Juliana) Bouws** van Stellenbosch (99).

**Ds JMN (Johannes) Breedt** van Strand (89). Verwerf die graad BA (1941).



**Dr M (Maritz) Broodryk** (foto links) van Kleinmond (70). Verwerf die graad DPhil (1987).

**Mej ST (Susara) Bruwer** van Kaapstad (91). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die graad BA (1939). Was maatskaplike werkster in Pretoria, Bloemfontein, Kaapstad en Berlyn.

**Mr AV (Ashley) Buti** of Langa (25). Former resident of Helderberg. Obtained the degree LLB (2006).

**Mnr J (Jan) Cilliers** van die Strand (55). Verwerf die grade BA (1975), HonsB in Publieke Admin (1978) en M in Publieke Admin (1979).

**Mev AMS (Anna) Cloete (née Orlandini)** van Oakdale Est (95). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die graad BA (1934).



**Mnr HA (Hendrik) Collins** van Bloubergrant (72). Verwerf die grade BA (1958) en HonsBA (1961). Mnr Collins was werksaam by die Departement van Inligting (later bekend as die Suid Afrikaanse Kommunikasiediens) tot en met sy aftrede in Kaapstad as Streeksdirekteur in 1995. In hierdie tyd het hy en sy gesin 6 jaar in die diplomatieke diens in die VSA en Kanada spandeer.

**Prof JL (Jan) de Villiers** van Stellenbosch (87). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1941) en MA (1942). Bekende, geliefde en wyd gerespekteerde dosent in Nuwe Testament - beter bekend as prof Koekjan de Villiers. 'n Kleurryke figuur en 'n aktiewe en kreatiewe navorser en akademikus tot kort voor sy dood.

**Prof DI (Dirk) de Villiers** (foto links) van Stellenbosch (88). Verwerf die grade BSc (1940), MSc (1941), SOD (1942) en MEd (1945).

**Mnr AE (Arend) de Waal** van Vredendal (65). Oud-inwoner van Simonsberg. 'n Sakeman van Vredendal en dien in die direksie van Vredendal Wynkelders.



**Mev E (Elisabet) de Wet (née du Toit)** van Hennenman (79). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die graad BEd in Huishoudkunde (1950). 'n Afgetrede boervrou in Hennenman.

**Mev RC (Regina) de Wet (née Cilliers)** van Stilbaai (73). Oud-inwoner van Lydia. Verwerf die grade BA (1955) en SOD (1956). Was van die eerste inwoners van Lydia-koshuis en het op die Huiskomitee in 1956 gedien.

**Mev HJ (Hendrika) du Plessis (née du Plessis)** van Burgersdorp (91). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BA (1937) en Sert. Spraak (1938). Het onderwys gegee in Middelburg in die Oos-Kaap en is in Burgersdorp oorlede.

**Mnr DM (Denys) Earp-Jones** van Tokai (52). Verwerf die grade BIng (1981), Hons (B en A) (1989) en MBA (1990).

**Mr WC (William) Erasmus** of Melrose Arch (53).

**Mnr JA (Hannes) Esterhuyse** van Kaapstad en Switserland (36). Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf die graad BIng (1994).

**Dr JDPP (Jan) Ferreira** van Stellenbosch (54). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die grade MA (1981), DPhil (1987), BA (1975), HonsBA (1978) en LisTeol (1979)

**Mnr JS (Jan) Fourie** van Hermanus (81). Oud-inwoner van Helderberg.

**Mej E (Eugenie) Fraser** van Bloemfontein (83). Bekende inwoner van Bloemfontein. Hou skool by die Laer Meisieskool Eunice en later dosent aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege.

**Mej EJ (Elsie) Geldenhuys** van Bellville (58). Verwerf die LDipl in Bibl (1972).

**Mnr T (Theo) Gericke** van Hartenbos (84). Verwerf die graad BA in Maatskaplike Werk (1945).

**Mr DJ (David) Gevisser** of Craighall (82). Obtained the degree BScForestry (1949). Described as a warm and empathetic person. An industrialist and public figure As a passionate conservationist, Gevisser dedicated a lot of his time to the expansion and conservation of forestry in South Africa. As well as being national chairman of the SA Institute of Race Relations and a trustee of the Market Theatre he was chairman of the State Forestry Company and oversaw the privatisation of state forests. Gevisser is also credited with the advancement of genetic tree breeding in South Africa today. In his retirement Gevisser obtained a masters of studies in historical research from Oxford University. His dissertation was on Stalin and Hitler.

**Mnr JG (Johann) Giliomee** van Bredasdorp (84). Verwerf die grade BSc (1946) en BSc Ing (1948).



**Mej E (Eulanie) Gouws** van Century City (24). Oud-inwoner van Nerina Verwerf die grade BRek (2006) en HonsBRek (2009). Sluit aan by PWC vroeër vanjaar as Rekenmeester in die Versekeringsafdeling. Word onthou vir die manier hoe sy gelewe het en haar siekte hanteer het.

**Prof EH (Earle) Graven** van Gouda (77). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc in Landbou (1952) en MSc Agric (1957).

**Mrs JMN (Jenny) Grosskopf (née Brune)** of Newlands (76). Former resident of Harmonie. Obtained the degree BSc (1953).

**Mnr PDK (Pieter) Hagen** van Strand (79). Verwerf die grade BA (1948), MA (1951) en SOD (1951).

**Mnr DC (Nil) Hauptfleisch** van Stellenbosch (82). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1946) en MA (1953). Hy was van 1981 tot 1991 Hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse taal en was met sy aftrede meer as 33 jaar in diens van die WAT. Na sy aftrede het hy saam met Leon de Stadler en wyle Pieter Harteveld *Woordkeusegids - 'n Kerntesourus van Afrikaans* saamgestel. In 1995 is hy met 'n erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer vir sy leksikografiese werk.

**Mnr JH (Johan) Hauptfleisch** van Melkbosstrand (84).

**Mev AS (Aurora) Jolly (née Minnaar)** van Somerset-Wes (72). Former resident of Lydia. Obtained the degrees BA (1957), HonsBA (1959) and SOD (1960). Taught at the Faure Reformatory for Girls from 1960-1961 before becoming a home executive. Well-known for her lovely gardens.

**Mnr CA (Cornelius/Joep) Joubert** van Dundee (89) Studeer Landbou aan die US en speel rugby vir die Maties

**Dr W (Walter) Kamba** of Zimbabwe (75). Ontvanger van 'n eregraad in 2000. Gerespekteerde wetsgeleerde en eerste Visekanselier van die Universiteit van Zimbabwe. Medeskrywer van die Grondwet van Zimbabwe en hoogleraar aan universiteite in die VK en Suider-Afrika.

**Dr IHR (Ivor) Kilian** van Leraatsfontein/Witbank (67). Oud-inwoner van Hombré. Verwerf die grade BTh (1968), LisTeol (1968), MTh (1972) en DTh (1976). Emeritus Leraar van die NG Kerk Witbank Klipfontein.

**Dr T (Theodorus) Klompje** van Paarl (80). Verwerf die graad MMed (1967).

**Mnr BE (Blaise) Koch** van Kaapstad (56). Dosent aan die US. Bekende in teaterkringe, vir TV-produksies, en as regisseur. Het ook bekendheid verwerf as MIV/Vigs-aktivis en spreker. Wenner van 'n verskeidenheid toekennings

**Prof RG (Ryno) Kriel** van Bloemfontein (83). Verwerf die grade DPhil (1955) en MEd (1959). Hy was Hoof van die Departement Sielkunde aan die Universiteit van die Vrystaat en betrokke op plaaslike en nasionale vlak by verskeie organisasies wat betref kultuur, sport, die Nasionale Beroepsveiligheidsvereniging (NOSA) en die SA Weermag se Verliesbeheereenheid 'n Aantal jare was hy stadsraadslid en ook Burgemeester van Bloemfontein.

**Mnr JC (Lampies) Lamprecht** van Namibië (66). Oud-inwoner van Hombré. Verwerf die graad BSc.BIng (1966).

**Mnr LN (Lynville) Leukes** van Vredendal (31). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf die graad BSc (1999).

**Mnr BD (Barnie) Lombard** van Potchefstroom (88). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BA (1940) en BEdPH (1944). Dosent aan die Onderwyskollege Potchefstroom (1945 - 1981).

**Mej M (Marilize) Louw** van Citrusdal (27) Oud-inwoner van Serruria. Verwerf die graad BComm (2002).

**Mnr PJ (Piet) Louw** van Bellville (61). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BComm (1970), Hons (B en A) (1975) en MBA (1975).

**Mev E (Elza) Louw (née Marais)** van Stellenbosch (51). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BSc (1966), HonsBSc (1968) en MSc (1969).



**Ds GJN (Gerrit) Maass** van Worcester (87). Verwerf die graad BA (1944). Ds Maass bedien NG Gemeentes Leipoldtville, Vredendal en Riviersonderend. Baie jare Skriba van die Ring van Caledon en SKDB van die NG Kerk.

**Mev AJJ (Lettie) Malan (née Neethling)** van Lynnwoodrif (92). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die graad BA (1936). Werk as vertaler en later privaatsekretaresse van mev Maria Malan, eggenote van DF Malan vanaf 1948-1954.

**Dr CHB (Christopher) Marlow** van Cradock (74). Verwerf die graad MScAgric (1983) Hy was vir 53 jaar veearts in Cradock en het veral diep spore in die perdebedryf getrap. Het in die sewentigerjare baie betrokke geraak by volbloedteling In 1986 is 'n toekenning vir kliniese voortreflikheid deur die SA Veeartsvereniging aan hom gemaak. Hy was ook een van die dorp se bekendste tennisspelers

**Mev MM (Maria) Martin (née Blaauw)** van Saxonwold (62). Oud-inwoner van Irene. Verwerf die grade BSc (1967) en SOD (1968).

**Mnr JC (Johannes/Jan) Martins** (foto links) van Bronkhorstspruit (64). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die graad BSc in Landbou (1970).

**Mnr JCM (John) McDermot** van Faerie Glen (63). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BA (1966)

**Mev ME (Mercia) Mostert** (née Raubenheimer) van Stellenbosch (69).

**Ds JR (Johan) Müller** van Bellville (51). Oud-inwoner van Majuba. Verwerf die grade BTh (1980), LisTeol (1981) en MTh (1987). Dien in die Huiskomitee van Majuba.

**Mev AM De K (Alta) Nieder-Heitmann (née Badenhorst)** van Somerset-Wes (86) Oud-inwoner van Monica Verwerf die grade Sert in Spraak (1942), BA (1943) en SOD (1944).



**Mnr BL (Barnie) Nolte** van Stellenbosch (63). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade Bcomm (1968) en HonsBComm (1969). Mnr Nolte het na sy studies hom by die Rupert Groep aangesluit waar hy vir 26 jaar lank in bemarkingsbestuur by verskeie afdelings dwarsoor die wêreld gewerk het. Word onthou vir bydrae as direkteur van Stellenbosch Boerewynmakery, waar hy in 2000 afgetree het. Na sy aftrede het Nolte hom toegespits op sy passie, tuinmaak en die kweek van orgideë. Was altyd op soek na nuwe uitdagings en het in die tyd ook 'n graad in eiendomswaardering verwerf.

**Mnr CE (Carl) Olen** van Zimbabwe (78). Verwerf die graad BSc in Landbou (1951).

**Mnr AV (Abraham) Oosthuizen** van Aliwal-Noord (87). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1942), SOD (1943) en MA (1945).

**Mnr FF (Frank) Pratt** van Wildernis (80). Verwerf die grade BSc (1948) en MSc (1951).

**Ds JLDP (Jean) Raath** van George (77). Oud-inwoner van Dagbreek Verwerf die graad BA (1950).

**Sir AEP (Albert) Robinson** van Johannesburg (93). Gebore in die VK en studeer in die Regte aan die US Studeer ook in die VK en dien later in die Parlement in SA en neem standpunt teen Apartheid in. Werk ook vir die Britse regering in die ou Rhodesië. Met sy terugkeer na SA dien hy onder meer as raadslid van die Anglo-America Mynmaatskappy en reis wereldwyd.



**Mev EP (Estelle) Roelofse (née van Pletzen)** (foto links) van Uniedal (58). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die LDipl in Bibl (1971).

**Mnr MC (Tienie) Roos** van Durban-Noord (80). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BCom (1956).

**Mnr S (Steyn) Schoeman** van Hermanus (18).

**Mev MH (Marie) Serfontein (née Fourie)** van Pietersburg (86). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die grade BCom (1942) en SOD (1943).

**Mnr LHE (Louw) Smit** van Brandwag (46). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BIng (1984) en MIng (1986).

**Mev HA (Helene) Steenkamp (née Hugo)** van Namibië (61). Oud-inwoner van Irene. Verwerf die graad BA (1967) en SOD (1968).

**Ds JDH (Johan) Steytler** van Danhof (88). Oud-inwoner van Dagbreek Verwerf die grade BA (1940) en BD (1944). Bedien 30 jaar lank die kerk in Malawi (toe Njassaland). In 1945 begin hy op Mlanda waar hy Chichewa moes leer en wye ondervinding opgedoen. Hy was ook later dosent aan die teologiese skool op Nkhoma en het sy bediening in Malawi as Bybelvertaler afgesluit. Vanaf 1974 bring hy vir 10 jaar die Evangelie aan mynwerkers in Orkney.

**Mnr LF (Louis) Stofberg** van Lynnwoodrif (81). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BCom (1947) en LLB (1952).

**Dr JH (Johannes) Theart** van Durbanville (65) Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die grade BSc (1963) en MBChB (1970).

**Dr CG (Christiaan) Theron** van Upington (70). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die grade BSc in Landbou (1961) en MScAgric (1961).

**Mnr F (Ferdi) Theron** van die Strand (71). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1958), SOD (1960) en BEd (1972).

**Dr JC (Johan) Thom** van die Strand (82) Verwerf die graad MMed (1965).

**Mnr AH (Albert) Tickner** van Springbok (88).

**Ds DF (David) van der Merwe** van die Strand (88). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1941) en MA (1944).

**Mev AM (Maretha) van der Merwe (née O'Neill)** van Winklespruit (61). Oud-inwoner van Huis ten Bosch en Minerva. Verwerf die graad BA (1968) en SOD (1969). Dien as primaria van Huis ten Bosch.

**Prof APJ (Andries) van der Walt** van Stellenbosch (68).

**Mnr GJ (Gys) van der Westhuizen** van Somerset-Wes (80). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1948).

**Mnr WJM (Wessel) van der Westhuizen** van Brackenfell (90). Verwerf die grade BSc in Landbou (1941) en SOD (1941).



**Mnr J (Jan) van Eck** van Kenilworth (65). Verwerf die grade BA (1964), SOD (1965) en HonsBA (1966). Gebore in Nederland. Hy was 'n gesoute politikus en sleutelonderhandelaar in die Burundi-vredesproses. Vir etlike jare het hy Claremont en Kaapstad in die parlement verteenwoordig Van Eck het sy politieke loopbaan in die laat jare sewentig begin en was in die jare tagtig 'n LP vir die PFP en later ook in die DP. In 1994 is hy terug na die parlement waar hy vir vyf jaar as ANC-LP gedien het.

**Prof GL (Gerrit) van Heerde** van Bellville (77). Verwerf die graad M in Stads- en Streekbeplanning (1969).

**Dr HR (Roelie) van Huyssteen** van Stellenbosch (91). Verwerf die Dipl in Beroepsgeneeskunde (1977) Op Harrismith het hy 'n baie aktiewe rol in veral die musieklewe gespeel. Hy was kerkorrelis in die Moedergemeente en 'n stigter van die Drakensberg Afrikaanse Amateurtoneel- en Musiek- vereniging Hy het verskeie kantates uitgevoer en toneelstukke op die planke gebring. Dr van Huyssteen was ook 'n aktiewe skaakspeler. Hy en dr Reinard Straszacker het van 1946 vir 53 jaar altesaam 112 rondes korrespondensie-skaak gespeel waardeur hulle 'n rekord volgens die Guinness Book of Records behaal het. Hy was tot en met sy aftrede hoof mediese konsultant by Sanlam.

**Mnr HC (Hendrik) van Niekerk** van Parow-Noord (74). Verwerf die Dipl DOSK (1972).

**Mnr JG (Jan) van Schalkwyk** van Helderberg (71). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc.BIng (1962)

**Mrs ES (Elwen) Van Schouwen** of Hermanus (68). Former resident of Huis de Villiers Obtained the degree BA (1960). Completed a diploma course in Modern French Literature in Sorbonne, France in 1961. Joined the SABC as bilingual continuity presenter with Springbok Radio in 1963 and worked as an announcer at Highveld Radio and Radio Good Hope. Active in broadcasting educational programmes and received an Artes Award in 1978 as newsreader.

**Adv E (Ebenezer) van Zijl** van Namibië (77). Verwerf die grade BA (1953) en LLB (1955).

**Mnr JHM (Jan) van Zyl** van Somerset-Wes (84). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1943).

**Mej SM (Susan) van Zyl** van Strand (85). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BA (1944). Werk 'n hele paar jaar as personeellid van die eertydse Carnegie-biblioteek.

**Mnr KD (Ken) Veary** van Ansfrere (86). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BSc in Landbou (1949).

**Mej CI (Karlientjie) Visagie** van Volksrust (22) Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die graad BSc (2007).

**Mnr WAL (Willem) Visagie** van Stellenbosch (67). Verwerf die grade BSc (1962), HonsBSc (1964), SOD (1964), BEd (1982) en MEd (1986). Hy was viserektor van Paul Roos Gimnasium en ook inwonende koshuisvader van Prima Nova. Hy het ook later superintendent van albei koshuise geword. Hy het die oud-skoliere unie op 'n gesonde basis gekry en fondse opgebou. Aanvaar in 1986 die hoofskap by Hoërskool Tulbagh. Na sy aftrede in 1993 kom hy terug na Stellenbosch toe. Vir die afgelope 10 jaar was hy by die US betrokke as laboratorium-assistent vir eerstejaars se praktiese sessies in chemie.

**Mnr BPB (Gerrit) Visser** van Durbanville (86). Verwerf die grade SOD (1945) en BA (1946).

**Mnr AJJ (Abraham) Visser** van Wingate Park (83). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1947), SOD (1948) en BEd (1961). Gee onderwys in die Boland, daarna aan die Universiteit van Durban-Westville, die Onderwyskollege in Graaff-Reinet en ook die Technikon Witwatersrand. Word inspekteur vir tale by Nasionale Opvoeding (1976) en adjunkdirekteur van Onderwys in die destydse Suidwes-Afrika (1980) en tree af as voorsitter van die Keurraad by Nasionale Opvoeding Hy publiseer sewe digbundels en sy werk word opgeneem in 'n twintigtal bloemlesings, waaronder een ook in Nederland.

**Mnr CK (Carel) von Molendorff** van Wellington (70).

**Dr CZ (Charl) Vorster** van Moreleta Plaza (64). Verwerf die graad MB ChB (1967).

**Mnr I (Vic) Vosloo** van Highveld (67). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1961).

**Mnr CL (Carel) Vryenhoek** van Robertson (53). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die graad BAgricAdmin (1987).

**Dr SW (Schalk) Walters** van Kleinmond (76). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die grade BSc (1955), SOD (1956), BEd (1960) en MEd (1964). Hy was Direkteur van Onderwys van Kaapland tot en met sy aftrede. Hy het ook 'n 1989 'n ere-professoraat van die US ontvang vir die Walters-verslag.

## STUUR INLIGTING ASB SÓ

*Matieland* huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig volledige inligting. Dit sluit in volle name, noemnaam, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop person oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n bondige beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is.

Stuur asb. die inligting aan: Me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.

# Dis nooit te laat om 'n bende te stig nie

**Het jy ook aan 'n bende behoort toe jy klein was? Dit nooit te laat om een te stig en avontuur in jou én ander se lewens terug te bring nie!**

'n Groep vriende wat jy van die rusbanke af opkry om te gaan kamp, tel ook as 'n bende! Jy kan 'n boekklub begin, saam met 'n paar vrinne leer houtwerk doen, as 'n groep gesinne saam 'n gemeenskapsprojek aanpak, as 'n klompie besigheidsmanne en -vroue 'n universiteitsbeurs skep, om bloot mense in jou vriendekring in te trek of 'n mammas-langs-die-sportvelde ondersteuningsgroep te stig - dit tel ook as bendes. Buitendien is die stamwoord van bende tog bind - om mense saam te bind. Wanneer laas het ons die bure oorgenooi vir roereiers op *toast*?

Kleintyd was ek versot op die *Uile van Kranskop*-boeke deur Cor Dirks. Dit vertel die avonture van vyf skoolseuns wat 'n bende, die Uile, gestig het en een avontuur na die ander beleef het. Ek het die reeks seker drie keer gelees - tot in die oggendure met 'n flits onder die kombers sodat my ma moet dink ek slaap salig vas.

Geïnspireer deur avontuur, geheimhouding en ewige trou aan jou bendematers het ek toe my eie bende op die been probeer bring.




Eerste op die lys was om 'n naam en simbool te kry wat vrees sou inboesem. Ek het gedink 'n spinnekop is vreesaanjaend genoeg en omdat my broer Spiderman *comics* gelees het, kon ek redelik maklik 'n skildwapen bekom. As ek reg onthou, was hy nie te opgewonde oor sy versnipperde *comics* nie. As dit nie kon werk nie, was daar altyd die Fanie en Melanie skooltaakbylaag in die *Huisgenoot* waaruit jy 'n harige tarantula kon knip.

'n Bende moet ook 'n geheime fort hê, maar hiervoor sou ons kamers kon deug. Dié het alreeds soos 'n rowerspelonk gelyk. Perfek.

Tot hier het dit goed gegaan met die Spinnekopbende.

Waarmee dit so bietjie gekners het, was om bendelede te kry wat ewige trou sou sweer. In my buurt was daar drie voor die handliggende kandidate, maar Pieter en sy broer (natuurlik skuilname - die Spinnekoppe praat nie uit nie), was nie baie geïnteresseerd nie en Hendrik, wel, hy was nie die bendesoort nie. En om meisies toe laat? Aikôna!

Daar was ander skoolmaats met die nodige karakter en inbors, maar te ver oor berge en dale per fiets vir 'n nood bendebyeenkoms sou nie werk nie. (Ek het in Kwazulu-Natal grootgeword - daar is nét berge en dale). Jy sou poegaai wees net om bymekaar uit te kom. Wat nog te sê van geheime bende-operasies teen 'n vyand uitvoer?

Kom ek volstaan maar daarmee dat 'n meer gepaste naam vir my bende Die Spinnekop sou wees. Moenie lag nie, daar is voordele verbonde aan 'n eenmanbende - die bywoningsregister word teen rekordspoed voltooi en geheimhouding kan met 'n groter mate van sukses afgedwing word.

'n Bende wat gesag wil afdwing móét 'n geheime groet hê. Die Uile van Kranskop het twee vingers opgehou en dit dan so effens vooroor gebuig. Ek kan nie onthou of ek ook 'n groet uitgedink het nie, maar as ek nou daaroor nadink sou 'n armpie in die lug om 'n tentakel van 'n spinnekop na te boots seker nie gewerk het nie, want die Juffrou sou waarskynlik gedink het ek wil kamerverlaat.

'n Goeie bende moet natuurlik ook 'n geheime en gekodeerde skrif hê, maar daai tyd was daar nie persoonlike rekenaars nie en dit sou maar gebars het om "Ons kry mekaar 3-uur by die groot boom in die park - bring koekies en 'n graaf", in triplikaat in 'n geheime skrif te skryf. Dalk sou dit net makliker wees om dit langpouse vir elke ou te sê.

'n Beproefde resep is om jou boodskap in suurlemoensap te skryf en as dit dan teen kerslig gehou word, kan mens dit lees. Die kans om jou eie kamer af te brand moet egter nie buite rekening gelaat word nie.

So het die Spinnekopbende 'n kortstondige bestaan van omtrent twee dae gehad.

Tog het iets van die Uile van Kranskop en die drome en ideale van die Spinnekopbende in my bly voortleef en ek het bly droom van 'n dag wat ek my eie bende na glorie sou lei. En daardie dag het toe wel aangebreek - meer as twintig jaar later.

Dit het begin met die aansluiting van my eerste bendelid, maar in die proses moes ek 'n verraderlike daad pleeg - om 'n meisie te laat aansluit. Hoewel effens teësinnig neem my vrou tog soms aan bende-aktiwiteite deel. Die twee mees getroue en entoesiastiese lede het enkele jare daarna via natuurlike aanwas gekom. My twee seuns.

My seuns sal eendag hul eie bendes gaan stig, maar ek hoop dat ek tot dan genoeg avontuur sal kan verskaf en by hulle 'n lewenslus sal kan aankweek wat myne vêr in die skande sal steek.


Baie sterkte met jou bendes en die avontuur wat jy in ander se lewens kan bring.

Tot volgende keer!
**Martin**

Ns. Ja, my huidige bende het 'n geheime groet. Maar dis ons geheim.

## Iets op die hart?

Skryf gerus aan my by media@sun.ac.za of by Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602. Die faksnommer is (021) 808 3800.


SUN MeDIA is 'n geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialis-verskaffer van uitgewers- en drukkersdienste vir die hoër onderwysmark en die privaatsektor.
SUN MeDIA is an integrated content manager and specialist supplier of publishing and printing services for the higher education market and the private sector.
SUN MeDIA
STELLENBOSCH
PRINT
PUBLISH
DESIGN
imPRESSive inDRUKwekkend
3076 Matieland 7602 +27 21 808 2401 +27 21 808 2626
africansunmedia@sun.ac.za www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za

la Clémence


by Stellenbosch

*Koester Jou Aftrede!*

## LA CLÉMENCE IN BEELD

Die bekendstelling van *la Clémence*, die luukse leefstylontwikkeling aan die oewer van die Blaauwklippenrivier, het op 17 November 2005 plaasgevind. Vanuit die staanspoor is die potensiaal van hierdie geleentheid tot aftrede aangegryp en het verkope teen 'n verstommende spoed plaasgevind.
Dit is nou vier jaar later en met trots kan die *la Clémence*-droom in beeld vergestalt word:

Die indrukwekkende **ingangspoort met 24-uur sekuriteit** lei jou na die uitsonderlike leefstyl van die inwoners van die **114 huidig verkoopte** wonings.



**Die toegang na *la Clémence***

Die besoeker word deur kleurryke landskapering verras terwyl ware gelukkige inwoners opvallend is.




**Met trots hurk Juliet Oosthuizen hier voor haar spogtuin, terwyl die warm kleure haar tuiste se binnekant weerspieël.**

'n Beter getuigskrif as die woorde van Annelie Conradie (inwoner) is onnodig: "Ek is só gelukkig in *la Clémence* soos nog nooit tevore in my lewe nie ... ek is deur 'n Hoër Hand hierheen gestuur".

### Wat dra by tot hierdie geluksaligheid?

- Totale finansiële gemoedsrus.
- 'n Ontwikkelaar met langtermyn-betrokkenheid!
- Die Uitvoerende Bestuur funksioneer met kundige oorgawe.
- Geréélde sosiale interaksie.

Die uitleg van *la Société*, die Klubhuis, leen hom daartoe dat daar verskeie vergaderruimtes bestaan: 'n gesellige sitkamer met kuierhoekies en knetterende kaggels, daarbuite die koel swembad-water wat lok en dan is daar ook die aangrensende kuierarea met omringende glasvensters en -deure ... met die trappe af is die "ondergrondse" *le Donjon* met sy grootskermtelevisie, 'n ware onthaalfasiliteit.



***la Société*, "gebou op rots" - Fotograaf Dawid Botha**



Middagetes in *la Clémence* is 'n geleéntheid: tussen die mooi van die natuur, keurige binneversiering, kleurvolle tafels, onverbeterlike diens en professioneel voorbereide kos word hier gekuier, ontspan en geniet!

- 'n Gemeenskapsuster is alreeds diensdoende.
- Die inwoners is BETROKKE en gee werklik om vir mekaar!

**En dan, die HOOGTEPUNTE:**

**Die ULTRA MODERNE GESONDHEIDSORGSENTRUM NADER VOLTOOIING!**



Eersdaags voltooi! Die *la Clémence* Gesondheidsorgsentrum

Met Oktober 2009 as die beplande inhuldigingsmaand, sal die 18 bed-**Versorgingsentrum**, toegerus met die nuutste tegnologie, se deure onder kundige bestuur oopswaai. Daar sal 24-uur Verpleegsorg beskikbaar wees, terwyl ook voorsiening vir ál die versorgingsvlakke gemaak word.
Nog meer! Twintig eksklusiewe **Bystandsuites** (verkoop volgens die lewensregbeginsel) word eersdaags bemark. Ongekende kundigheid is hier verbind tot 'n produk wat jou sal aangryp! **'n Waglys is beskikbaar!**

### GELEENTHEDE IN DIE SPOG FINALE FASE WINK!

Boomryk! Verlengde tuine tot teenaan die rivierstroompie! Die mooi van die Blaauwkliprots word hier ervaar! 'n Paar eksklusiewe alleenstaande wonings met spesiale ontwerpe is beskikbaar! Duur addisionele elemente word by die koopprys ingesluit!

- Bewese groei in beleggingswaarde!
- Voltooide wonings beskikbaar!


Naomi 084 687 5823
Nicholas 083 954 6689
Kantoor 021 880 0250
Webwerf www.laclemence.co.za

Vir meer inligting oor die Gesondheidsorgsentrum:
Verna 084 900 1778


Design by www.gstudio.co.za